



Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

2025

Algemene Reëls

Jaarboek, Deel 1

Let daarop dat die Universiteit in Augustus 2023 die Engelse naam vir die Jaarboek, naamlik "Calendar", amptelik na "Yearbook" verander het. Die nuwe naam het onmiddellik in dokumente en kommunikasie van die Universiteit in werking getree en word vanaf die 2024-jaarboek ook in al die Jaarboekdele gebruik.

Wysigings, Aanspreeklikheid en Akkuraatheid

- Die Universiteit behou hom die reg voor om te eniger tyd wysigings aan die Jaarboekdele aan te bring.
- Die Raad en die Senaat van die Universiteit aanvaar geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat in die inhoud van Jaarboekdele mag voorkom nie.
- Alle redelike sorg is egter gedra om te verseker dat die Jaarboekdele die tersaaklike inligting wat met publikasies gaan beskikbaar was, akkuraat en volledig weergee.

Waar vind ek die Jaarboekdele?

- Die elektroniese weergawes van die Jaarboekdele is by www.sun.ac.za/jaarboek beskikbaar.
- Deel 1 tot 12 is in Afrikaans sowel as Engels beskikbaar. Krygskunde (Deel 13) is slegs in Engels beskikbaar.

Die verdeling van die Jaarboek

- Die Jaarboek is in 13 dele verdeel.
- Deel 1, 2 en 3 van die Jaarboek bevat algemene inligting wat op alle studente van toepassing is. Jy word versoek om jou veral te vergewis van al die bepalings in Deel 1 van die Jaarboek wat op jou van toepassing is.
- Deel 4 tot 13 van die Jaarboek is die fakulteitsjaarboekdele.

Deel	Jaarboek
Deel 1	Algemene Reëls
Deel 2	Beurse en Lenings
Deel 3	Studentegelde
Deel 4	Lettere en Sosiale Wetenskappe
Deel 5	Natuurwetenskappe
Deel 6	Opvoedkunde
Deel 7	AgriWetenskappe
Deel 8	Regsgeleerdheid
Deel 9	Teologie
Deel 10	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Deel 11	Ingenieurswese
Deel 12	Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe
Deel 13	Krygskunde

Beleide en verwante inligting kan by die volgende skakels gevind word:

Koshuisplasing: Bestuursriglyne vir die toepassing van die plasingbeleid vir die 2023-inname van studente	https://www.sun.ac.za/english/maties/Documents/Bestuur sriglyne%20vir%20toepassing%20van%20plasingbeleid.pdf
Parkering en die registrasie van voertuie	https://www0.sun.ac.za/sustainability/pages/dienste/vervoer/parkering/bepalings-en-voorwaardes.php
Kopiereg/Outersreg op die US-kampus	https://www.innovus.co.za//afrikaans-investing-with-innovus/afrikaans-intellectual-property-2/afrikaans-copyright.html

'n Lys van ander kernbeleide en -regulasies wat op jou as student van toepassing is en op www.sun.ac.za/sunrekords beskikbaar is, word hieronder verskaf. Let asseblief daarop dat hierdie lys nie volledig is nie, maar eerder aanduidend.

- Toelatingsbeleid
- Assesseringsbeleid- en Praktyke aan die US
- Ouditspoorrekordhouding en -monitering
- Beurse en Lenings met betrekking tot Diskriminerende Kriteria
- Kommersiële Ontginning van Intellektuele Eiendom
- Konflik van Belange
- Beleid oor Gestremdheidstoegang
- Dissiplinêre Kode vir Studente van die Universiteit van Stellenbosch
- Elektroniese kommunikasiebeleid
- Regulasies vir Elektroniese Identiteitsbevestiging
- MIV/VIGS-beleid vir Studente en Personeel
- Identiteit- en Toegangsbestuurbeleid
- Informasiesekuriteitsregulasies
- Interimtoegangreëls
- Interne en Eksterne Moderering en die Afhandeling van Uitslae
- Internetdienste
- IT-eindgebruiker- en Mediaregulasies
- Gesamentlike en Dubbelgrade op Magister- en Doktorale Vlak met Buitelandse Universiteite
- Taalbeleid
- Bestuur van Ondersteuning om die Akademiese Sukses van Topatlete te verseker
- Naamgewing en Vernoeming van Geboue, Lokale en ander Fasiliteite en Persele
- Voorskrifte oor Wagwoorde
- Plasing in Studentebehuising en Indeling in Pendelstudentegemeenskappe
- Plagiaatbeleid ter ondersteuning van Akademiese Integriteit
- Nadoktorale Genote aan die Universiteit van Stellenbosch
- Aanbieding van Kortkursusse aan die Universiteit van Stellenbosch
- Voorkoming van Nepotisme
- Privaat Telefoonoproep en Internetgebruik
- Bevordering van Wapenvrye Kampusse
- Gehalteversekering en -bevordering aan die Universiteit Stellenbosch
- Erkenning van Ko-kurrikulêre Prestasies
- Erkenning van Vorige Leer (EVL) en Kredietakkumulering en -oordrag (KAO)
- Rekordbestuursbeleid
- Verhuring van Sportfasiliteite aan Eksterne Groepe
- Risikobestuursbeleid
- Statuut van Universiteit Stellenbosch, 2019
- Studenteterugvoer oor Modules, Dosente en Programme
- Supergebruikerbeleid
- Onderrig- en Leermateriaal
- Onderrig- en Leerbeleid
- Onbillike Diskriminasie en Teistering
- Gebruik en Lisensiering van Handelsmerke van die Universiteit Stellenbosch

Inhoudsopgawe

Algemene inligting	1
1. Taal by die Universiteit.....	1
2. Inklusiwiteit.....	1
3. Ombud.....	1
4. Kommunikasie met die Universiteit.....	1
5. Belangrike telefoonnommers.....	3
6. Kanseliersmedaljewenners	4
7. Verklaring van Tydsindelingsimbole	5
Grade, diplomas en sertifikate	6
Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe.....	6
Fakulteit Natuurwetenskappe	7
Fakulteit Opvoedkunde	7
Fakulteit AgriWetenskappe.....	7
Fakulteit Regsgeleerdheid.....	8
Fakulteit Teologie	8
Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	9
Fakulteit Ingenieurswese.....	10
Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	10
Fakulteit Krygskunde	11
Toelating en registrasie	12
1. Toelatingsbeleid.....	12
2. Toelatingsvereistes voorgraads.....	12
2.1 Vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) vanaf 2009	12
2.2 Vir die Senior Sertifikaat tot 2008.....	13
3. Akademiese steunprogramme	13
3.1 Verlengdekurrikulumprogramme (VKP's).....	13
4. Aansoek, toelating en registrasie as student	14
4.1 Aansoek en toelating as student.....	14
4.2 Registrasie as student.....	15
4.3 Aanvang van die akademiese jaar	18
4.4 Veranderinge aan persoonlike en kontakbesonderhede.....	18
5. Beperking op registrasie vir modules.....	18
5.1 Registrasie slegs vir assesseringsdoeleindes.....	18
5.2 Registrasie vir voorgeskrewe programmodules.....	18
5.3 Inskrywing vir geleentheidsmodules.....	19
5.4 Gelyklopende inskrywing vir meer as een studiejaar.....	19
6. Toelating as 'n geleentheidstudent	19
7. Toelating van studente m.i.v. die tweede semester.....	20
7.1 Aansoek, keuring en toelating.....	20
7.2 Registrasie	20
7.3 Voorgraadse graad-, geleentheid-, sertifikaat- en diplomastudente	20
7.4 Honneursstudente.....	20
7.5 Magisterstudente.....	20
7.6 Doktorale studente	20

8. Gelyktydige inskrywing by verskillende universiteite.....	20
8.1 Gelyktydige inskrywing by verskillende universiteite vir onderafdelings van dieselfde graad of diploma.....	20
8.2 Gelyktydige inskrywing by verskillende universiteite vir verskillende grade of diplomas of as 'n geleentheidstudent.....	21
9. Gelyktydige inskrywing vir meer as een program.....	21
10. Hertoelating na onsuksesvolle studie.....	21
10.1 Hertoelatingsvereistes vir voorgraadse studente.....	21
10.2 Algemene hertoelatingsaansoekbepalings.....	23
10.3 Hertoelating tot die US nadat jy elders gestudeer en uitgesluit is.....	24
10.4 Hertoelatingsvereistes vir nagraadse studente.....	24
11. Akademiese aktiwiteite bedags en saans, sportbeoefening en toetstye	25
12. Afwesigheid van akademiese aktiwiteite.....	25
12.1 Verlof-tot-afwesigheid-kategorieë	25
12.2 Stawende bewyse benodig met 'n aansoek om verlof tot afwesigheid.....	26
12.3 Administratiewe hantering van verlofaansoeke.....	28
12.4 Verlof tot afwesigheid vir verlengde tydperke	29
13. Onderbreking van studies	29
13.1 Aanvaarbare redes vir onderbreking van studies.....	30
13.2 Prosedure om aansoek te doen vir 'n onderbreking van studie	30
13.3 Impak van onderbreking op jou akademiese rekord en studentegelde	31
13.4 Prosedure om terug te keer na studies na 'n onderbreking	31
14. Onbevredigende werk van studente.....	32
15. Studenterekords en duplikaatsertifikate	32
15.1 Heffing: uitreiking van studierekords en duplikaatsertifikate	32
15.2 Prosedure vir die uitreiking van 'n studierekord en/of duplikaatsertifikaat.....	32
16. Studente-inligting aan indiensnemingsinstansies	32
17. Studierekords aan beursgewers	32
18. Pendelstudentegemeenskappe (PSG)	32
19. Aanbieding/Wysiging van programme	32
20. Toekenning van grade, diplomas en sertifikate	32
21. Staking van studie.....	33
22. Deregistrasie van modules ná eerste formele assessering	33
23. Vertroulikheid van studente se persoonlike inligting.....	33
Assesserings en promoverings.....	34
1. Algemene bepalinge	34
1.1 Algemene vereistes.....	34
1.1 Toepassingsbestek en toepaslike assesseringsreëls.....	34
2. Soorte vakke en modules	34
2.1 Vak.....	34
2.2 Module.....	34
2.3 Graad-, sertifikaat- of diplomaprogram.....	34
2.4 Semestermodule.....	35
2.5 Jaarmodule.....	35
2.6 Verlengde module.....	35
2.7 Behoorlik afgehandelde module.....	35
2.8 Slaagvoorvereistemodule	35
2.9 Voorvereistemodule.....	35
2.10 Newevereistemodule.....	35
2.11 Agterstallige modules.....	35

2.12 Geleentheidsmodule.....	35
3. Soorte punte en slaging van modules	36
3.1 Finale punt, modules geslaag en geslaag met onderskeiding.....	36
3.2 A1-, AV-, A2-, A3-, A4-, MJ- en DVA-punte en PTD.....	36
3.3 Vorderingspunt.....	37
3.4 Klaspunt en eksamenpunt	37
4. Assesseringstydperke.....	38
4.1 A1-tydperk.....	38
4.2 AV-tydperk.....	38
4.3 A2-, A3-, Junie- en November-tydperke.....	39
4.4 A4-tydperk	39
4.5 Ander assesseringstydperk.....	39
5. Assesseringsreëls vir fakulteite en sentrums	40
5.1 Algemene bepalings	40
5.2 Goedkeuringsprosedure.....	41
6. Algemeen toepaslike assesseringsreëls.....	41
6.1 Roosterverwante assesseringsbepalings.....	41
6.2 Toelating tot assesserings.....	42
6.3 Toekenning van finale punt.....	43
6.4 Rekords van uitslae	44
6.5 Bespreking van nagesiene antwoordstelle met personeel.....	45
6.6 Reëls vir studentegedrag tydens assesserings.....	46
6.6.1 Reëls vir studentegedrag tydens assesserings met toesighouding.....	46
6.7 Akkommodering van godsdienstige oorwegings.....	47
6.8 Akkommodering van spesiale behoeftes gedurende hoofassesserings.....	48
6.9 Moderering	48
6.10 Aanstelling van assessors en moderators.....	48
6.11 Assesserings om 'n onderskeiding te bevestig.....	48
7. Dekaansvergunningsassesserings.....	49
7.1 Fakulteitsreëls	49
7.2 Toelating	49
7.3 Aansoekprosedure.....	49
7.4 Bepaling van 'n finale punt na 'n dekaansvergunningsassessering.....	49
8. Herberekening van finale punte en herevaluering van A2-, A2S2- en A3- assesseringsskrifte.....	49
8.1 Aansoekprosedure.....	49
8.2 Prosedure vir die herberekening van 'n finale punt.....	50
8.3 Prosedure vir herevaluering.....	51
8.4 Geskilbeslegting	51
8.5 Kondonering van finale punt.....	52
9. Herhaling van 'n module	52
10. Promovering	52
10.1 Verwerwing van 'n graad, sertifikaat of diploma.....	52
10.2 Erkenning van krediete verwerf aan ander universiteite.....	52
10.3 Verwerwing van 'n graad, sertifikaat of diploma met onderskeiding	52
Nagraadse kwalifikasies.....	54
1. Oorskakeling van een studierigting na 'n ander.....	54
2. Honneurs-Baccalaureusgrade en nagraadse diplomas	55
2.1 Statutêre vereistes	55
2.2 Toelating.....	55

2.3 Verdere vereistes.....	55
3. Die graad HonsBed.....	55
3.1 Statutêre vereistes.....	55
3.2 Verdere vereistes.....	55
4. Die graad LLB.....	56
4.1 Statutêre vereistes.....	56
4.2 Toelating.....	56
4.3 Verdere vereistes.....	56
5. Magistergrade.....	56
5.1 Statutêre vereistes.....	56
5.2 Toelating.....	56
5.3 Jaarlikse verslagdoening.....	57
5.4 Algemene bepaling vir magisterwerkstukke en magistertesise.....	57
5.5 Studieleier/medestudieleier(s), eksaminatore en moderatore.....	58
5.6 Eksaminering (uitgesonderd MMed).....	59
5.7 Bepalings vir die formaat, finale inlewering, druk en bind van magistertesise (uitgesonderd MMed).....	60
5.8 Gelde betaalbaar.....	63
5.9 Prosedure vir sensitiewe navorsingswerkstukke en tesise.....	63
5.10 Publikasie van magister-navorsingswerkstukke en -tesise.....	63
6. Doktorsgrade.....	64
6.1 Basiese fakulteitspesifieke bepaling.....	64
6.2 Toelating.....	66
6.3 Bywoning (residensie).....	67
6.4 Jaarlikse verslagdoening.....	67
6.5 Promotor/medepromotor(s).....	67
6.6 Eksaminatore.....	67
6.7 Eksamineringsproses.....	68
6.8 Dispuutgevalle.....	69
6.9 Proefskrifvereistes.....	70
6.10 Bepalings vir die formaat, finale inlewering, druk en bind van doktorsproefskrifte.....	73
6.11 Gelde betaalbaar.....	76
6.12 Publikasie van proefskrifte.....	76
6.13 Proefskrifte en tesise onder embargo.....	76
7. Gedragskode: Studieleier/promotor en student.....	78
8. Voortgesette registrasie vir nagraadse programme.....	79
9. Totaal toegelate tyd: Diploma en Honneurs.....	80

Algemene inligting

1. Taal by die Universiteit

Die amptelike Taalbeleid en -plan van die Universiteit Stellenbosch is deur die Raad van die Universiteit goedgekeur. Die volledige weergawe is beskikbaar by <http://www.sun.ac.za/taal>.

2. Inklusiwiteit

Die Universiteit Stellenbosch laat studente van enige ras, geslag, nasionaliteit, geloofsoortuiging of etniese herkoms toe tot al die regte, voorregte, programme en aktiwiteite wat in die algemeen aan studente van die Universiteit verleen of beskikbaar gestel word. Die Universiteit diskrimineer nie onbillik op grond van ras, geslag, nasionaliteit, geloofsoortuiging of etniese herkoms by die uitvoering van sy opvoedkundige beleid, sy beurs- en leningsprogramme, of sy sportprogramme nie.

3. Ombud

Die Universiteit Stellenbosch maak gebruik van 'n ombud wat volkome onafhanklik optree en wat gerig word deur die beginsels van vertroulikheid, informaliteit, onpartydigheid en onafhanklikheid. Hierdeur wil die Universiteit 'n kanaal skep waarlangs gepaste aandag gegee kan word aan alle probleme en klagtes wat van die kant van die Universiteit se studente, studente-ouers, personeel of lede van die publiek geopper word, en

- wat nie deur die bestaande Universiteitstrukture bevredigend langs die normale kanale gehanteer kan word nie;
- waarvoor hierdie strukture om watter rede ook al ontoereikend is blykens genoegsame motivering soos voorgelê deur die klaer of klaers;
- wat, volgens die ombud se oordeel, te dringend is om deur die somtyds vermoeiende proses binne Universiteitstrukture hanteer te word; of
- waar klaers kies om anoniem te bly.

Die diskresie oor die hantering al dan nie van so 'n klagte of probleem, asook die diskresie oor die aard van die hantering, berus uitsluitlik by die ombud, met dien verstande –

1. dat die ombud geen klaers se identiteit sonder hul toestemming sal bekend maak nie. Die enigste uitsonderings op hierdie beginsel is situasies met duidelike onmiddellike gevaar van ernstige skade of 'n regsplig om te openbaar.
2. dat die ombud 'n klaer in die eerste plek na die bestaande Universiteitstrukture verwys indien die betrokke klagteroete na die ombud se oordeel nie voldoende benut is nie, tensy die saak volgens die oordeel van die ombud te dringend is, of die klaer kies om anoniem te wees.
3. dat die ombud in alle opsigte onafhanklik verdere inligting mag inwin in verband met die klagte en/of probleem, en dat die ombud die Universiteit se infrastruktuur mag benut om sodanige inligting in te win.
4. dat studenteklagtes insake suiwer akademiese aangeleenthede nie normaalweg deur die ombud gehanteer word nie. Let daarop dat daar ook ander uitsonderings is wat op die US Ombud se webwerf gelys word.
5. dat die ombud geen finale beslissing oor enige saak maak nie, maar na die ombud se uitsluitlike diskresie bevindinge rapporteer en/of aanbevelings aan die relevante afdeling of omgewing maak.
6. dat die ombud onder geen omstandighede 'n klag of probleem hanteer wat reeds die onderwerp van 'n regsgeding is nie.

4. Kommunikasie met die Universiteit

Voornemende studente

- Wanneer jy aansoek doen om by die Universiteit te studeer, ken die Universiteit aan jou 'n aansoeknommer toe (byvoorbeeld APP/1234567).
- Die aansoeknommer is 'n unieke nommer om jou te identifiseer en sodoende toekomstige kommunikasie met die Universiteit oor al jou programaansoeke van 'n gegewe jaar te vergemaklik.
- Gebruik jou aansoeknommer elke keer wanneer jy met die Universiteit kommunikeer.

Huidige of voormalige Universiteit Stellenbosch-studente

- Wanneer jy aansoek doen om by die Universiteit te studeer, ken die Universiteit aan jou 'n studentenommer toe.
- Die studentenommer is 'n unieke nommer om jou te identifiseer en sodoende toekomstige kommunikasie met die Universiteit te vergemaklik.
- Gebruik jou studentenommer elke keer wanneer jy met die Universiteit kommunikeer.

Algemene navrae

Kliëntedienssentrum:

Telefoon: +27 21 808 9111

E-pos: info@sun.ac.za

Privaat Sak X1

Stellenbosch, 7599

Suid-Afrika

Adresse van die Sentrale Administrasie

Korrespondensie in verband met akademiese aangeleenthede, d.w.s. aansoeke, programtoelating, koshuisplasing en studie-aangeleenthede, moet gerig word aan:

Die Registrateur

Universiteit Stellenbosch

Privaat Sak X1

Stellenbosch

7599

Korrespondensie in verband met beurse, lenings en studentegelde moet gerig word aan:

Die Adjunk-Direkteur: Studentegelde

Universiteit Stellenbosch

Privaat Sak X1

Stellenbosch

7599

Korrespondensie in verband met finansiële en dienste-aangeleenthede, insluitend diensaspekte van koshuise, moet gerig word aan:

Die Uitvoerende Bedryfshoof

Universiteit Stellenbosch

Privaat Sak X1

Stellenbosch

7599

Ander amptelike adresse

Afdeling Leer- en Onderrigverryking	Privaat Sak X1 Stellenbosch 7599
Afdeling Studentesake (Nie-akademiese sake)	Neelsie Privaat Sak X1 Stellenbosch 7599
Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	Posbus 241 Kaapstad 8000
Fakulteit Krygskunde	Militêre Akademie Privaat Sak X2 Saldanha 7395

Stellenbosch Besigheidskool	Bellvillepark-kampus Posbus 610 Bellville 7535
Skool vir Publieke Leierskap	Bellvillepark-kampus Posbus 610 Bellville 7535

5. Belangrike telefoonnommers

Vir afdelings wat nie hieronder gelys word nie, skakel die Universiteit Stellenbosch Kontak- en Kliëntediens-sentrum op die Stellenbosch-kampus by 021 808 9111, en e-pos info@sun.ac.za.

Groot eenhede volgens kampus	Telefoon
Universiteit Stellenbosch Biblioteek (Stellenbosch)	021 808 4883
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Fakulteit (Tygerberg)	021 938 9111
Krygskunde, Fakulteit (Saldanha)	022 702 3999
Stellenbosch Besigheidskool (Bellvillepark)	021 918 4111
Skool vir Publieke Leierskap (Bellvillepark)	021 918 4122
Telematiese Dienste (Stellenbosch)	021 808 3563

Ander eenhede	Telefoon
Assesserings-, Akademieserekords- en Gradeplegtigheidkantoor (Stellenbosch)	021 808 9111
Beurse (Nagraadse kandidate)	021 808 4208
Beurse en Lenings (Voorgraadse kandidate)	021 808 9111
Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking	021 808 4977
Maties Sport	021 808 4642
Nagraadse Kantoor	021 808 9436
Nagraadse Studentebefondsing	021 808 4208
Navorsingsontwikkeling	021 808 4914
Sentrum vir Onderrig en Leer	021 808 3751
Sentrum vir Studentelewe en -leer	021 808 2848
Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling	021 808 4707
Universiteit Stellenbosch Internasionaal	021 808 2565

Fakulteitsadministrateurs	Telefoon
AgriWetenskappe	021 808 9111
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	021 808 9111
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe: Akademiese administrasie, Stellenbosch-kampus	021 808 9111
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe: Tygerberg-kampus	021 938 9204
Ingenieurswese	021 808 9111
Krygskunde	021 808 9111
Lettere en Sosiale Wetenskappe	021 808 9111
Natuurwetenskappe	021 808 9111
Opvoedkunde	021 808 9111
Regsgeleerdheid	021 808 9111
Teologie	021 808 9111

6. Kanseliersmedaljewenners

Die Kanseliersmedalje word jaarliks aan die mees verdienstelike student wat in daardie jaar 'n graad of na-graadse diploma aan die Universiteit Stellenbosch behaal het, toegeken. Die volgende persone het hierdie medalje sedert 1961 ontvang:

Jaar	Wenner	Graad/Diploma
1961	GFC de Bruyn	BSc (Wiskunde/Fisika)
1962	AB du Toit	MA (Filosofie)
1963	ML Uys	HonsBSc (Wiskunde)
1964	RP Botha	MA (Afrikaans-Nederlands)
1965	JH Gouws	BScBIng
1966	GE Burger	MSc (Wiskunde)
1967	JD Buys	MSc (Wiskunde)
1968	RJ van Reenen	MSc (Fisika)
1969	WT Claassen	MA (Semitiese Tale)
1970	JM de Villiers	HonsBSc (Toegepaste Wiskunde)
1971	JM Kirsten	MA (Filosofie)
1972	JJ Conradie	MSc (Wiskunde)
1973	ML Marais	BSc (Toeg Wisk/Rekenaarwetenskap)
1974	M Sinclair	MSc (Toegepaste Wiskunde)
1975	JT Schoombee	LLB
1976	DJ Smit	BTh
1977	JB Neethling	HonsBIng
1978	M van Niekerk	MA (Filosofie)
1979	SJ Steel	MSc (Wiskundige Statistiek)
1980	AA van Niekerk	MA (Filosofie)
1981	BJ van Heerden	LLB
1982	PJ Naudé	MA (Filosofie)
1983	WJS de Villiers	MBChB
1984	AE van Niekerk	HOD
1985	RB van Zyl	HonsBSc (Chemie)
1986	AF Conradie	MIng (Bedryfs)
1987	WD Rencken	BIng (Elektronies)
1988	P Meyer	MIng (Elektronies)
1989	WF Verwoerd	MA (Filosofie)
1990	SF du Toit	BTh
1991	DJ Odendaal	LLB
1992	TJ van der Walt	PhD (Metallurgiese Ingenieurswese)
1993	JM Rohwer	MSc (Biochemie)
1994	JM Swart	BScAgric (Planteteelt/Akkerbou-Weiding)
1995	J Malan	LLB
1996	MT Biberauer	MA (Algemene Taalwetenskap)
1997	CM Steinmann	HonsBSc (Fisika)
1998	JC Badenhorst	MBChB
1999	FE Kritzinger	MBChB
2000	G Quinot	LLB
2001	CAW Vale	PhD (Elektroniese Ingenieurswese)
2002	W de Vos de Wet	HonsBSc (Rekenaarwetenskap)
2003	M Schoeman	BIng (Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese met Rekenaarwetenskap), MScIng (Elektroniese Ingenieurswese met Rekenaarwetenskap)
2004	GP du Rand	HonsBCom (Ekonomie)
2005	DJ Conradie	HonsBCom (Aktuariële Wetenskap)

Jaar	Wenner	Graad/Diploma
2006	C Barnardo	PhD (Siviele Ingenieurswese)
2007	DIL de Villiers	PhD (Elektroniese Ingenieurswese)
2008	S Reid	HonsBCom (Aktuariële Wetenskap)
2009	E Kruger	MMus (Solosang/Solospel)
2010	L Auret	PhD (Metallurgiese Ingenieurswese)
2011	N Marais	MTh (Sistematiese Teologie) en MDiv (Kerklike Bediening)
2012	MK North	BScAgric
2013	J Bovijn	MBChB
2014	T Weighill	MSc (Wiskunde)
2015	JCB Kotze	MBChB
2016	RM Swanepoel	BIng (Chemiese Ingenieurswese)
2017	J Kazmaier	BIng (Bedryfsingenieurswese)
2018	XD Hunt	PhD (Sielkunde)
2019	JK van Heerden	MBChB
2020	MB Baas	BIng (Elektries en Elektronies)
2021	B Moorcroft	HonsBCom (Aktuariële Wetenskap)
2022	J Durand	HonsBCom (Wiskundige Statistiek)
2023	H Uys	HonsBA (Filosofie)
2024	DM Kleyn	HonsBSc (Wiskunde)

7. Verklaring van tydsindelingsimbole

Die volgende afkortings word deur die Universiteit gebruik om die gemelde kombinasie van tipe onderrig en tydsduur aan te dui:

- L lesing van 50 minute
- S seminaar van 50 minute
- T tutoriaal van 50 minute
- 2T tutoriaal van 2 x 50 minute (plus die 10 minute tussenin)
- P praktikumperiode van 50 minute
- 3P praktikum van 3 x 50 minute (ingeslote die tye tussenin; maksimaal 170 minute)

Grade, diplomas en sertifikate

Die volgende grade, diplomas en sertifikate word in die onderskeie fakulteite aangebied:

Benaming	Afkorting	Minimum duur (jare)
----------	-----------	---------------------

Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe

Grade

Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte	BA	3
Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte in Visuele Kunste	BA (VK)	4
Baccalaureus in Datawetenskap	BDatSci	4
Baccalaureus in Maatskaplike Werk	BMaatsk Werk	4
Baccalaureus in die Musiek	BMus	4
Honneurs-Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte	HonsBA	1
Honneurs-Baccalaureus in Informatika (Informasiestelselbestuur)*	HonsBInf	1
Honneurs-Baccalaureus in Musiek	HonsBMus	1
Honneurs-Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte in Visuele Kunste	HonsBA (VK)	1
Magister in die Wysbegeerte	MPhil	1
Magister in Stads- en Streekbeplanning	MStads- en Streekbepl	1
Magister in die Lettere en Wysbegeerte	MA	1
Magister in die Lettere en Wysbegeerte in Visuele Kunste	MA (VK)	1
Magister in Maatskaplike Werk	MMaatsk Werk	1
Magister in die Musiek	MMus	1
Doktor in die Wysbegeerte	PhD	2
Doktor in die Lettere	DLitt	1
Doktor in die Wysbegeerte	DPhil	1

Sertifikate en Diplomas

Hoër Sertifikaat in Musiek	HoërSertMus	1
Hoër Sertifikaat in Klanktegnologie	HoërSert Klanktegnologie	1
Diploma in Praktiese Musiek	DipPrakMus	3
Gevorderde Diploma in Praktiese Musiek	GevDipPrakMus	1
Nagraadse Diploma in Filmmusiek	NGDip (Filmmusiek)	1
Nagraadse Diploma in Interkulturele Kommunikasie	NGDip (InterkultKom)	1
Nagraadse Diploma in Kennis- en Inligtingstelselbestuur	NGDip (Kennis en Inl)	1
Nagraadse Diploma in Monitoring en Evaluering	NGDip (Mon en Eval)	1
Nagraadse Diploma in Musiektegnologie	NGDip (Musiektegnol)	1
Nagraadse Diploma in Navorsingsbestuur en -administrasie	NG Dip (Navorsingsbest en -admin)	1
Nagraadse Diploma in Openbare Geestesgesondheid	NGDip (OpenbGeestesges)	1
Nagraadse Diploma in Ramprisikostudie en Ontwikkeling	NGDip (Rampris en Ontw)	1
Nagraadse Diploma in Sosiaalwetenskaplike Metodes	NGDip (SoswetMet)	1
Nagraadse Diploma in Tegnologie vir Taalaanleer	NGDip (Tegn vir Taal)	1
Nagraadse Diploma in Toegepaste Etiek	NGDip (Toeg Etiek)	1
Nagraadse Diploma in Transdissiplinêre Gesondheids- en Ontwikkelingstudie	NGDip (Transdis Ges- en Ontwikkelingstud)	1
Nagraadse Diploma in Tweedetaalstudie	NGDip (Tweedetaalst)	1

*Onderhewig aan akkreditasie deur die Hoëronderwysgehaltekomitee en registrasie deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk.

Benaming	Afkorting	Minimum duur (jare)
----------	-----------	---------------------

Fakulteit Natuurwetenskappe

Grade

Baccalaureus in die Natuurwetenskappe	BSc	3
Baccalaureus in Datawetenskap	BDatSci	4
Honneurs-Baccalaureus in die Natuurwetenskappe	HonsBSc	1
Magister in die Natuurwetenskappe	MSc	1
Doktor in die Wysbegeerte	PhD	2
Doktor in die Natuurwetenskappe	DSc	1

Benaming	Afkorting	Minimum duur (jare)
----------	-----------	---------------------

Fakulteit Opvoedkunde

Grade

Baccalaureus in die Opvoedkunde (Grondslagfase-onderwys)	BEd (Grondslagfase-ond)	4
Baccalaureus in die Opvoedkunde (Intermediêrefase-onderwys)	BEd (Intermediêrefase-ond)	4
Honneurs-Baccalaureus in die Opvoedkunde	HonsBEd	1
Magister in die Wysbegeerte	MPhil	1
Magister in die Opvoedkunde	MEd	1
Magister in die Opvoedkunde in Opvoedkundige Sielkunde	MEdPsig	1
Doktor in die Wysbegeerte	PhD	2
Doktor in die Opvoedkunde	DEd	2

Sertifikate en Diplomas

Nagraadse Onderwysertifikaat in Verdere Onderwys en Onderrig-opleiding	NagrOnderwysert (Verdere Onderwys en Onderrig-opleiding)	1
Gevorderde Diploma in Opvoedkunde	GevDipOpvoedkunde	1
Nagraadse Diploma in Hoër Onderwys in Onderrig en Leer	NGDip (Hoër Onderwys) (Onderrig en Leer)	1

Benaming	Afkorting	Minimum duur (jare)
----------	-----------	---------------------

Fakulteit AgriWetenskappe

Grade

Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Landbou	BScAgric	4
Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Bosbou- en Houtwetenskappe	BScBosbHoutwet	4
Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Voedselwetenskap	BScVoedselwet	4
Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Bewaringsekologie	BScBewEkol	4
Baccalaureus in die Landbou	BAgric	3
Baccalaureus in die Landbou in Agri-besigheidsbestuur	BAgric (Agri-besigheidbestuur)	3
Baccalaureus in Datawetenskap	BDatSci	4
Honneurs-Baccalaureus in die Natuurwetenskappe	HonsBSc	1
Honneurs-Baccalaureus in die Landbou in Agri-besigheidsbestuur	HonsBAgric (Agri-besigheidbestuur)	1

Benaming	Afkorting	Minimum duur (jare)
Magister in die Landbou in Agri-besigheidsbestuur	MAgric (Agri-besigheidsbestuur)	1
Magister in die Natuurwetenskappe	MSc	1
Magister in die Natuurwetenskappe in Landbou	MScAgric	1
Magister in die Natuurwetenskappe in Bos- en Natuurlike Hulpbronwetenskap	MScBosNatHulpbronwet	1
Magister in die Natuurwetenskappe in Hout en Houtprodukkunde	MScHout en Houtprod	1
Magister in die Natuurwetenskappe in Voedselwetenskap	MScVoedselwet	1
Magister in die Natuurwetenskappe in Bewaringsekologie	MScBewEkol	1
Doktor in die Wysbegeerte	PhD	2
Doktor in die Natuurwetenskappe	DSc	1

Diplomas

Nagraadse Diploma in Agronomie	NGDip (Agronomie)	1
Nagraadse Diploma in Akwakultuur	NGDip (Akwakult)	1
Nagraadse Diploma in Bosbou en Houtwetenskappe	NGDip (Bosb en Houtwet)	1

Benaming	Afkorting	Minimum duur (jare)
----------	-----------	---------------------

Fakulteit Regsgeleerdheid

Grade

Baccalaureus in die Regsgeleerdheid (Voorgraads)	LLB	4
Baccalaureus in die Regsgeleerdheid (Nagraads)	LLB	2-3
Magister in die Regsgeleerdheid	LLM	1
Doktor in die Regsgeleerdheid	LLD	2

Diplomas

Nagraadse Diploma in Belastingreg	NGDip (Belastingreg)	1
Nagraadse Diploma in Intellektuele Goederereg	NGDip (Intellektuele Goederereg)	1
Nagraadse Diploma in Staatsverkrygingsbeleid en -regulering	NGDip (Staatsverkrygingsbeleid en -regulering)	1

Benaming	Afkorting	Minimum duur (jare)
----------	-----------	---------------------

Fakulteit Teologie

Grade

Baccalaureus in die Teologie	BTh	3
Baccalaureus Divinitatis	BDiv	4
Magister in die Wysbegeerte	MPhil	1
Magister Divinitatis	MDiv	1
Magister in die Teologie	MTh	1
Doktor in die Wysbegeerte	PhD	2

Diplomas

Nagraadse Diploma in Teologie	NGDip (Teologie)	1
Nagraadse Diploma in Teologie in Christelike Bediening	NGDip (Teol) (Christelike Bed)	1
Nagraadse Diploma in Teologie in Godsdiens en Kultuur	NGDip (Teol) (Godsdiens en Kultuur)	1

Benaming	Afkorting	Minimum duur (jare)
Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe		
Grade		
Baccalaureus in die Handelswetenskappe	BCom	3
Baccalaureus in Datawetenskap	BDatWet	4
Baccalaureus in Rekeningkunde	BRek	3
Baccalaureus in Rekeningkunde en Baccalaureus in die Regsgeleerdheid	BRekLLB	5
Honneurs-Baccalaureus in Publieke Administrasie	HonsBPA	1
Honneurs-Baccalaureus in die Handelswetenskappe	HonsBCom	1
Honneurs-Baccalaureus in Rekeningkunde	HonsBRek	1
Magister in Besigheidsbestuur en -administrasie	MBA (Voltyds) (Deeltyds en Modulêr)	1-2 2-4
Magister in die Handelswetenskappe	MCom	1
Magister in Publieke Administrasie	MPA	1
Magister in die Wysbegeerte	MPhil	1
Magister in die Wysbegeerte in MIV/VIGS-bestuur	MPhil (MIV/VIGS-bestuur)	1
Magister in Rekeningkunde	MRek	1
Doktor in die Wysbegeerte	PhD	2
Doktor in die Handelswetenskappe	DCom	3
Sertifikaat en Diplomas		
Diploma in Volhoubare Ontwikkeling	Dip (Volhoubare Ontwikkeling)	3
Diploma in Openbare Verantwoordbaarheid	Dip (Openbare Verantwoordbaarheid)	2
Gevorderde Diploma in Volhoubare Ontwikkeling	Gev Dip (Volhoubare Ontwikkeling)	1
Gevorderde Diploma in Openbare Verantwoordbaarheid	Gev Dip (Openbare Verantwoordbaarheid)	1
Nagraadse Diploma in Aktuariële Wetenskap	NGDip (AktWet)	1
Nagraadse Diploma in Bemarking	NGDip (Bemark)	1
Nagraadse Diploma in Besigheidsbestuur en -administrasie	NGDip (Besigheidsbest en Admin)	1
Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning	NGDip (Fin Bepl)	1
Nagraadse Diploma in Leierskapontwikkeling	NGDip (Leierskapontw)	1
Nagraadse Diploma in MIV/Vigsbestuur	NGDip (MIV/Vigsbestuur)	1
Nagraadse Diploma in Omgewingsbestuur	NGDip (Omgewingsbes)	1
Nagraadse Diploma in Ontwikkelingsfinansies	NGDip (Ontwikkelings-finansies)	1
Nagraadse Diploma in Projekbestuur	NGDip (Projekbest)	1
Nagraadse Diploma in Openbare Finansiële Bestuur	NGDip (OpenbFinBest)	1
Nagraadse Diploma in Rekeningkunde	NGDip (Rekeningkunde)	1
Nagraadse Diploma in Strategiese Menslike Hulpbronbestuur	NGDip (Strategiese Menslike Hulpbronbestuur)	1
Nagraadse Diploma in Toekomsstudies	NGDip (Toekomsstud)	1
Nagraadse Diploma in Vervoer en Logistiek	NGDip (Vervoer en Logistiek)	1
Nagraadse Diploma in Volhoubare Ontwikkeling	NGDip (VolhOntw)	1

Benaming	Afkorting	Minimum duur (jare)
----------	-----------	---------------------

Fakulteit Ingenieurswese

Grade

Baccalaureus in die Ingenieurswese	BIng	4
Magister in die Ingenieurswese	MIng	1
Magister in Ingenieurswetenskappe*	MIngSc	1
Doktor in die Wysbegeerte	PhD	2
Doktor in die Ingenieurswese	DIng	1

Diplomas

Nagraadse Diploma in die Ingenieurswese	NGDip (Ingwese)	1
Nagraadse Diploma in Ingenieurswetenskappe*	NGDip (Ingwetenskappe)	1

*Onderhewig aan akkreditasie deur die Hoëronderwysgehaltekomitee en registrasie deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk.

Benaming	Afkorting	Minimum duur (jare)
----------	-----------	---------------------

Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe

Grade

Baccalaureus in Geneeskunde en Baccalaureus in Snykunde	MBChB	6
Baccalaureus in Arbeidsterapie	BArb	4
Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Dieetkunde	BScDieetk	4
Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Fisioterapie	BScFisio	4
Baccalaureus in Spraak-Taal- en Gehoorterapie	B Spraak-Taal en Gehoor	4
Baccalaureus in Verpleegkunde	BVerpl	4
Honnors-Baccalaureus in die Natuurwetenskappe	HonsBSc	1
Magister in die Geneeskunde	MMed	4-5
Magister in die Natuurwetenskappe	MSc	1
Magister in die Wysbegeerte	MPhil	1-3
Magister in Arbeidsterapie	MArb	1
Magister in Fisioterapie	MFisio	1
Magister in Menslike Rehabilitasiestudies	MMensRehab	1
Magister in Oudiologie	MOud	1
Magister in Patologie	MPat	1
Magister in Spraak-Taalterapie	MSpraak-Taalterapie	1
Magister in Terapeutiese Voeding	MTerVoeding	1
Magister in Verpleegkunde	MVerpleegk	1
Magister in Verslawingsorg	MVerslawingsorg	1
Magister in Voeding in Openbare Gesondheid	MVoeding in Openbare Gesondheid	1
Doktor in die Natuurwetenskappe	DSc	1
Doktor in die Wysbegeerte	PhD	2

Diplomas

Nagraadse Diploma in Beroepsgeneeskunde	NGDip (Beroepsgeneeskunde)	1
Nagraadse Diploma in Geneesmiddelontwikkeling	NGDip (Geneesmiddelontwikkeling)	1
Nagraadse Diploma in Gesondheidsnavorsingsetiek	NGDip (Gesondheidsnavorsingsetiek)	1

Nagraadse Diploma in Gesondheidsorgbestuur	NGDip (Gesondheidsorgbestuur)	2
Nagraadse Diploma in Gestremdeheids- en Rehabilitasiestudies	NGDip (Gestremdeheids- en Rehabilitasiestudies)	1
Nagraadse Diploma in Huisartskunde	NGDip (Huisartskunde)	1
Nagraadse Diploma in Infeksiesiektes	NGDip (Infeksiesiektes)	1
Nagraadse Diploma in Landelike Geneeskunde	NGDip (Landelike Geneeskunde)	1½
Nagraadse Diploma in Mediese Toksikologie	NGDip (Mediese Toksikologie)	1
Nagraadse Diplomas in Spesialisverpleegkunde/-verloskunde		1
Nagraadse Diploma in Verslawingsorg	NGDip (Verslawingsorg)	1

Benaming	Afkorting	Minimum duur (jare)
----------	-----------	---------------------

Fakulteit Krygskunde

Grade

Baccalaureus in die Krygskunde	BMil	3
Honneurs-Baccalaureus in die Krygskunde	HonsBMil	1
Magister in die Wysbegeerte	MPhil	1
Magister in die Krygskunde	MMil	1
Doktor in die Wysbegeerte	PhD	2
Doktor in die Krygskunde	DMil	1

Sertifikaat en Diploma

Hoër Sertifikaat in Militêre Studie	HoërSert (MilStud)	1
Nagraadse Diploma in Verdedigingstudie	NGDip (Verdedigingstudie)	1

Toelating en registrasie

1. Toelatingsbeleid

Die volledige Toelatingsbeleid is verkrygbaar op is www.sun.ac.za/sunrekords onder "Studente Administrasie".

2. Toelatingsvereistes voorgraads

Voor jy aansoek vir toelating tot die Universiteit Stellenbosch doen, moet jy seker maak dat jy:

- aan die basiese akademiese vereistes vir 'n baccalaureusgraad voldoen; en
- aan die minimum vereistes en keuringskriteria vir die program(me) waarvoor jy aansoek doen, voldoen.

Ons ontvang elke jaar duisende aansoeke, maar ons plek is beperk. Selfs as jy aan al die toelatingsvereistes voldoen, is daar 'n kans dat ons jou nie kan akkommodeer nie.

Meer besonderhede oor die minimum vereistes en die keuringskriteria vir voorgraadse programme word op die webwerf vir voornemende studente by www.maties.com en in die fakulteitsjaarboekdele gepubliseer.

Die volgende basiese toelatingsvereistes word vir voorgraadse graad-, diploma- en hoërsertifikaatprogramme gestel:

2.1 Vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) vanaf 2009

2.1.1 Graadprogramme

2.1.1 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of IEB (*Independent Examinations Board*) skoolleidsertifikaat soos gesertifiseer deur Umalusi, met toelating tot baccalaureusgraadstudie, wat vereis dat jy 'n Suid-Afrikaanse taal van leer en onderrig van 'n tersiêre opvoedkundige (Afrikaanse of Engelse) inrigting met minstens 30% moet slaag, asook dat jy 'n punt van minstens 'n 4 (50-59%) in elk van vier 20-krediet-skoolvakke verwerf. Die hoogste punt in 'n taal van leer en onderrig (Engels of Afrikaans), asook die beste uitslae in vyf 20-krediet-vakke (uitgesonderd Lewensoriëntering, Gevorderde Wiskunde, Wiskunde 3 en enige ander nie-NSS-vakke) word in berekening gebring om jou gemiddeld te bereken. Die totaal word deur 6 gedeel.

2.1.2 Voldoening aan die fakulteits-, program- en vakspesifieke toelatings- en keuringsvereistes van die betrokke program waarvoor jy wil registreer, soos uiteengesit in die betrokke fakulteitsjaarboekdeel en/of die dokument oor toelatingsvereistes wat saam met jou toelatingsbrief uitgestuur word en/of soos gepubliseer op www.maties.com, asook die keuringsriglyne by www.maties.com.

of

2.1.3 'n Volle of voorwaardelike vrystellingsertifikaat van die Matrikulasie-eksamen, deur die Matrikulasieraad aan jou uitgereik as jy 'n student uit 'n vreemde land is of as jy oor 'n vreemde skoolkwalifikasie beskik, met verdere voldoening aan die bepalings van par. 2.1.1.2. Besoek www.maties.com > "Aansoek" vir die minimum vereistes vir internasionale kurrikulums (A Levels, AS Levels, IB Diploma en GCSE/IGCSE/O Levels);

of

2.1.4 Slegs van toepassing op die ou Senior Sertifikaat: 'n voorwaardelike vrystellingsertifikaat van die Matrikulasie-eksamen op grond van jou ouderdom (23 jaar en ouer), uitgesonderd BA (Regsgeleerdheid), BCom (Regsgeleerdheid), LLB en BRekLLB, met verdere voldoening aan die bepalings van par. 2.1.1.2.

2.1.5 Kyk ook "*Belangrike notas*" hier onder, op die volgende bladsy.

2.1.2 Diplomaprogramme

2.1.2.1 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) soos gesertifiseer deur Umalusi, met toelating tot diplomastudie, wat vereis dat jy 'n punt van minstens 'n 2 (30%-39%) in 'n taal van leer en onderrig van 'n hoëronderwysinstelling, asook 'n 3 (40%-49%) in elk van vier NSS-skoolvakke (waarvan ten minste een Afrikaans of Engels moet wees) moet verwerf.

2.1.2.2 Voldoening aan die fakulteits-, program- en vakspesifieke toelatingsvereistes van die betrokke program waarvoor jy wil registreer, soos uiteengesit in die betrokke fakulteitsjaarboekdeel en/of die toelatingsbrief wat aan suksesvolle applikante gestuur word, en/of soos gepubliseer op www.maties.com, asook die keuringsriglyne by www.maties.com.

2.1.2.3 Kyk ook "*Belangrike notas*" onder 2.1.3 hier onder.

2.1.3 Hoërsertifikaatprogramme

- 2.1.3.1 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) soos gesertifiseer deur Umalusi, met toelating tot sertifikaatstudie, wat vereis dat jy 'n punt van minstens 'n 2 (30%-39%) in een van Afrikaans of Engels moet verwerf.
- 2.1.3.2 Voldoening aan die fakulteits-, program- en vakspesifieke toelatingsvereistes van die betrokke program waarvoor jy wil geregistreer, soos uiteengesit in die betrokke fakulteitsjaarboekdeel en/of die toelatingsbrief wat aan suksesvolle applikante gestuur word, en/of soos gepubliseer op www.maties.com, asook die keuringsriglyne by www.maties.com.
- 2.1.3.3 Kyk ook "*Belangrike notas*" hier onder.

Belangrike notas:

1. Geen voornemende student, wat ten tye van registrasie as student nie oor volle universiteits-toelating beskik nie, sal toegelaat word om vir 'n graadprogram te registreer nie. Dit geld egter nie as jy 'n student is wat oor voorwaardelike vrystelling van die Matrikulasië-eksamen op grond van vreemde skoolkwalifikasies beskik of as gevolg van jou ouderdom (23 jaar en ouer) nie, en ook nie as jy weens siekte nie jou skoolindeksamen voor Februarie/Maart kan aflê nie. In laasgenoemde geval sal die getal vakke waarin jy in Februarie/Maart eksamen moet aflê bepaal of jy toegelaat sal word om as student te mag registreer, al dan nie, aangesien die aflê van 'n eksamen in te veel skoolvakke negatief op jou universiteitswerk, sowel as op jou voorbereiding vir die eksamens in die skoolvakke, kan impakkeer.
2. Vir volledige besonderhede t.o.v. keuringsvereistes vir 'n spesifieke program moet jy www.maties.com raadpleeg. Vir volledige besonderhede t.o.v. toelatingsvereistes vir 'n spesifieke program moet jy die jaarboekdeel van die betrokke fakulteit of www.maties.com raadpleeg
3. Indien jy nie onmiddellik na verwerping van die NSS aan die Universiteit wil studeer nie, sal jy by aansoek in 'n latere jaar oorweeg word vir toelating op grond van die toelatingsvereistes van toepassing op die studiejaar waarvoor jy aansoek doen om toelating.
4. Nasionale Normtoets (NNT)
- 4.1 Sommige programme vereis dat voornemende voorgraadse studente die Nasionale Normtoets (NNT) skryf.
- 4.2 Raadpleeg gerus die NNT-webwerf (www.nbt.ac.za) en die US se webwerf vir voornemende studente (www.maties.com) vir meer inligting oor die Nasionale Normtoets.
5. Assessering van internasionale kwalifikasies:
 - 5.1 Die Universiteit Stellenbosch gebruik die finale skooluitslae van internasionale kurrikulums (*Cambridge International, International Baccalaureate*, ens.), insluitend die *School of Tomorrow*.
 - 5.2 Die minimum vereistes vir internasionale kurrikulums. (*Cambridge A-vlakke, AS-vlakke, GCSE/IGCSE/O-vlakke; IB Diploma; American School en Abitur*) word op die webwerf vir voornemende studente op www.maties.com gepubliseer.

2.2 Vir die Senior Sertifikaat tot 2008

Die Senior Sertifikaat (wat tot einde 2007 deur voltydse kandidate en tot 2014 deur deelydse kandidate wat in 2007 reeds met Gr 12-vakke besig was verwerf kon word) met volle Matrikulasië-endorsement óf 'n vrystellingsertifikaat van die Matrikulasieraad en 'n gemiddelde persentasie van minstens 50% vir die Senior Sertifikaat, tensy die betrokke graadprogram 'n hoër gemiddelde persentasie vereis het, met verdere voldoening aan die program- en vakspesifieke toelatingsvereistes van die betrokke program waarvoor jy wil registreer, wat gegeld het vir registrasie in die jaar volgende op die jaar waarin jy die Senior Sertifikaat verwerf het, asook die keuringsvereistes wat tans geld.

3. Akademiese steunprogramme

Die Universiteit Stellenbosch het uitstekende akademiese steunprogramme ontwikkel om jou te help om suksesvol te studeer.

3.1 Verlengdekurrikulumprogramme (VKP's)

As jy 'n voornemende student is wat oor die potensiaal beskik om suksesvol te studeer maar ontoereikende skoolvoorbereiding vir universiteitstudie ontvang het, mag jy moontlik d.m.v. die verlengdekurrikulumprogramme (VKP's) toelating tot die Universiteit verkry en/of gebruik maak van ander vorme van akademiese steun. Die VKP's kan jou alternatiewe akademiese roetes bied om suksesvol te studeer en word in die volgende fakulteite aangebied: Lettere en Sosiale Wetenskappe; Natuurwetenskappe; AgriWetenskappe; Ekonomiese en Bestuurswetenskappe; en Ingenieurswese.

3.1.1 Toelatingsvereistes

Toelating tot die VKP's verskil van fakulteit tot fakulteit. In die meeste gevalle sal studente wie se punte nie in alle opsigte voldoen aan minimum vakspesifieke kriteria in sekere programme nie, in ag geneem word vir toelating tot die VKP. Indien jy as 'n matrikulant in hierdie kategorie val, sal jy gewoonlik nie jou eerste

akademiese jaar aan die Universiteit slaag sonder addisionele akademiese steun nie. Indien jy wel by VKP's en/of ander vorme van akademiese steun inskakel, sal jy gewoonlik veel beter in jou eerste studiejaar vaar.

In sommige gevalle word studente wat wel aan alle programspesifieke toelatingsvereistes voldoen, maar wat nie na afloop van keuring tot hoofstroomprogramme toegelaat word nie, vir toelating tot 'n VKP oorweeg.

Let wel: Keuring vir VKP's neem nie net jou akademiese prestasie in ag nie, maar wel ook sekere sosio-ekonomiese faktore wat op benadeling dui.

As voornemende student moet jy steeds in besit wees van volle universiteitstoelating, behalwe indien 'n spesifieke fakulteit dit goed vind om aan jou, weens ander vorme van meriete, Senaatsdiskresionêre toelating te verleen, gewoonlik op voorwaarde dat jy die verlengdekurrikulumprogramme, indien beskikbaar, volg.

3.1.2 Struktuur van verlengdekurrikulumprogramme

- 3.1.2.1 Die struktuur van die verlengdekurrikulumprogramme kan van fakulteit tot fakulteit verskil. Vir sommige programme word 'n alternatiewe eerstejaarskurrikulum wat uit fondasie-modules bestaan voorgeskryf, terwyl vir ander programme die eerste akademiese jaar oor twee jaar versprei word met 'n verminderde lading van hoofstroommodules en 'n toevoeging van fondasie-modules. Die graadprogram word dus deurgaans met een jaar verleng.
- 3.1.2.2 In aanvulling tot die hoofstroommodules, word addisionele of alternatiewe kredietdraende fondasie-modules by die verlengdekurrikulumprogramme ingesluit. Hierdie fondasie-modules wat hulp- en voorbereidende inhoud bevat, word aangebied om jou studiebasis te versterk. Verdere inligting oor programinhoud kan in die betrokke fakulteitsjaarboekdeel verkry word.

3.1.3 Hertoelating

Raadpleeg die gedeelte onder die opskrif HERTOELATING NA ONSUKSESVOLLE STUDIE by par. 10 verder in hierdie hoofstuk vir die kredietvereistes wat geld ten opsigte van hertoelating van verlengdekurrikulumprogramme-studente.

3.1.4 Skorsing

Die bywoning van verlengdekurrikulumprogramme-klasse is verpligtend en afwesigheid sonder geldige verskoning kan lei tot jou uiteindelijke skorsing uit die verlengdekurrikulumprogramme. In so 'n geval moet jy voldoen aan die hertoelatingsvereistes wat vir hoofstroomstudente geld (raadpleeg die gedeelte onder die opskrif HERTOELATING NA ONSUKSESVOLLE STUDIE verder in hierdie hoofstuk).

3.1.5 Registrasieproses

Indien jy moontlik vir 'n VKP in aanmerking kom, sal jy deur die fakulteit in kennis gestel word en sal jy volgens die normale registrasieprosedures registreer. Gedurende die amptelike Verwelkomingsprogram sal VKP-studente, voordat registrasie plaasvind, inligting- en adviseringsessies in die verskillende fakulteite bywoon. Vir verdere inligting kan die betrokke fakulteitsadministrateur by 021 808 9111 geskakel word.

4. Aansoek, toelating en registrasie as student

4.1 Aansoek en toelating as student

- 4.1.1 **Doen aanlyn aansoek:** As voornemende voorgraadse en nagraadse student moet jy aanlyn by student.sun.ac.za aansoek doen om toelating tot die Universiteit.
- 4.1.2 **Aansoekgeld:** 'n Bedrag van R100 as aansoekgeld is van toepassing op alle aansoekers. As jy 'n aansoeker uit 'n kwintiel 1 - 3-skool is, word jy egter vrygestel van die aansoekgeld. Instruksies vir die betaling van die aansoekgeld word aanlyn verskaf. 'n Bedrag van R400, as aansoekgeld, is deur alle internasionale aansoekers vir graadprogramme op voorgraadse en nagraadse vlak betaalbaar (uitgesluit Stellenbosch Besigheidskool-aansoekers)
- 4.1.3 **Aansoekdokumente:** Jou aansoek sal slegs oorweeg word indien die volledige stel van vereiste aansoekdokumentasie teen die sluitingsdatum ontvang is.
- As voornemende nagraadse kandidaat word jy versoek om die betrokke fakulteit se deel van die Universiteitsjaarboek te raadpleeg vir moontlike verdere voorskrifte i.v.m. jou voorgestelde program.
- 4.1.4.1 **Sluitingsdatums:** As voornemende voorgraadse student moet jy vóór die algemene sluitingsdatum vir aansoeke aansoek doen, te wete 31 Julie van die voorafgaande jaar. Aansoeke om toelating tot honneurs-, magister- en doktrale programme sluit op verskillende datums. Die aansoekdatums word op die webwerf vir nagraadse aansoekers by www.sun.ac.za/pgstudies gepubliseer, sowel as in die onderskeie fakulteitsjaarboekdele. Ná 31 Julie word voorgraadse aansoeke, in uitsonderlike gevalle, op meriete oorweeg en moet jy spesiale toestemming vir laat aansoek by die Registrateur of die Registrateur se gevolmagtigde(s) verkry.

- 4.1.4.2 Aansoeke vir magisterprogramme wat uit 'n 100%-tesis bestaan en vir doktorsale programme kan tot 28 Februarie ingelewer word, indien die betrokke fakulteit/departement bereid is om dit nog te oorweeg, op voorwaarde dat jou aansoek volledig moet wees, m.a.w. 'n volledige studierekord, asook navorsingsvoorlegging/-opsomming, bronnelys, ens. wat departementeel/fakultêr vereis mag word, moet ingesluit wees. Jy moet 'n bedrag van R100 as aansoekgeld by die ingevulde aansoekvorm insluit.
- 4.1.5 **Onderbreking van studies:** Indien jy jou studie vir 'n jaar of meer onderbreek, moet jy voor of op 31 Julie van die voorafgaande jaar vir voorgraadse programme en ingevolge par. 4.1.4 vir nagraadse programme, opnuut aansoek doen om toelating tot die Universiteit.
- 4.1.6 **Studentebehuising:** Die Universiteit se beleid vir plasing in studentebehuising en indeling in pendelstudentegemeenskappe is by www.sun.ac.za/sunrekords onder "Studente Administrasie" beskikbaar.
- 4.1.7 **Korrekte inligting:** Al die inligting wat jy verskaf, moet waar en volledig wees. Ons kan jou inligting by derde partye of ander universiteite verifieer. Vals of onvolledige inligting kan daartoe lei dat jou aansoek afgekeur word of jou registrasie gekanselleer word.
Indien jy gedurende die akademiese jaar van (ouer)huis-, losies- en/of posadres of ander kontakbesonderhede verander, is jy self daarvoor verantwoordelik om die betrokke verandering(e) op jou SUNStudent-portaal, waar jy jou persoonlike besonderhede bestuur, aan te bring.
- 4.1.8 **Aansteeklike siektes:** Die Universiteit kan te eniger tyd van jou as student vereis om 'n sertifikaat van 'n gesondheidsorgpraktisyn wat deur die Universiteit aangewys is voor te lê, wat verklaar dat jy nie aan 'n oordraagbare of aansteeklike siekte ly nie. Die sertifikaat moet op jou eie koste verkry word.
Indien jy aan 'n oordraagbare of aansteeklike siekte ly, behou die Universiteit die reg voor om jou tydelik of permanent te verplig om die Universiteit te verlaat.
Die Universiteit vereis dat jy by aansoek om toelating o.a. die volgende onderteken:
"As jy vermoed dat jy 'n oordraagbare of aansteeklike siekte het, moet jy onmiddellik mediese hulp kry, jouself onttrek van alle Universiteit-aktiwiteite en -huisvesting, alle ander stappe neem om te verseker dat jy nie ander studente of personeel aansteek nie. Indien jy versuim om dit te doen, sal jy verantwoordelik gehou word vir enige eise wat teen die Universiteit ingestel word. In terme van die wet, vrywaar jy die Universiteit teen hierdie eise. Indien regsaksie teen die Universiteit geneem word, moet jy ook al die werklike regskoste betaal."
- 4.1.9 **Jou getekende kontrak:** As jy 'n voorwaardelike of finale aanbod vir die eerste keer ontvang, en jy besluit om die aanbod te aanvaar, sal ons jou vra om 'n getekende studentekontrak op te laai. Jy sal slegs kan registreer indien ons jou getekende studentekontrak ontvang het.
- 4.1.10 Hoe weet jy dat jy vir jou program kan registreer?
Finale aanbod
- o As jy met jou graad 12-punte aansoek doen, sal ons jou aansoek vir 'n finale aanbod of meer as een aanbod oorweeg. Jy moet dan een van daardie aanbiedinge binne die sluitingsdatum soos in die aanbod aangedui aanvaar.
 - o Indien jy 'n voorwaardelike aanbod aanvaar het, sal ons jou vir 'n finale aanbod oorweeg gebaseer op jou finale graad 12-uitslae wat aan die begin van die volgende akademiese jaar bekendgemaak word. Jy het drie dae om ons aanbod te aanvaar, waarna die aanbod verval.

4.2 Registrasie as student

4.2.1 Voorgraads en nagraads

Indien jy van voorneme is om as student te registreer, moes jy die voorgeskrewe aansoekvorm ingevul en by die Universiteitskantoor ingelewer het, die vereiste aansoekgeld betaal het en vir 'n spesifieke graad-, diploma- of sertifikaatprogram aan die Universiteit gekeur en daartoe toegelaat wees.

Volledige inligting oor keuringsprosedures vir spesifieke programme word by www.maties.com (voorgraads) en www.sun.ac.za/pgstudies (nagraads) verstrekk. Volledige besonderhede i.v.m. die program- en vakspesifieke toelatingsvereistes waaraan jy as voornemende student moet voldoen nadat jy gekeur en toegelaat is, en om dan vir die betrokke graad-, diploma- of sertifikaatprogram te mag registreer, word in die betrokke fakulteitsjaarboekdele verstrekk, en is ook by www.maties.com beskikbaar. Die toelatingsbeleid in verkorte vorm en basiese toelatingsvereistes word onder par. 1 en 2 van hierdie hoofstuk verstrekk.

4.2.2 Toelatingsbewyse

By registrasie moet jy, indien jy vir die eerste keer as student aan die Universiteit registreer, dokumentêre bewys soos gevra lewer dat jy aan die betrokke toelatingsvereistes voldoen, en jy moet voor of op 29 Mei jou oorspronklike Nasionale Senior Sertifikaat of ander uitstaande oorspronklike skoolleindsertifikate aan die Universiteit voorlê.

4.2.3 Studentekaart

Elke nuwe student word by registrasie as student van 'n elektroniese foto-identiteitskaart, kortweg studentekaart, voorsien. Studentekaarte is 'n noodsaaklike deel van die Universiteit se strewende om studente en personeel te beskerm, veiligheid op die kampus te handhaaf, en die integriteit van assesserings te verseker. Jou studentekaart gee jou toegang tot sekere Universiteitsgeboue en word benodig om van die fotokopiëringstelsel, etebeheerstelsels, wasgeriewe in koshuise en sekere ander dienste gebruik te kan maak. Dit moet ook by toegang tot assesseringslokale getoon word.

Jy behou die studentekaart wat jy in jou eerste jaar ontvang het en moet dit saambring wanneer jy as student kom registreer. Dit is noodsaaklik vir jou as student om jou studentekaart op kampus in jou besit te hê, of wanneer jy deelneem aan aktiwiteite en dienste wat verband hou met die Universiteit. Sonder 'n studentekaart in jou besit, sal jy nie as 'n student van die Universiteit erken word nie en kan jy gevolglik toestemming geweier word om die Universiteit te betree, deel te neem aan aktiwiteite en dienste, of om assesserings af te lê. Verlore studentekaarte kan, ná betaling van 'n vereiste bedrag by die Kassiere, by die IT Hub in die Admin A-gebou (Stellenbosch-kampus-programme) of by die Studentefinansiële stoonbank op die Tygerberg-kampus (Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe) of die IKT-hub op die Bellvillepark-kampus (Stellenbosch Besigheidskool en Skool vir Publieke Leierskap) vervang word.

Let wel: Jy moet jou studentekaart veilig bewaar en nooit enige ander persoon toelaat om die kaart vir enige doel te gebruik nie. Uitleen van jou studentekaart, die gebruik van 'n ander student se studentekaart, of produksie van ('n) vervalste studentekaart(e), is bedrog en word in 'n baie ernstige lig beskou. Afhangende van die omstandighede, kan beide die eienaar van die studentekaart en die persoon wat iemand anders se studentekaart gebruik, aan dissiplinêre optrede onderwerp word.

4.2.4 Registrasieprosedure en program- en modulewysigings

- 4.2.4.1 Alle voornemende studente, insluitend honneursstudente, moet ooreenkomstig die amptelike registrasieprogram as studente registreer, indien hulle daarvoor in aanmerking kom.
- 4.2.4.2 Solank as wat jy 'n terugkerende voorgraadse óf 'n terugkerende nagraadse student is, moet jy jaarliks formeel ooreenkomstig die amptelike registrasieprogram as student registreer indien jy daarvoor in aanmerking kom.
- 4.2.4.3 As jy nie binne die vasgestelde tydperk volgens die amptelike registrasieprogram registreer nie, word jy nie as student erken nie, tensy jy toestemming vir laat registrasie by die betrokke fakulteitsadministrateur verkry, of reeds vooraf verkry het, en die laatregistrasieheffing van R500 betaal.
- 4.2.4.4 Geen student (uitgesonderd nuwe navorsingsmagister- en doktorsale studente) word toegelaat om later as twee weke na die aanvang van klasse (kyk almanak, wat by <http://www.sun.ac.za/afrikaans/Pages/Dates.aspx> beskikbaar is) te registreer nie. Die laatregistrasieheffing van R500 is betaalbaar, behalwe waar die uitslag van 'n aansoek om hertoelating jou registrasie volgens die amptelike registrasieprogram verhoed het. Indien jy 'n nuwe eerstejaarstudent is, kan laat registrasie geweier word weens die feit dat die betrokke studieprogram reeds vol is. Kyk ook par. 4.2.7 verder aan in dié verband.
- 4.2.4.5 As nuwe eerstejaarstudent, word jy aangeraai om sover moontlik, en mits beskikbaar vir die betrokke program, van die webgebaseerde selfregistrasiefasiliteit gebruik te maak. As jy die NSS- of IEB-skooleindeksamen afgelê het, kan jy van die selfregistrasiefasiliteit gebruik maak, en ook as jy uit 'n ander skoolstelsel kom en jou finale skooluitslae betyds ontvang en op die sentrale inligtingstelsel van die Universiteit gelaai is. Alternatiewe reëlings kan vir magister- en doktorsale studente getref word en jy moet die betrokke fakulteitsadministrateur in die Admin A-gebou (Stellenbosch-kampus) in dié verband raadpleeg.
- 4.2.4.6 Registrasie behels nie net die amptelike vaslegging van jou persoonlike, biografiese en akademiese gegewens nie, maar ook die onmiddellike betaling van die voorgeskrewe geld by die kassier.
- 'n Volledige registrasieprogram, asook inligting oor die webgebaseerde selfregistrasiefasiliteit, word voor die einde van die voorafgaande jaar aan eerstejaar- en senior studente gestuur.
- 4.2.4.7 Die onus rus op jou om te verseker dat jy jaarliks vir die korrekte modules volgens jou spesifieke programkurrikulumvereistes, soos uiteengesit in die betrokke fakulteitsjaarboekdeel, registreer. Dit is veral belangrik dat jy seker maak dat jy in jou laaste jaar van studie vir al die laaste modules, ingeslote moontlike agterstallige modules uit vorige studiejaar, wat benodig word om die program te voltooi en die kwalifikasie te verwerf, registreer. Jy moet die bewys van registrasie, wat jy tydens die registrasieproses ontvang en wat jou program en modules vir die jaar bevat, kontroleer om seker te maak dat jy vir die korrekte program en jaargang (E = eerste jaar, N = nie-finale jaar en F = finale jaar) geregistreer is; dat al die modules wat jy in die betrokke jaar gaan volg daarop verskyn; dat dit die korrekte module(s) is, dit wil sê nie bv. 122 as dit 112 moet wees nie, en dat daar nie botsings tussen enige van jou geregistreerde modules op die klas- en toetsroosters voorkom nie.
- 4.2.4.8 Die assesseringsbeleid is van so 'n aard dat, indien jy botsings op die assesseringsrooster ervaar, jy van 'n ander assesseringsgeleentheid in die betrokke modules gebruik kan maak,

mits hierdie opsie deur die reëls van die onderskeie modules toegelaat word. Hierdie opsie is ook onderhewig daaraan dat jy en die betrokke departement(e) bevredigende reëlings tref indien daar ook botsings op die klas- en/of assesseringsroosters voorkom (kyk ook par. 4.2.7 hieronder in dié verband).

- 4.2.4.9 Indien daar foute op die bewys van registrasie en/of modules met onoorkomelike klas- en/of toetsroosterbotsings voorkom, moet jy dit binne die eerste twee klasweke van elke semester by die betrokke fakulteitsadministrateur in die Admin A-gebou (Stellenbosch-kampus-programme) of by die Akademiese Administrasie-kantore op die Tygerberg-kampus (Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe) of die Bellvillepark-kampus (Stellenbosch Besigheidskool en Skool vir Publieke Leierskap) regstel, of verkieslik self deur middel van die fasiliteit wat hiervoor op die webbladsy in die Studenteportaal beskikbaar is. Indien jy die program waarvoor jy geregistreer het, wil verander, moet dit eweneens binne die eerste twee klasweke van elke semester geskied, met dien verstande dat daar nog plek in die betrokke program beskikbaar is en jy gekeur en toegelaat word (geen student in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe sal egter toegelaat word om in die begin van die tweede semester na 'n ander program in hierdie Fakulteit oor te skakel nie). Vir versuim om dit betyds te doen – kyk par. 4.2.6 hieronder.
- 4.2.4.10 Die laaste datum vir module-/programwysigings vir die eerste sowel as tweede semester is deurgaans twee weke na die aanvang van klasse vir die betrokke semester (kyk die almanak, wat by <http://www.sun.ac.za/afrikaans/Pages/Dates.aspx> beskikbaar is, vir die spesifieke datums).
- 4.2.4.11 Alle voorgraadse graad-, spesiale, diploma- en sertifikaatstudente wat aan die toelatingsvereistes van die Universiteit voldoen, gekeur en toegelaat word (mits daar nog studieplek in die betrokke program beskikbaar is) en wat 'n aanvang kan maak met tweedesemester-modules waarvoor daar nie voor-, newe- of slaagvoorvereistes geld nie, kan administratief toegelaat word om met ingang van die tweede semester te registreer en moet binne die eerste twee klasweke van die tweede semester as studente registreer. As nagraadse student kan jy, indien die betrokke fakulteit/departement dit toelaat, ook vanaf die tweede semester registreer (kyk ook par. 6 verder in hierdie hoofstuk).
- 4.2.4.12 Indien jy 'n huidige US-student is (dit is 'n student wat in die vorige jaar geregistreer was en akademies in aanmerking kom om te herregistreer), en versuim om teen die betrokke registrasiedatum te herregistreer en nie reëlings met die betrokke fakulteit tref om laat te registreer nie, sal jy as gestaak beskou word totdat jy deur die betrokke fakulteit goedgekeur word om te herregistreer.

4.2.5 Heffing vir versuim om betyds te registreer

4.2.5.1 Vir die betrokke graad-/diploma-/sertifikaatprogram

Indien jy versuim om betyds volgens die amptelike registrasieprogram as student vir die betrokke program vir die jaar te registreer of self te registreer, selfs al is vooraf toestemming vir laat registrasie verkry, is jy aanspreeklik vir die betaling van 'n boete van R500. Indien jy reeds R200, d.w.s. R100 aansoekgeld en R100 heffing, vir 'n laat aansoek om toelating, betaal het, word jy egter van die laatregistrasieheffing vrygestel, mits jy binne die eerste twee klasweke van die semester registreer. Geen laat registrasie word ná die einde van die tweede klasweek toegelaat nie.

4.2.5.2 Vir 'n module

Indien jy as student geregistreer het en 'n module(s) volg waarvoor jy nie voor die einde van die tweede klasweek van 'n semester geregistreer het nie, sal jy, as jy in 'n uitsonderlike gevalle wel die nodige toestemming kry om te mag registreer, 'n heffing van R100 moet betaal.

4.2.6 Laat aansluiting

Na die einde van die tweede klasweek word geen aansoeke om oorskakeling na of nuwe aansluiting by enige module of sertifikaat-, diploma- of graadprogram oorweeg nie.

4.2.7 Beperking t.o.v. moduleregistrasie op grond van roosterbotsings

Die finale klas- en assesseringsroosters is vanaf die begin van 'n betrokke jaar afsonderlik op die web beskikbaar. Jy moet self die klas- en assesseringsroosters voor registrasie nagaan en jou moduleregistrasie streng beperk tot die moontlikhede wat die betrokke roosters bied. Geen student mag modules volg wat op enige van hierdie roosters bots nie. Die assesseringsbeleid is van so 'n aard dat indien jy assesseringsroosterbotsings tydens die eerste eksamen ervaar, jy die tweede eksamen in een van die modules as eerste en enigste eksamengeleentheid in die betrokke module kan benut, met dien verstande dat indien daar ook klas- en/of toetsroosterbotsings voorkom, jy geen reg op tegemoetkoming met betrekking tot die klas- en/of toetsroosterbotsings sal hê op grond van die feit dat die assesseringsbeleid botsings akkommodeer nie. Dit is moontlik dat modules waar buigsame assessering toegepas word, nie so 'n keuse ten opsigte van finale assessering bied nie. Botsings in assesseringsgeleenthede kan gevolglik verhoed dat sulke modules uit verskillende jaargange saam in dieselfde akademiese jaar gevolg kan word.

4.2.8 Afwyking van goedgekeurde vakkombinasies

Indien jy 'n vakkombinasie wil volg wat van 'n goedgekeurde kurrikulum van 'n graad-, diploma- of sertifikaatprogram afwyk, moet jy skriftelik aansoek doen om goedkeuring van so 'n vakkombinasie. Die betrokke fakulteitsadministrateur in die Admin A-gebou (Stellenbosch-kampus) moet hieroor geraadpleeg word.

4.2.9 Huidige of voormalige studente van ander universiteite

- 4.2.9.1 Indien jy 'n student van 'n ander erkende universiteit in Suid-Afrika is of was, kan jy toegelaat word om vir 'n graad-, diploma- of sertifikaatprogram aan hierdie Universiteit te registreer, mits jy bewys van suksesvolle studie, in terme van modules geslaag, gelewer het, aan die toelatingsvereistes voldoen, gekeur en toegelaat word. Jy moet vir minstens twee jaar aan hierdie Universiteit registreer en minstens die helfte van die totale krediete van die betrokke program, wat die hoofvakke insluit, aan hierdie Universiteit slaag, alvorens die betrokke kwalifikasie verleen kan word.
- 4.2.9.2 Om toegelaat te word om as 'n student van 'n ander erkende Suid-Afrikaanse universiteit as student vir 'n program by die US te mag registreer, moet jy eers 'n volledige studierekord en bevredigende gedragssertifikaat, uitgereik deur eersgenoemde universiteit, gedurende die aansoekproses inlewer.
- 4.2.9.3 Hou asseblief in gedagte dat al die inligting wat jy verskaf waar en volledig moet wees. Ons kan jou inligting met derde partye of ander universiteite verifieer. Vals of onvolledige inligting kan daartoe lei dat jou aansoek afgekeur of jou registrasie gekanselleer word.

4.2.10 Registrasie van magister- en doktorale studente

Indien jy 'n terugkerende magister- of doktorale student is, kan jy tot 7 Februarie 2025 registreer indien jy daarvoor in aanmerking kom. Indien jy versuim om betyds te registreer, kyk par. 8 onder die hoofstuk "Nagraadse Kwalifikasies" verder in hierdie boek. Indien jy vir die eerste keer as 'n navorsingsmagister- of doktorale student registreer, kan jy tot 27 Maart 2025 registreer, mits jy toegelaat is.

4.3 Aanvang van die akademiese jaar

In 2025 sal die klasse met verskillende tussenposes begin. Besonderhede in verband met die aanvangsdatums van programme en studentekategorieë word in die almanak, wat beskikbaar is by <http://www.sun.ac.za/afrikaans/Pages/Dates.aspx>, aangegee.

4.4 Veranderinge aan persoonlike en kontakbesonderhede

Indien jy as student jou voorname en/of van verander, moet jy die nodige gesertifiseerde afskrifte van die dokumentêre bewyse by die Inligtingstoonbank in die Admin A-gebou (Stellenbosch-kampus), of by die Akademiese Administrasie-kantore op die Tygerberg-kampus (vir studente van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe) of die Bellvillepark-kampus (vir studente van die Stellenbosch Besigheidskool en Skool vir Publieke Leierskap) indien voordat verandering aangebring kan word. Gesertifiseerde afskrifte van huweliks sertifikate of skeidokumente in die geval van huwelikstaatverandering word ook vereis.

Indien jy gedurende die akademiese jaar van huis-, losies- en/of posadres of ander kontakbesonderhede verander, is jy self daarvoor verantwoordelik om die betrokke verandering(e) op jou SUNStudent-portaal, waar jy jou persoonlike besonderhede bestuur, aan te bring.

5. Beperkings op registrasie vir modules

5.1 Registrasie slegs vir assesseringsdoeleindes

- 5.1.1 As voorgraadse student mag jy registreer met die oog slegs op assesserings indien jy vir geen US-modules registreer nie en jy toestemming het om een of meer modules aan 'n ander universiteit te volg vir die doeleindes daarvan om 'n kwalifikasie aan die US te verwerf.
- 5.1.2 As nagraadse student sal jy nie toegelaat word om slegs vir assesseringsdoeleindes te registreer nie. Jy moet as gewone student registreer – met dien verstande, egter, dat jy in sekere omstandighede van studentegelde vrygestel mag word op aanbeveling van die betrokke voorsitter, hoof of direkteur van die departement of sentrum en met goedkeuring van die betrokke dekaan of hul afgevaardigde.

5.2 Registrasie vir voorgeskrewe programmodules

- 5.2.1 In voorgraadse studente sy eie belang, met die oog op hulle akademiese sukses, sal geen student toegelaat word om vir 'n kredietlading van meer as 125% van die voorgeskrewe totale modulekrediete in 'n sekere akademiese jaar te registreer nie.
- VOORBEELD:** Indien die totale krediete vir verpligte modules van B in Ingenieurswese I 120 krediete is, mag jou kredietlading vir die jaar nie meer as 150 krediete wees nie (120 krediete x 125% = 150 krediete) Jy mag dus net 'n maksimum van 30 bykomende krediete bo jou verpligtende 120 krediete in hierdie jaar neem.
- 5.2.2 Hierdie beperking is onderworpe aan verdere inperkings op kredietladings per semester vir

spesifieke programme, met hierdie inperkings uiteengesit in die relevante fakulteitsjaar-boekdeel.

5.3 Inskrywing vir geleentheidsmodules

- 5.3.1 Die onderstaande beperkende bepalinge geld vir geleentheidsmodules (soos in par. 2.12 van die afdeling "Assesserings en Promovering" omskryf):
- 5.3.2 As jy 'n volle kredietlading dra volgens die graad-, sertifikaat- of diplomaprogram waarvoor jy inskryf, mag jy vir geleentheidsmodules inskryf met die oog daarop om bykomende krediete te verwerf, mits:
- 5.3.2.1 jy toestemming bekom het van die dekaan van die tuisfakulteit of die direkteur van die tuissentrum (of die dekaan of direkteur se gevolmagtigde) van die program waarvoor jy ingeskryf is soos hier bo uiteengesit;
- 5.3.2.2 jy toestemming bekom het van die voorsitter, hoof of direkteur van die beoogde geleentheidsmodule se tuisdepartement of sentrum; en
- 5.3.2.3 jy die verantwoordelikheid aanvaar om te sorg dat jy suksesvol kan studeer met die geleentheidsmodules bygevoeg (d.w.s. dat verkryging van sodanige toestemming nie jou verantwoordelikheid wegneem nie).
- 5.3.3 Waar jy daarvan weerhou word om vir die normale kredietlading vir 'n jaar van jou graad-, sertifikaat- of diplomaprogram te registreer, byvoorbeeld weens voorvereistmodules of weens klasroosterbetsings, mag jy jou jaarkrediete aanvul deur vir geleentheidsmodules te registreer solank die totale getal krediete nie die genoemde normale getal jaarkrediete vir jou graad-, sertifikaat- of diplomaprogram oorskry nie, met behoud van par. 5.3.2 hier bo.
- 5.3.4 Indien jy vir meer krediete as die normale jaarlikse kredietlading vir jou graad-, diploma- of sertifikaatprogram registreer omdat jy met een of meer modules agterstallig is, mag jy nie geleentheidsmodules neem nie.

5.4 Gelyklopende inskrywing vir meer as een studiejaar

- 5.4.1 As voorgraadse student mag jy vir meer as een studiejaar gelyklopend inskryf, met dien verstande dat:
- 5.4.1.1 jy aan alle bepalinge rakende slaagvoorvereistes, voorvereistes en newevereistes voldoen;
- 5.4.1.2 die klasrooster toelaat dat die betrokke modules gelyklopend geneem kan word; en
- 5.4.1.3 jy aan die minimum vereistes vir bywoning van die betrokke program voldoen.
- 5.4.2 As jy 'n geleentheidstudent is (bv. wat vir geen akademiese program geregistreer is nie), mag jy vir meer as een studiejaar van 'n voorgraadse vak gelyklopend inskryf, mits jy die reëls van die betrokke fakulteitsraad volg en die betrokke departement of programkomitee dit goedkeur. Lees ook par. 5.5 in die afdeling "Toelating en Registrasie".
- 5.4.3 As nagraadse student mag jy vir meer as een studiejaar van 'n voorgraadse vak gelyklopend inskryf, mits jy die reëls van die betrokke fakulteitsraad volg en die betrokke departement of programkomitee dit goedkeur.

6. Toelating as 'n geleentheidstudent

- 6.1 Aansoeke om toelating as 'n geleentheidstudent vir 'n gegewe jaar sluit op 30 September (voorgraads) van die voorafgaande jaar en 14 Januarie (nagraads) van die betrokke jaar.
- 6.2 Indien jy 'n voornemende student is wat nie 'n goedgekeurde graad-, diploma- of sertifikaatprogram wil volg nie, of as jy nie voldoen aan die toelatingsvereistes vir so 'n program nie, kan jy as 'n geleentheidstudent, met die oog op die volg van individuele modules en onderhewig aan fakulteitsgoedkeuring, tot die Universiteit toegelaat word, mits jy:
- 6.2.1 in besit is van minstens die Nasionale Senior Sertifikaat van die Departement van Basiese Onderwys, of kwalifikasies wat deur die Universiteit as gelykwaardig/voldoende beskou word; en
- 6.2.2 jy 'n gemiddelde prestasie van minstens 50% vir die Nasionale Senior Sertifikaat of gelykwaardige/voldoende kwalifikasie behaal het.
- 6.3 As 'n geleentheidstudent, moet jy vir minstens een module aan die Universiteit registreer, en in minstens een van die modules waarvoor jy geregistreer het, slaag om verder as 'n geleentheidstudent aan die Universiteit toegelaat te word, tensy die Hertoelatingsappèlkomitee jou spesiale verlof daartoe verleen.
- 6.4 Die vakbepalinge, bv. newe-, voor- en slaagvoorvereistes wat vir modules ter verwerwing van 'n graad, diploma of sertifikaat geld, geld ook in die geval van modules wat deur geleentheidstudente gevolg word.
- 6.5 Indien 'n reeds gegradueerde persoon as 'n geleentheidstudent tot modules van jaargange 1, 2 en 3 van 'n vak toegelaat word, sal dit nie noodwendig beteken dat toelating ook tot nagraadse studie in die betrokke vak verleen sal kan word nie. Raadpleeg die betrokke

7. Toelating van studente m.i.v. die tweede semester

Jy kan met ingang van die tweede semester as studente toegelaat word, onderhewig aan die volgende vereistes:

7.1 Aansoek, keuring en toelating

Jy moet voor 12 Julie op die voorgeskrewe hardekopie-aansoekvorm van die Universiteit om toelating as student aansoek doen, aan die minimum toelatingsvereistes van die betrokke program voldoen, en gekeur en toegelaat word. Keuring en toelating tot die besonderse program is onderhewig aan die beskikbaarheid van studieplek in die betrokke program.

7.2 Registrasie

Jy moet binne die eerste twee klasweke van die tweede semester as student registreer.

Let asseblief daarop dat registrasie nie net die amptelike vaslegging van jou persoonlike, biografiese en akademiese gegewens behels nie, maar ook die onmiddellike betaling van die voorgeskrewe geld by die kassier.

7.3 Voorgraadse graad-, geleentheid-, sertifikaat- en diplomastudente

Alle voorgraadse graad-, geleentheid-, sertifikaat- en diplomastudente wat aan die toelatingsvereistes en reëls van die Universiteit voldoen, gekeur en toegelaat word, kan 'n aanvang maak met tweedesemestermodules waarvoor daar nie voor-, newe- of slaagvoorvereistes geld nie. As so 'n student kan jy administratief toegelaat word.

7.4 Honneursstudente

- 7.4.1 Jy kan as honneursstudent registreer mits jy voor 12 Julie skriftelik by die Registrateur aansoek gedoen het om toelating tot die betrokke honneursprogram en deur die betrokke departement aanvaar is.
- 7.4.2 Verder moet die honneursprogram sodanig gestruktureer (gesemesteriseer) wees dat dit moontlik is om in die tweede semester daarmee 'n aanvang te neem. In hierdie geval kan jy wel verder administratief toegelaat word.

7.5 Magisterstudente

Jy kan as magisterstudent registreer mits jy deur die betrokke departement of, waar nodig, deur die Senaat op aanbeveling van die betrokke fakulteitsraad toegelaat word. Verder kan jou toelating administratief afgehandel word.

7.6 Doktorale studente

Jy kan as doktorale student registreer mits jy via die toelatingsproses van die betrokke fakulteitsraad toegelaat word en deur middel van die Mededelingsrapport aan die Senaat voorgelê en jou toelating bekragtig word.

8. Gelyktydige inskrywing by verskillende universiteite

8.1 Gelyktydige inskrywing by verskillende universiteite vir onderafdelings van dieselfde graad of diploma

- 8.1.1 Jy word nie as voorgraadse student toegelaat om gelyktydig by hierdie en 'n ander universiteit vir modules of onderafdelings van modules in te skryf terwyl jy nog besig is met die nakoming van die verpligte minimum residensie vir die betrokke graad, diploma of sertifikaat nie.
- 8.1.2 Indien jy 'n voorgraadse nie-finalejaarstudent van hierdie Universiteit is, kan jy ná nakoming van die verpligte minimum residensie vir die betrokke graad, diploma of sertifikaat toegelaat word om ontbrekende modules, uitgesonderd finalejaarsmodules, aan 'n ander universiteit aan te vul, mits jy nie in 'n posisie is om dié module(s) alhier aan te vul nie.
- 8.1.3 Jy kan as finalejaarstudent deur die betrokke fakulteitsraad toegelaat word om tot 'n maksimum van die helfte van jou finalejaarskrediete aan Unisa te slaag op voorwaarde:
- 8.1.3.1 dat indien jy vir finalejaarskrediete aan Unisa wil registreer met die oog op erkenning deur die Universiteit Stellenbosch, jy eers vooraf seker moet maak dat die betrokke module(s) (krediete) erken sal word, by wyse van voorlegging van die inhoud(e) van die Unisa-modules via die betrokke fakulteitsadministrateur aan die betrokke US-departement;

- 8.1.3.2 dat erkenning van finalejaarskrediete slegs oorweeg sal word indien jy om finansiële (bv. nie meer op die kampus) of ander (vir die betrokke fakulteitsraad) aanvaarbare redes nie die krediete (module(s)) deur die Universiteit Stellenbosch kan volg nie;
- 8.1.3.3 dat, indien jy reeds voorheen modules by 'n ander universiteit geslaag het wat deur die Universiteit Stellenbosch vir graaddoelindes erken is, die aanvulling van finalejaarskrediete by Unisa nie mag meebring dat minder as die helfte van die totale getal krediete wat die program vereis by die US verwerf is nie;
- 8.1.3.4 dat hierdie reëlings tot die finalejaarsmodules van Unisa beperk word, maar dat verdienstelike aansoeke vir die erkenning van finalejaarsmodules van ander universiteite as Unisa, op 'n ad hoc-basis deur die Uitvoerende Komitee (Senaat) oorweeg sal word.
- 8.1.4 As nagraadse student van hierdie Universiteit kan jy deur die Senaat, op aanbeveling van die betrokke fakulteitsraad, toegelaat word om modules of komponente van modules, gelyktydig met jou studie alhier, aan 'n ander universiteit te neem.

8.2 Gelyktydige inskrywing by verskillende universiteite vir verskillende grade of diplomas of as 'n geleentheidstudent

- 8.2.1 Jy word normaalweg nie toegelaat om gelyktydig met studie alhier ook by 'n ander universiteit vir 'n ander graad-, diploma- of sertifikaatprogram in te skryf nie.
- 8.2.2 Afwykings van hierdie reël word slegs by hoë uitsondering oorweeg, en dan slegs indien jy reeds voldoen het aan die minimum residensievereistes vir minstens een van die twee grade en/of diplomas en/of sertifikate waarvoor jy ingeskryf is.
- 8.2.3 As jy as geleentheidstudent aan die US registreer en terselfdertyd ook as nagraadse student aan 'n ander universiteit wil registreer, moet jy vooraf skriftelik toestemming daarvoor by die betrokke fakulteit van die Universiteit Stellenbosch verkry.
- 8.2.4 Indien jy nagraadse programme aan ander universiteite volg waarvoor jy ook aan die Universiteit Stellenbosch sou kon registreer, sal jy nie toegelaat word om terselfdertyd aan die US as 'n geleentheidstudent te registreer nie. Indien so 'n nie-goedgekeurde dubbele registrasie bekend sou word, sal jy onmiddellik gederegistreer word met verbeuring van alle gelde wat reeds betaal is.

9. Gelyktydige inskrywing vir meer as een program

Indien jy reeds oor 'n B-grad beskik en vir 'n nagraadse program ingeskryf is, kan jy in hoogs uitsonderlike gevalle toegelaat word om gelyktydig vir 'n verdere graad, diploma of sertifikaat in dieselfde of 'n ander fakulteit in te skryf, met dien verstande:

- 9.1 dat dit deur die Senaat op aanbeveling van die betrokke fakulteitsraad/-rade goedgekeur word;
- 9.2 dat die vergunning slegs vir studente wat 'n gemiddelde prestasie van ongeveer 70% in die toepaslike B-grad behaal het, oorweeg word;
- 9.3 dat die vergunning deur die Senaat teruggetrek sal word indien jou vordering in een of albei van die grade/diplomas/sertifikate wat gelyktydig gevolg word, na die oordeel van die betrokke fakulteitsraad nie na wense is nie; en
- 9.4 dat gelyktydige residensie vir twee honneursprogramme nie toegelaat sal word nie.

10. Hertoelating na onsuksesvolle studie

10.1 Hertoelatingsvereistes vir voorgraadse studente

- 10.1.1 Die hertoelatingsvereistes vir voorgraadse programme aan die US word uitgewerk volgens die getal krediete wat jy vir 'n bepaalde akademiese jaar en vir verskeie jare kumulatief moet verwerf.
- 10.1.1.1 Akademiesejaarkredietvereistes verwys na die persentasie krediete wat jy vir 'n bepaalde akademiese jaar moet slaag (bv. BSc eerste jaar of BSc tweede jaar).
- 10.1.1.1.1 **Voorbeeld:** Gestel die krediet totaal van verpligte modules van die betrokke akademiese jaar is 120 en die hertoelatingsvereiste is dat jy 50% van die akademiesejaarkrediete moet verwerf. Dan moet jy $50\% \times 120 = 60$ krediete teen die einde van die akademiese jaar verwerf.
- 10.1.1.2 Vereistes rakende kumulatiewe krediete verwys na die persentasie krediete wat jy moet verwerf vir alle akademiese jare gesamentlik in die program waarvoor jy geregistreer is.
- 10.1.1.2.1 **Voorbeeld:** Gestel jy is in jou tweede jaar aan die US in 'n BSc-program waarvoor die krediete vir die BSc se eerste jaar 120 is en vir die BSc se tweede jaar 126 is. Die getal kumulatiewe krediete vir die verpligte modules in albei akademiese jare (jaar 1 en jaar 2) is dus 246. Gestel die vereiste is dat jy 70% van die kumulatiewe krediete moet verwerf. Dan moet jy $70\% \times 246 = 172$ krediete teen die einde van jou tweede jaar verwerf het.

10.1.2 Kredietvereistes per fakulteit

Fakulteit	Eerste jaar	Verlengde- kurrikulum- program (VKP) jaar 1	Tweede jaar en elke jaar daarna	Kumulatief (vanaf die tweede jaar)
AgriWetenskappe	50%	100%	50%	70%
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	50%	50%	50%	NVT
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	50%	NVT	50%	70%
Ingenieurswese	50%	100%	50%	70%
Krygskunde	NVT	NVT	NVT	NVT
Lettere en Sosiale Wetenskappe	50%	50%	50%	70%
Natuurwetenskappe	50%	100%	50%	70%
Opvoedkunde	50%	50%	50%	70%
Regsgeleerdheid	50%	NVT	50%	70%
Teologie	50%	50%	50%	70%

10.1.2.1 **Voorbeeld:** Vir die driejarige BA (Internasionale Studie)-program is die hertoelatingsvereistes soos in Tabel 1 hier onder.

- o In jaar een (eerste jaar) sal daar van jou vereis word om 'n minimum **50%** van die vereisde krediete van 'n BA (Internasionale Studie)-program te behaal, dit wil sê 63 krediete uit die vereisde 126 krediete.
- o In jaar twee sal daar van jou vereis word om **70%** (178 krediete) van die kumulatiewe vereisde krediete oor die eerste twee akademiese jare (in totaal 254 krediete) te behaal om na die volgende akademiese jaar te vorder.
- o In jaar drie sal daar van jou vereis word om **70%** (262 krediete) van die vereisde kumulatiewe krediete te behaal (in totaal 374 krediete),

Tabel 1: Die jaarlikse vlak en kumulatiewekredietvereiste vir hertoelating

Programnaam	Akademiese jaar	Vereisde program-krediete	Persentasie van vereisde krediete vir hertoelating (einde van elke jaar)	Akademiese-jaarkrediete vereis vir hertoelating (einde van jaar)	Persentasie kumulatiewe krediete vereis vir hertoelating (einde van elke jaar)	Kumulatiewe krediete vereis vir hertoelating (einde van jaar)	Totale program-krediete
BA (Internasionale Studie)	Jaar 1	126	50%	63	50%	63	126
BA (Internasionale Studie)	Jaar 2	128	50%	64	70%	178	254
BA (Internasionale Studie)	Jaar 3	120	50%	60	70%	262	374

10.1.2.2 Uitsonderings: Indien jy weens die betrokke program se voor- of newemodulevereistes beperk word om die volle kredietlading vir 'n spesifieke akademiese jaar te neem en jy het minstens 80% van die krediete wat jy in daardie akademiese jaar geneem het, verwerf, kan die betrokke fakulteit outomatiese hertoelating aan jou verleen, selfs al voldoen jy nie ten volle aan die betrokke akademiesejaar- en/of kumulatiewe kredietvereistes nie.

10.1.3 Die programme van die Fakulteit Ingenieurswese het in sommige gevalle addisionele en unieke hoër hertoelatingsvereistes wat in die Fakulteitsjaarboekdeel (Deel 11) vervat is.

10.1.4 Die programme van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe stel bykomende en unieke hoër promosievereistes wat in die Fakulteitsjaarboekdeel (Deel 12) vervat is.

10.1.5 As jy 'n voorgraadse student in 'n voltydse graad-, sertifikaat- of diplomaprogram is en jy het nie aan die einde van elke studiejaar die vereisde getal krediete vir jou bepaalde program verwerf nie, word jy akademies uitgesluit. Die kredietvereistes is dié hierbo plus dié vir die spesifieke fakulteit of program (indien van toepassing).

10.2 Algemene hertoelatingsaansoekbepalings

- 10.2.1 As jou akademiese rekord nie aan die vereistes vir hertoelating tot die Universiteit vir die volgende jaar voldoen nie (d.w.s. as jy akademies uitgesluit is omdat jy nie voldoen aan die algemene kredietvereistes vir herregistrasie of die herregistrasievereistes van die program waarvoor jy tans geregistreer is nie), moet jy by die Hertoelatingsappèlkomitee (HAK) aansoek doen om jou studies in die volgende jaar voort te sit.
- 10.2.2 Jy sal voor 24 Desember van die huidige jaar per SMS en deur jou US-e-posadres in kennis gestel word van jou akademiese uitsluiting, of as jy assesserings in die A4-tydperk het, so gou moontlik nadat die A4-uitslae gepubliseer is.
- 10.2.3 Jy kry geleentheid kry om teen akademiese uitsluiting te appelleer deur 'n appèlaansoek-vorm by die betrokke fakulteit se HAK in te dien. Dit moet van stawende dokumentasie ver-gesel word. Klik [hier](#) vir die US se toegewyde hertoelatingswebblad wat die nuutste inligting oor die hertoelatingsproses bevat, asook relevante kontakinligting en vorms wat 'n HAK-aan-soek moet vergesel.
- 10.2.3.1 Jou aansoek moet die omstandighede buite jou beheer uiteensit wat daartoe gelei het dat jy akademies onderpresteer het en uiteindelik akademies uitgesluit is.
- 10.2.3.2 Jy moet elke omstandigheid wat jy in jou aansoek uiteensit, volledig met stawende bewyse ondersteun.
- 10.2.3.3 As jy jou aansoekvorm sonder stawende bewyse inlewer, oorweeg die HAK nie jou aansoek nie.
- 10.2.3.4 Jou aansoek moet uiteensit hoe jy herstel het of beoog om te herstel van die omstandighede buite jou beheer wat jy in jou aansoek noem, en hoe jy beoog om aan die US te slaag as jy hertoegelaat word.
- 10.2.4 Jy moet jou appèlaansoek om hertoelating voor of op 10 Januarie by die Universiteit indien. Dit geld vir alle fakulteite buiten die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe – die sluitingsdatum vir hierdie fakulteit is 17 Januarie.
- 10.2.4.1 Jy kry minstens vyf sakedae om 'n appèlaansoek in te dien vanaf die datum waarop ons die kennisgewing aan jou stuur dat jy hertoelating geweier is indien jy 'n A4-assessering geskryf het, of as jy 'n student in Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe is wat 'n spesiale of aanvullende assessering in Januarie voltooi het.
- 10.2.5 'n Bedrag van R540 is vir elke aansoek om hertoelating betaalbaar. Jy kry nie hierdie aan-soekgeld terug nie, ongeag wat die HAK beslis. As jy nie hierdie aansoekgeld kan bekostig nie, maak asseblief seker dat jy saam met jou appèlaansoek 'n versoek indien dat die Universiteit van dié koste afstand doen.
- 10.2.6 Geen laat aansoeke om hertoelating sal aanvaar word nie.
- 10.2.7 Alhoewel die Universiteit jou per SMS en e-pos van jou akademiese uitsluiting in kennis stel en jou 'n geleentheid bied om teen jou uitsluiting van die Universiteit te appelleer, rus die onus op jou (die student) om self te bepaal of jy aan die vereistes vir hertoelating voldoen of nie, en om dit te doen voor die finale datum vir appèl. Jy moet dit doen deur jou akademiese rekord te oorweeg teenoor die reëls vir hertoelating, soos hierbo uiteengesit.
- 10.2.8 Indien jy vermoed dat jy nie aan die vereistes vir hertoelating voldoen nie, maar jy het nie 'n e-pos oor uitsluiting van die Universiteit ontvang nie, moet jy betyds die fakulteitsadmini-strateur of fakulteitsbeampte <[hier](#)> van die betrokke fakulteit kontak. Jy kan ook die betrok-ke amptenaar in die Admin A-gebou op Stellenbosch-kampus (alle fakulteite) of by die Tygerberg-kampus (Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe) besoek voor die finale datum om die hertoelatingsappèlaansoek in te dien.
- 10.2.9 Jy moet 'n volledig gemotiveerde hertoelatingsappèlaansoek voltooi en dit elektronies via die SUNStudent-portaal saam met stawende dokumente indien. "Ten volle gemotiveer" beteken dat jy alle relevante inligting moet verskaf en die omstandighede buite jou beheer waarom jou studies nie suksesvol was nie uiteensit en hoekom jy hoop om in die toekoms suksesvol te studeer.
- 10.2.9.1 Sodanige inligting kan van 'n persoonlike en baie sensitiewe aard wees; dit word nietemin vereis dat jy die Hertoelatingsappèlkomitee (HAK) volkome in jou vertroue neem.
- 10.2.9.2 Alle inligting wat met die HAK gedeel word, sal sensitief en vertroulik hanteer word. Die Hertoelatingsappèlkomitee moet volledige inligting hê om tot 'n regverdigte besluit te kom wat in jou beste belang is.
- 10.2.9.3 Stawende dokumente wat jou redes vir swak prestasie substansieer, moet saam met jou aansoek ingedien word.
- 10.2.9.4 Indien jou aansoek afgekeur is, sal geen verdere inligting ter stawing van jou aansoek daarna aanvaar word nie. Die besluit van die Hertoelatingsappèlkomitee is finaal, en geen tweede appèl van dieselfde aansoeker sal oorweeg word nie.
- 10.2.10 Vir hertoelatingsdoeleindes word die totale aantal jare wat jy aan 'n universiteit gestudeer het, in ag geneem, ongeag enige programveranderings tydens jou studie.

- 10.2.11 Oorwegings as jy jou studies gestaak het:
- 10.2.11.1 Ons debiteer nie jou akademiese rekord vir die betrokke akademiese jaar nie as jy jou studies as ingeskrewe student 'n eerste keer en uit eie keuse voor of op 31 Julie van 'n sekere jaar staak; as jy op grond van akademiese oorwegings nie vir die tweede semester toegelaat word nie; of as die Universiteit jou aangeraai het om nie jou studies voort te sit nie.
- 10.2.11.2 Indien jy kies om vir 'n tweede of verdere keer in enige daaropvolgende jaar te staak, sal dit outomaties vir hertoelatingsdoeleindes oorweeg word. Hierdie bepaling is egter nie van toepassing as, na die Universiteit se mening, die staking die gevolg is van omstandighede buite jou beheer nie, byvoorbeeld weens mediese redes, ondersteun deur 'n mediese sertifikaat.
- 10.2.11.3 Indien jy jou studies voor die November-eksamen weens ondersteunde mediese redes staak, sal jy nie hertoelating geweier word vir die betrokke jaar nie, of vir enige opeenvolgende jaar waar dit vir jou nodig is om jou studies te staak weens bewese mediese redes nie.
- 10.2.12 Aansoeke en gepaardgaande stawende dokumente wat onleesbaar is of wat gewysig is, kan afgekeur word en as dit bewys kan word dat jy so 'n stawende dokument gewysig het, kan dit tot dissiplinêre stappe lei.
- 10.2.13 Die HAK sal slegs die appèlle oorweeg van aansoekers wat die vereisde aansoekproses gevolg het.
- 10.2.14 Jy moet aansoek doen vir 'n spesifieke program waarvoor hertoelating verlang word. As jou hertoelatingsaansoek onsuksesvol is tot daardie program, mag jy nie aansoek doen om hertoelating tot 'n ander program aan die US vir dieselfde jaar waarin jou hertoelatingsaansoek onsuksesvol was nie.
- 10.2.15 Indien jou hertoelatingsappèlaansoek onsuksesvol is, geld die volgende:
- 10.2.15.1 Jy kan aansoek doen om hertoelating as student vir die volgende jaar volgens die proses hierbo uiteengesit.
- 10.2.15.2 As jy na jou studies wil terugkeer na 'n onsuksesvolle hertoelatingsappèlaansoek of waar daar 'n lang onderbreking in jou registrasie aan die US was, moet jy 'n aansoek vir die betrokke program op die aansoekportaal (<https://student.sun.ac.za>) voordat hulle toegelaat sal word om te herregistreer. Dit word vereis om te verseker dat jou jongste inligting op die Universiteit se administrasiesistelsel vasgelê word voor registrasie.
- 10.2.15.3 Jy moet jouself akademies by 'n ander instansie, soos Unisa, bewys nadat jou hertoelatingsaansoek onsuksesvol was of jy uitgesluit is en jy nie om hertoelating aansoek gedoen het nie voordat jou hertoelatingsaansoek in 'n daaropvolgende jaar oorweeg sal word.
- 10.2.16 Indien daar van jou vereis word om die Universiteit te verlaat omdat jou hertoelatingsappèlaansoek onsuksesvol was of jy uitgesluit is en jy nie om hertoelating aansoek gedoen het nie, sal jy nie toegelaat word om jou studie hier as 'n geleentheidstudent voort te sit nie.
- 10.2.17 Alle betyds voltooid en ingediende aansoeke sal deur die Hertoelatingsappèlkomitee oorweeg word.

10.3 Hertoelating tot die US nadat jy elders gestudeer en uitgesluit is

- 10.3.1 Indien jy aan 'n ander universiteit gestudeer het en weens swak akademiese prestasie of swak gedrag daar uitgesluit was, kan daar van jou verwag word om by die US se Hertoelatingsappèlkomitee aansoek te doen, en jy sal teenoor die kredietvereistes soos uiteengesit in 10.1 hierbo, oorweeg word. Indien jy nie aan die kredietvereistes voldoen nie, sal jou aansoek deur die Hertoelatingsappèlkomitee oorweeg word, ongeag die aantal jare wat jy aan die ander universiteit of universiteite gestudeer het.
- 10.3.2 Indien jy aan een of meer ander universiteite gestudeer het en jy wil voortgaan met jou studies aan die Universiteit Stellenbosch, sal jou verblyftydperk by sodanige ander universiteit of universiteite vir hertoelatingsdoeleindes soos in 10.1 in ag geneem word wanneer hernuwing van jou registrasie as 'n student oorweeg word, met dien verstande dat twee jaar van registrasie aan 'n ander universiteit as gelykstaande aan een jaar van voltydse registrasie aan die US beskou sal word.

10.4 Hertoelatingsvereistes vir nagraadse studente

- 10.4.1 Die reëls vir voortgesette registrasie in nagraadse programme en die maksimum tydperk wat toegelaat word vir registrasie in honneurs- en nagraadse diplomaprogramme word in die "Nagraadse kwalifikasies"-hoofstuk van hierdie Jaarboekdeel onder die afdelings "Voortsetting van registrasie vir nagraadse programme" en "Maksimum tydperke van registrasie: diploma- en honneursprogramme" hanteer.
- 10.4.2 Verwys verder ook na die betrokke fakulteite se jaarboekdele vir die fakulteits- of programspesifieke herregistrasie- en/of hertoelatingsreëls vir nagraadse programme.

11. Akademiese aktiwiteite bedags en saans, sportbeoefening en toetstye

Geen nie-akademiese aktiwiteite mag vir/deur studente op klasdae tussen 08:00 en 17:00 gereël word op 'n wyse wat inbreuk op die Universiteit se akademiese aktiwiteite maak nie.

Afgesien van die afneem van toetse in die vroeë aand, mag dit vir die Universiteit nodig wees om ook sekere klasse/praktika saans in te pas.

Georganiseerde sport en ontspanning aan die Universiteit word weksdae vanaf 17:15 beoefen. Toetse begin om 17:30. Geen assesserings word in die aand geskeduleer nie. Saterdagoggende en -middae word gebruik vir die skedulering van assesserings.

12. Afwesigheid van akademiese aktiwiteite

Alle studente moet voldoen aan die relevante bywoningsvereistes van akademiese aktiwiteite (bv. klas, praktiese-, kliniese-, navorsings- of assesseringsaktiwiteite) wat deel vorm van die kurrikulum van die betrokke graad-, sertifikaat- of diplomaprogram waarvoor hulle geregistreer is.

In die geval van afwesigheid van enige akademiese aktiwiteit is die reëls in hierdie afdeling (afdeling 12) van toepassing op beide voorgraadse en nagraadse studente.

Benewens die reëls wat in hierdie afdeling uiteengesit word, het elke fakulteit die reg om fakulteitspesifieke reëls rakende verlof tot afwesigheid te maak en vir 2025 moet hierdie fakulteitspesifieke reëls op 'n toepaslike platform aan studente gekommunikeer word, bv. in studiegids. Vanaf 2026 moet die bygewerkte fakulteitspesifieke reëls oor verlof tot afwesigheid in die betrokke fakulteit se jaarboekdeel gereflekteer word.

Vir besonderhede oor die bestuur van studente wat afwesig is van assesserings, verwys na afdeling 4. "Assesseringsperiodes" in die hoofstuk oor "Assesering en bevorderings" verder in hierdie jaarboekdeel. Jy moet ook die relevante fakulteits-, program- of modulereëls wat verband hou met afwesigheid van assesserings raadpleeg.

Die Universiteit Stellenbosch respekteer die godsdienstige oortuigings en kulture van alle personeel en studente. Gevolglik sal, benewens nasionale openbare vakansiedae waartydens die Universiteit vir besigheid gesluit sal wees, geen assesserings geskeduleer word op sekere godsdienstige dae wat in die US-almanak [hier](#) gepubliseer word nie; behalwe vir Saterdag en Sondag, sal die Universiteit egter op hierdie dae oop en in werking bly.

Die volgende riglyne vir die oorweging van aansoeke deur studente om verlof tot afwesigheid is deur die Universiteit se Senaat goedgekeur:

12.1 Verlof-tot-afwesigheid-kategorieë

12.1.1 Kategorie A-verlof

Wanneer die Universiteit verlof tot afwesigheid aan jou in hierdie kategorie toestaan, moet die betrokke akademiese omgewing jou, in hul bepaling, akkommodeer, sover dit prakties moontlik is, indien jy akademiese aktiwiteite weens sodanige afwesigheid gemis het.

Gronde vir oorweging

- 12.1.1.1 Bewese siekte, ondersteun deur 'n mediese sertifikaat, wat in jou voorkom
- 12.1.1.2 'n Dood in jou nabye familie, nl. die dood van ouers, broers, susters of grootouers
- 12.1.1.3 Verpligte wettige bywoning, bv. as getuie in die hof
- 12.1.1.4 Afwesigheid as gevolg van sportaktiwiteite in die volgende omstandighede:
 - 12.1.1.4.1 Afwesigheid met betrekking tot proewe/nasionale kampioenskappe vir die samestelling van 'n nasionale (verteenwoordigende) span vir Suid-Afrika of 'n ander land
 - 12.1.1.4.2 Afwesigheid met betrekking tot deelname as 'n lid van 'n nasionale span (vir Suid-Afrika of 'n ander land) teen 'n ander land plaaslik
 - 12.1.1.4.3 Afwesigheid met betrekking tot deelname as 'n lid van 'n Suid-Afrikaanse of 'n ander land se nasionale span internasionaal (toer)
 - 12.1.1.4.4 Afwesigheid met betrekking tot voorbereiding vir deelname op internasionale vlak vir Suid-Afrika of 'n ander land
- 12.1.1.5 Afwesigheid as gevolg van ko-kurrikulêre leierskapsaktiwiteite in die volgende omstandighede:
 - 12.1.1.5.1 Bywoning van vergaderings van die Senaat, Raad of Institusionele Forum deur verkose studente-leiers wat lede van hierdie statutêre strukture is

In die geval van par. 12.1.1.4 – 12.1.1.5, behoort dit akademies haalbaar te wees, na die skatting van die betrokke departementshoof dat u die gemis werk inhaal. Indien jou aanbevole aansoek om verlof tot afwesigheid van afwesigheid van so 'n uitgebreide aard is dat die inhaal en voltooiing van die betrokke akademiese verantwoordelikhede onmoontlik is binne die normale tyd wat vir die spesifieke module, jaar of

program toegelaat word, verwys na 12.4 hieronder.

12.1.2 Kategorie B-verlof

Verlof in hierdie kategorie sal aan jou toegestaan word op voorwaarde dat jy vooraf bevredigende reëlings met die betrokke akademiese omgewing kan tref oor akademiese aktiwiteite waarin jy in die tydperk onder bespreking agterstallig kan raak.

Gronde vir oorweging

- 12.1.2.1 Afwesigheid ten opsigte van individuele deelname aan internasionale ko-kurrikulêre geleenthede op uitnodiging
- 12.1.2.2 Afwesigheid ten opsigte van deelname aan verteenwoordigende sport op provinsiale vlak
- 12.1.2.3 Afwesigheid ten opsigte van verteenwoordigende deelname aan sport op eersteliga- of vergelykbare vlak, maar slegs in hoogs uitsonderlike gevalle, soos wanneer ligabepalings verander word as gevolg van besluite wat deur provinsiale en nasionale sportbeheerliggame geneem word
- 12.1.2.4 Afwesigheid ten opsigte van verteenwoordiging van die US op nasionale en internasionale vlak

12.1.3 Kategorie C: Weiering van verlof

Indien daar geen verlof tot afwesigheid toegestaan is nie, ontvang jy 'n Kategorie C-brief waarin onder meer die volgende waarskuwing voorkom:

"Indien dit sou gebeur dat jy tog gedurende die betrokke tydperk afwesig is, moet jy geen tegemoetkoming van Universiteitsweë verwag i.v.m. die werk (insluitend lesings, praktika, seminaarwerk, assesserings) wat jy as gevolg van jou afwesigheid agterstallig raak nie en wat mag meebring dat daar in die module(s) waarvoor jy geregistreer is geen klaspunt(e) aan jou toegeken sal kan word nie."

Deelname aan bv. koshuisligawedstryde van die Universiteit ressorteer onder Kategorie C.

12.2 Stawende bewyse benodig met 'n aansoek om verlof tot afwesigheid

Elke aansoek moet vergesel word van stawende bewyse wat aan die volgende vereistes voldoen en die volgende inligting bevat:

12.2.1 Mediese redes

- 12.2.1.1 Jy moet 'n mediese sertifikaat of verslag verskaf wat uitgereik en onderteken is deur 'n mediese praktisyn of enige ander persoon wat gesertifiseer is om pasiënte te diagnoseer en te behandel en wat geregistreer is by 'n professionele raad wat deur 'n Parlements wet in-gestel is.
- 12.2.1.2 Volgens die Wet op Tradisionele gesondheidspraktisyns het slegs tradisionele gesondheidspraktisyns wat by die Raad vir Tradisionele gesondheidspraktisyns (RTG) geregistreer is die wetlike magtiging om mediese sertifikate uit te reik. Hierdie sertifikate word erken vir die doeleindes van mediese verlof tot afwesigheid van akademiese aktiwiteite.
- 12.2.1.3 Die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika (RGBSA) of die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging (SARV) of die Raad vir Tradisionele gesondheidspraktisyns (RTG) se registrasie-nommer van praktisyn sowel as hul praktyknommer.
- 12.2.1.4 Die mediese sertifikaat of verslag moet die volgende inligting bevat:
 - 12.2.1.4.1 Jou naam, as die pasiënt/student.
 - 12.2.1.4.2 Datum en tyd van jou mediese ondersoek, evaluering, behandeling of afspraak met die gesondheidsorgwerker.
 - 12.2.1.4.3 'n Aanduiding dat die sertifikaat uitgereik is na 'n persoonlike waarneming en ondersoek (sluit telefoniese konsultasie of kommunikasie uit) van jou deur 'n toepaslik geregistreerde mediese of gesondheidsorgpraktisyn.
 - 12.2.1.4.4 Bevestiging dat jy weens die siekte nie akademiese aktiwiteite sal kan of kon bywoon nie;
 - 12.2.1.4.5 Begin- en einddatums van jou afwesigheid.
 - 12.2.1.4.6 Enige ander inligting wat na die oordeel van die praktisyn vereis of relevant sou wees.
- 12.2.1.5 'n Mediese sertifikaat wat verband hou met jou afwesigheid van 'n akademiese aktiwiteit sal slegs oorweeg word indien dit uitgereik is binne 24 uur vanaf die tyd wat die aktiwiteit plaas-gevind het of die inhandigingsdatum van 'n akademiese werkopdrag (tensy die sertifikaat uitdruklik aandui waarom dit kan nie binne 24 uur uitgereik word nie), en binne 2 werksdae na die akademiese aktiwiteit ingehandig word.
- 12.2.1.5.1 Dit staan fakulteite vry om aansoeke om verlof tot afwesigheid om gesondheidsredes van die hand te wys indien die mediese sertifikaat uitgereik en/of ingedien is op die sperdatum vir 'n

- werkopdrag en indien daar onvoldoende gronde is om 'n indieningsdatum vir die betrokke werkopdrag te verleng.
- 12.2.16 Mediese sertifikate uitgereik deur familielede sal nie aanvaar word nie.
- 12.2.17 Mediese sertifikate wat buite Suid-Afrika uitgereik is, sal op 'n geval-tot-geval-basis geëvalueer word teen Suid-Afrikaanse norme en die wette van die land waarin die sertifikaat uitgereik is.
- 12.2.18 In gevalle van geestesgesondheidstoestande sal slegs mediese sertifikate wat deur behandelende gesondheidsorgpraktisyns wat gesertifiseer is om geestesgesondheids-toestande te behandel, aanvaar word.
- 12.2.19 Jy is alleen verantwoordelik vir die indiening van 'n aansoek om verlof tot afwesigheid. 'n Voorlegging van 'n derdeparty-verlof tot afwesigheid sal slegs oorweeg word indien jy medies ongeskik is (met bewyse van die mediese ongeskiktheid).
- 12.2.110 Die Universiteit behou die reg voor om die prognose en verdere inligting van die praktisyn aan te vra en aanvaar te goeder trou dat jy as student nie toestemming in hierdie verband onredelik sal weier nie.
- 12.2.111 Fakulteite kan binne die raamwerk van bogenoemde reëls hul eie fakulteitspesifieke reëlings tref, met dien verstande dat ten minste die 24-uur-reël in alle gevalle sal geld. Jy moet dus kennis neem van die feit dat jy – afgesien van bogenoemde reëls – ook moontlike fakulteitspesifieke reëls in ag moet neem wanneer mediese sertifikate ingehandig word.

12.2.2 Deernisvolle redes

- 12.2.2.1 As 'n student, indien jou kind of aangenome kind (jonger as 18 jaar), ouer of skoonouer, of gade of lewensmaat siek is, moet 'n mediese sertifikaat van die familielid verskaf word.
- 12.2.2.2 As 'n student, vir die dood van jou gade of lewensmaat; die dood van jou ouer, primêre versorger, aanneemouer, skoonouer, kind, aangenome kind, kleinkind, grootouer of broer of suster, moet 'n doodsertifikaat van die oorlede familielid verskaf word.
- 12.2.2.3 As 'n student, indien jy kulturele aktiwiteite moet bywoon wat verband hou met die dood van 'n familielid hierbo genoem, moet jy bewys lewer van sodanige aktiwiteite van 'n erkende kulturele leier wat die volgende insluit:
- 12.2.2.3.1 Jou naam, as die student;
- 12.2.2.3.2 Begin- en einddatums van jou afwesigheid;
- 12.2.2.3.3 Die datum van uitreiking van die bevestiging van die kulturele aktiwiteit;
- 12.2.2.3.4 Besonderhede van die kulturele aktiwiteit of gebeurtenis; en
- 12.2.2.3.5 'n Duidelike aanduiding van die identiteit van die kulturele leier wat die bevestiging uitgereik het wat persoonlik en oorspronklik deur hulle geteken sal word langs hul voorletters en van in gedrukte of drukletters.
- 12.2.2.4 Die Universiteit behou die reg voor om na eie goeëddunke stawende bewyse aan te vra.
- 12.2.2.5 Jou aansoek moet die begin- en einddatums van jou afwesigheid insluit;
- 12.2.2.6 Indien die duur van verlof tot afwesigheid van 'n verlengde aard is, verwys na 12.4 hieronder.

12.2.3 Regsredes

- 12.2.3.1 Hofdagvaarding: Indien daar aan jou as 'n student 'n hofdagvaarding bestel is, moet jy 'n afskrif van die hofdagvaarding met jou naam, van en ID-nummer en die betrokke hofverskyningsdatum(s) verskaf.
- 12.2.3.2 Gevangenis: Indien jy, as 'n student, in gevange geneem word, moet jy 'n afskrif van die polisie-rekords met jou naam, van en ID-nummer en die betrokke hofverskyningsdatum en/of datum(s) van gevangenisstraf verskaf.
- 12.2.3.3 Jy, as 'n student, is alleen verantwoordelik vir die indiening van 'n aansoek om verlof tot afwesigheid. 'n Voorlegging van 'n derdeparty-verlof tot afwesigheid sal slegs oorweeg word indien jy wetlik beperk word om met die Universiteit te kommunikeer (met bewyse van die wetlike beperking).
- 12.2.3.4 Indien die duur van verlof tot afwesigheid van 'n verlengde aard is, verwys na 12.4 hieronder.

12.2.4 Deelname aan verteenwoordigende sport op 'n internasionale, nasionale, provinsiale of inter-universiteitsvlak

- 12.2.4.1 Elke aansoek om verlof tot afwesigheid vir sportaktiwiteite moet met 'n aanbeveling van die betrokke sportbestuurder ingedien word en, in die geval van aansoeke om Kategorie A-verlof, ook van die Hoofdirekteur: Sport of hul afgevaardigde, met 'n duidelike identifikasie van die kategorie van verlof tot afwesigheid wat aangevra word, bv. Kategorie A 12.1.1.4.1 of Kategorie B 12.1.2.2.
- 12.2.4.2 Vir sportkodes wat nie by die universiteit aangebied word nie, of geleenthede wat nie deur amptelik erkende of gereguleerde sportorganisasies gefasiliteer word nie, moet aansoeke

om verlof tot afwesigheid deur die Hoofdirekteur: Sport of hul afgevaardigde ondersteun word, met 'n duidelike identifikasie van die kategorie van verlof tot afwesigheid aangevra word, bv. Kategorie A 12.1.1.4.1 of Kategorie B 12.1.2.2.

- 12.2.4.3 Om 'n aansoek betyds te verwerk, moet dit die Sentrum vir Akademiese Administrasie op die laaste 7 werksdae voor die tydperk van afwesigheid bereik.
- 12.2.4.4 Jou naam, en die modules wat deur jou geneem word, asook besonderhede van alle akademiese verpligtinge tydens die voorgestelde afwesigheid moet met die aansoek ingesluit word.
- 12.2.4.5 Die Universiteit behou die reg voor om na eie goeë dunnke stawende bewyse aan te vra.
- 12.2.4.6 Jou aansoek moet die begin- en einddatums van jou afwesigheid insluit.
- 12.2.4.7 Indien die duur van verlof tot afwesigheid van 'n verlengde aard is, verwys na 12.4 hieronder.

12.2.5 Deelname aan omvattende ko-kurrikulêre aktiwiteite

- 12.2.5.1 Elke aansoek om verlof tot afwesigheid vir erkende ko-kurrikulêre aktiwiteite moet met 'n aanbeveling van die Senior Direkteur: Studentesake om hulle afgevaardigde ingedien word, met 'n duidelike identifikasie van die kategorie van verlof tot afwesigheid wat aangevra word, bv. Kategorie A 12.1.1.5.1 van Kategorie B 12.1.2.2.
- 12.2.5.2 Vir ko-kurrikulêre aktiwiteite wat nie deur die universiteite aangebied word nie, of geleenthede wat nie deur amptelike erkende of gereguleerde organisasies aangebied word, moet aansoeke om afwesigheid deur die Senior Direkteur: Studentsake of hulle afgevaardigde ondersteun word, met 'n duidelike identifikasie van die kategorie van afwesigheid wat versoek word, bv. Kategorie A 12.1.1.5.1 van Kategorie B 12.1.2.2.
- 12.2.5.3 Om 'n aansoek te verwerk, moet dit die Sentrum vir Akademiese Administrasie op die laaste 7 werksdae voor die tydperk van afwesigheid bereik.
- 12.2.5.4 Die naam van die betrokke studente, en die modules wat deur hulle geneem word, asook besonderhede van alle akademiese verpligtinge tydens die voorgestelde afwesigheid moet met die aansoek ingesluit word.
- 12.2.5.5 Die Universiteit behou die reg vir om na eie goeë dunnke stawende bewyse aan te vra.
- 12.2.5.6 Jou aansoek moet die begin- en einddatums van jou afwesigheid insluit.
- 12.2.5.7 Indien die duur van verlof tot afwesigheid van 'n verlengde aard is, verwys na 12.4 hieronder.

12.2.6 Afwesigheid om die US op nasionale en internasionale vlak te verteenwoordig.

- 12.2.6.1 Elke aansoek om verlof tot afwesigheid om die US op nasionale en/of internasionale vlak te verteenwoordig, wat nie in 'n ander verlofkategorie gedek word nie, moet vergesel word met 'n aanbeveling van die betrokke omgewingshoof of hul afgevaardigde, met 'n duidelike identifikasie van die kategorie van verlof tot afwesigheid aangevra word, bv. Kategorie B 12.1.2.4.
- 12.2.6.2 Om 'n aansoek vroeëtydig te verwerk, moet dit die Sentrum vir Akademiese Administrasie op die laaste 7 werksdae voor die tydperk van afwesigheid bereik.
- 12.2.6.3 Jou naam, en die modules wat deur jou geneem word, asook besonderhede van alle akademiese verpligtinge tydens die voorgestelde afwesigheid moet by die aansoek ingesluit word.
- 12.2.6.4 Die Universiteit behou die reg voor om na eie goeë dunnke stawende bewyse aan te vra.
- 12.2.6.5 Jou aansoek moet die begin- en einddatums van jou afwesigheid insluit.
- 12.2.6.6 Indien die duur van verlof tot afwesigheid van 'n verlengde aard is, verwys na 12.4 hieronder.

12.3 Administratiewe hantering van verlofaansoeke

- 12.3.1 Jy as die student is uitsluitlik verantwoordelik om 'n verlofaansoek betyds in te dien en om alle belanghebbendes op hoogte te hou van hul verlofaansoek en/of verlofreëlings.
- 12.3.1.1 'n Indiening van 'n derdeparty vir verlof tot afwesigheid sal slegs oorweeg word indien jy medies ongeskik is (met bewyse van die mediese ongeskiktheid).
- 12.3.2 Jy moet onverwyld 'n skriftelike aansoek om verlof tot afwesigheid by die betrokke beampte in die Sentrum vir Akademiese Administrasie (SAA) indien, behalwe indien die afwesigheid slegs vir een dag was, in sulke gevalle moet die betrokke akademiese personeellid of die personeellid wat deur die fakulteit aangewys is, die verlofaansoek hanteer.
- 12.3.3 Die kontakbesonderhede vir die betrokke Sentrum vir Akademiese Administrasie (SAA) is:
 - 12.3.3.1 Vir Stellenbosch-kampus-programme, kontak die SAA by stbloa@sun.ac.za;
 - 12.3.3.2 Vir programme van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, op Tygerberg-kampus, kontak die Assesseringsadministrasie-kantoor by tygexams@sun.ac.za; of
 - 12.3.3.3 Vir programme van die Stellenbosch Bestuurskool en die Skool vir Publieke Leierskap op die Bellvillepark-kampus, kontak die Assesseringsadministrasie-kantoor by

bpcassessments@sun.ac.za.

- 12.3.4 Aansoeke en stawende bewyse vir verlof tot afwesigheid wat weens siekte of onvoorsiene omstandighede geneem word, moet binne 2 werksdae nadat die afwesigheid begin het ingedien word en verlof tot afwesigheid vir enige ander beplande rede moet ten minste 7 werksdae voor die afwesigheid by die betrokke Sentrum vir Akademiese Administrasie (SAA) ingedien word.
- 12.3.5 Aansoeke en gepaardgaande stawende dokumente wat onleesbaar is of wat gewysig is, kan afgekeur word en indien dit bewys kan word dat jy so 'n stawende dokument gewysig het, kan dit tot dissiplinêre stappe lei.
- 12.3.6 Sodra die aansoek verwerk is, sal die aanbeveling oor die uitslag van die verlof-tot-afwesigheid-aansoek aan jou voorsien word wat jy aan die betrokke akademiese omgewing moet indien vir verdere oorweging.
- 12.3.7 Die Universiteit behou die reg voor om akademiese omgewings, die Registrateur of hul gedelegeerde toe te laat om aansoeke om verlof tot afwesigheid te weier waar sodanige aansoeke nie betyds ingedien word nie, of waar sodanige aansoeke nie prakties uitvoerbaar is nie.
- 12.3.8 Aansoeke om verlof tot afwesigheid van studente word gewoonlik deur die Registrateur of hul gedelegeerde oorweeg en aanbeveel. Indien daar enige onsekerheid is, raadpleeg die Registrateur of hul gedelegeerde die betrokke fakulteit en grensgevalle word deur die Registrateur of hul gedelegeerde in oorleg met die betrokke dekaan of hul gedelegeerde afgehandel.

12.4 Verlof tot afwesigheid vir verlengde tydperke

- 12.4.1 Wanneer ('n student) jou aanbevole aansoek om verlof tot afwesigheid van 'n verlengde aard is en die inhaal en voltooiing van die betrokke akademiese verantwoordelikhede onmoontlik is binne die normale tyd wat vir die spesifieke module, jaar of program toegelaat word, mag dit nodig wees om die kurrikulumprogram te verleng, of om aansoek te doen om die studie vir 'n volle jaar te onderbreek of om staking van studies en terugkeer op 'n later stadium te oorweeg.
- 12.4.1.1 Voorbeelde van verlof tot afwesigheid vir verlengde tydperke kan insluit waar 'n student kraamverlof moet neem, verlengde mediese verlof of verlengde afwesigheid as gevolg van sportbyeenkomste en toernooie of in die geval van herhaalde goedgekeurde afwesigheid in dieselfde module of program.
- 12.4.2 Fakulteite moet verlof-tot-afwesigheid-versoeke vir verlengde tydperke teenoor die akademiese regverdigbaarheid en praktiese impak van so 'n vergunning (praktiese uitvoerbaarheid) oorweeg. Probleme word gewoonlik ondervind rakende praktika of aktiwiteite met vasgestelde spertye en afhanklikheid van eksterne belanghebbendes of in die geval van navorsingsprogramme, waar sekere vorderingsmylpale nie bereik kan word nie, aangesien dit nie altyd moontlik is om die werk gedurende die akademiese jaar in te haal nie.
- 12.4.3 'n Aangepaste akademiese program of 'n verlengdekurrikulumprogram kan deur die betrokke fakulteitsraad oorweeg en goedgekeur word met dien verstande dat so 'n vergunning nie vir jou in gevaar stel om die betrokke program of fakulteit se vorderingsreëls te oorskry nie.
- 12.4.3.1 Die fakulteitsraad kan oorweging en goedkeuring van sodanige versoeke aan die fakulteitskomitee, 'n ander komitee, die dekaan en/of fakulteitsadministrateur delegeer.
- 12.4.3.2 Die fakulteitsadministrateur of hul gedelegeerde moet die goedgekeurde uitkomst van die versoeke vir verlengde afwesigheid onder Akademiese Onderwerpe/Studentenotas op jou goue rekord in SUNStudent invoer. Hierdie inskrywing moet die presiese begin- en einddatums van die verlengde verlof tot afwesigheid insluit, asook 'n kort opsomming van die toegewing wat aan jou toegestaan is.
- 12.4.4 Jy is alleen verantwoordelik om jou befondser/borg betyds te raadpleeg om die impak van 'n aangepaste akademiese program of 'n verlengdekurrikulumprogram op die voortsetting van jou befondsing te bepaal.
- 12.4.5 Indien verlof tot afwesigheid as gevolg van verlengde tydperke nie deur die betrokke fakulteit geakkommodeer kan word nie, moet jy dit oorweeg om aansoek te doen om studieonderbreking (sien 13 hieronder) of staking van studie en om op 'n later stadium na die program terug te keer.

13. Onderbreking van studies

Benewens die reëls wat in hierdie afdeling uiteengesit word, het elke fakulteit die reg om fakulteitspesifieke reëls met betrekking tot onderbreking van studie te maak en vir 2025 moet hierdie fakulteitspesifieke reëls op 'n toepaslike platform aan studente gekommunikeer word, bv. in studiegidse. Vanaf 2026 moet die bygewerkte fakulteitspesifieke reëls oor onderbreking van studie in die betrokke fakulteit se jaarboek gereflekteer word.

13.1 Aanvaarbare redes vir onderbreking van studies

Waar 'n aansoek om 'n onderbreking van studies oorweeg word, kan die volgende redes oorweeg word om 'n aansoek om onderbreking te ondersteun. Jou aansoek moet gestaaf word deur aanvaarbare stawende dokumente, soos aanstellingsbrief, teks van akademiese werkopdrag, mediese sertifikaat of verslag, finansiële staat en beëdigde verklaring:

- 13.1.1 Werksverantwoordelikhede
- 13.1.2 Mediese redes
- 13.1.3 Finansiële redes
- 13.1.4 Hoogs spesiale persoonlike omstandighede, indien deeglik en oortuigend gestaaf.

13.2 Prosedure om aansoek te doen vir 'n onderbreking van studie

- 13.2.1 Jy, die student, moet jou aansoek om studieonderbreking voor of op 30 April van die betrokke jaar by die betrokke fakulteitsadministrateur ingedien word.
- 13.2.1.1 Aansoeke wat na 30 April van die betrokke jaar ontvang word, sal op meriete oorweeg word, indien jy nie vir die jaar geregistreer het nie.
- 13.2.1.2 'n Derdeparty-onderbreking van studie-aansoek sal slegs oorweeg word indien jy medies ongeskik is (met bewyse van die mediese ongeskiktheid ingedien).
- 13.2.2 Aansoeke om onderbreking van studie vir **voorgraadse** programme moet deur die programleier of 'n ander aangewese amptenaar van die betrokke fakulteit oorweeg en aanbeveel word en by die betrokke komitee(s) of aangewese amptenaar van die fakulteit ingedien word.
- 13.2.2.1 Die fakulteit se relevante komitee(s) of aangewese amptenaar, moet die aansoek op grond van sy interne prosedures oorweeg en die uitslag aan die fakulteitsadministrateur kommunikeer vir verwerking en fakulteitsraad vir kennisname.
- 13.2.2.2 Die fakulteitsadministrateur of hul gedelegeerde moet die aanbeveling oor 'n goedgekeurde aansoek om onderbreking onder Akademiese Onderwerpe/Studentenotas op jou goue rekord in SUNStudent inskryf. Hierdie inskrywing moet die jaar van en redes vir die onderbreking insluit.
- 13.2.2.3 Die betrokke fakulteitsadministrateur of hul gedelegeerde sal die uitslag van jou onderbrekingsaansoek skriftelik per e-pos kommunikeer, nadat die betrokke fakulteit jou aansoek oorweeg het en nadat die versoek goedgekeur is
- 13.2.3 Aansoeke om onderbreking van studie vir **nagraadse** programme moet aanbeveel word deur jou studieleier of programleier en die voorsitter van die betrokke departement en moet deur die departementele voorsitter ingedien word by die betrokke beheerstrukture van die fakulteit, insluitend die fakulteitsraad.
- 13.2.3.1 Die betrokke fakulteitsraad moet die aansoek op grond van sy interne prosedures oorweeg en die uitslag in die volgende Kommunikasieverlag van die fakulteitsraad aan die Senaat kommunikeer.
- 13.2.3.2 Die fakulteitsadministrateur of hul gedelegeerde moet die aanbeveling oor 'n goedgekeurde aansoek om onderbreking onder Akademiese Onderwerpe/Studentenotas op jou se goue rekord in SUNStudent inskryf. Hierdie inskrywing moet die jaar en redes vir die onderbreking insluit.
- 13.2.3.3 Die betrokke fakulteitsadministrateur of hul gedelegeerde sal die uitslag van jou onderbrekingsaansoek skriftelik per e-pos kommunikeer, nadat die betrokke fakulteitsraad jou aansoek oorweeg het en nadat die versoek deur die Uitvoerende Komitee (Senaat) goedgekeur is.
- 13.2.4 'n Onderbreking van studie kan vir 'n volle akademiese jaar toegestaan word (d.w.s. begin in Januarie en eindig in Desember) en nie vir dele van 'n akademiese jaar nie. Verlof tot afwesigheid vir korter tydperke (d.w.s. minder as 'n volle akademiese jaar) moet hanteer word volgens die reëls vir "Verlof van akademiese aktiwiteite" vroeër in hierdie jaarboekdeel.
- 13.2.5 'n Onderbreking van studie kan hoogstens een keer toegestaan word vir 'n tydperk van een volle akademiese jaar (d.w.s. begin in Januarie en eindig in Desember) vir die volgende programme:
 - 13.2.5.1 Voorgraadse baccalaureusgrade, diplomas of sertifikate
 - 13.2.5.2 Honneursgrade en nagraadse diplomas
 - 13.2.5.3 Meestersgrade
- 13.2.6 'n Onderbreking van studie vir die doktorsgraad kan of hoogstens twee keer toegestaan word, naamlik vir 'n tydperk van een akademiese jaar (d.w.s. begin in Januarie en eindig in Desember) in elke geval, of slegs een keer, naamlik vir 'n tydperk van twee akademiese jare.
- 13.2.7 Die Universiteit behou die reg voor om akademiese omgewings toe te laat om aansoeke om studieonderbreking te weier waar sodanige aansoeke nie betyds ingedien word nie, of waar sodanige aansoeke nie prakties uitvoerbaar is op grond van die vereistes van die betrokke

program nie.

- 13.2.8 Aansoeke en gepaardgaande stawende dokumente wat onleesbaar is of wat gewysig is, kan afgekeur word en indien bewys kan word dat jy so 'n stawende dokument gewysig het, kan dit tot dissiplinêre stappe lei.

13.3 Impak van onderbreking op jou akademiese rekord en studentegelde

- 13.3.1 Jy sal nie geregistreer wees in die jaar van onderbreking nie.
- 13.3.2 Indien daar onderbreking van studie aan jou toegestaan word, sal jy nie toegang tot die Universiteit se e-posse, stelsels, klasse, die biblioteke, koshuis of enige ander US-fasiliteit gedurende die onderbrekingsjaar hê nie.
- 13.3.3 Waar onderbreking van studie voor die vasgestelde sperdatums toegestaan is, sal alle modules vir die tydperk waarvoor uitslae ingeskryf is, gestaak word en die student sal opnuut vir hierdie modules moet registreer met hul terugkeer.
- 13.3.4 Vir nagraadse en ander navorsingskomponente sal die etiekgoedkeuring en navorsingsonderwerp nie vir die goedgekeurde onderbrekingstydperk verval nie, maar geen navorsingsaktiwiteit mag tydens die onderbreking plaasvind nie.
- 13.3.5 Studente se voortgesette registrasie by die relevante professionele of regulerende liggame (bv. die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika (RGBSA) of die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging (SARV)) sal gedurende die onderbrekingsperiode volgens hierdie liggame se registrasievereistes bestuur word .
- 13.3.6 Indien jy betrokke was by gedrag wat regulasies, reëls of beleide van die Universiteit oortree, en/of die onderworpe is aan 'n dissiplinêre ondersoek ingevolge die Universiteit se Dissiplinêre Kode vir Studente, en/of die dissiplinêre kode van jou koshuis, sal daar nie 'n onderbreking van studies aan jou gegun word nie.
- 13.3.7 Uitstaande gelde moet ten volle betaal word by jou terugkeer na onderbreking.
- 13.3.8 Jy is alleen verantwoordelik om jou befondsers/borg betyds te raadpleeg om die impak van 'n onderbreking van studies op die voortsetting van jou befondsing te bepaal.
- 13.3.9 Vir meer inligting oor gelde betaalbaar, raadpleeg Deel 3 (Studentegelde) van die Jaarboek.

13.4 Prosedure om terug te keer na studies na 'n onderbreking

- 13.4.1 Jy sal outomaties hertoegelaat word tot die program in die jaar(e) nadat die onderbreking van studie geneem is, behalwe indien jy 'n onderbreking op mediese gronde toegestaan is, in welke geval jy bewys moet lewer aan die betrokke fakulteit dat jy geskik is vir voortsetting van studies.
- 13.4.1.1 Alle studente wat na 'n onderbreking na studie wil terugkeer, moet 'n aansoek by die betrokke program op die aansoekportaal (<https://student.sun.ac.za/>) voltooi voordat hulle toegelaat sal word om te herregistreer. Dit word vereis om te verseker dat jy se nuutste inligting op die Universiteit se administrasiesistelsel vasgelê word voor registrasie.
- 13.4.2 Indien jy 'n onderbreking op mediese gronde toegestaan is en jou studies wil hervat, moet jy 'n mediese verslag van jou behandelende gesondheidsorgpraktisyn by die betrokke akademiese omgewing indien, wat aandui of jy geskik is om jou studies te hervat of nie.
- 13.4.2.1 Die akademiese omgewing moet hierdie verslag oorweeg en die betrokke fakulteitsadministrateur in kennis stel of jy mag herregistreer of nie. Die fakulteitsadministrateur of hul gedelegeerde sal die nodige reëlings vir herregistrasie by jou tref.
- 13.4.3 Indien jy nie geskik geag word om jou studies te hervat deur jou behandelende gesondheidsorgpraktisyn of die betrokke akademiese omgewing nie, moet jy bestuur word volgens die betrokke fakulteit se riglyne in die hantering van fiksheid om te praktiseer of fiksheid om te studeer.
- 13.4.4 Indien jy versuim om te herregistreer na 'n onderbreking voor die finale registrasiedatum (soos gepubliseer in die Universiteitsalmanak), sal jy nie toegelaat word om outomaties vir die program te herregistreer nie. In sodanige geval moet jy by die betrokke fakulteit aansoek doen om goedkeuring om in die program te herregistreer.
- 13.4.5 Indien jy nie na 'n onderbreking herregistreer nie, sal jou registrasie by enige professionele of regulatoriese liggame ook gekanselleer word indien sodanige registrasie gekoppel is aan jou status as 'n geregistreerde US-student. In sodanige geval moet die Universiteit hierdie liggame inlig dat jou registrasie by die betrokke liggaam gekanselleer moet word.
- 13.4.6 Indien jy na 'n onderbreking versuim het om te herregistreer en op 'n later stadium na die program wil terugkeer, kan jy vir die jaar(e) van nie-goedgekeurde nie-registrasie aanspreeklik wees vir boetes – raadpleeg die Afdeling Studentegelde in hierdie verband.

14. Onbevredigende werk van studente

Indien dosente gedurende die akademiese jaar vasstel dat jy onbevredigende werk lewer of klasse nie bywoon nie, kan hulle, nadat jy ingeroep en gewaarsku is maar nie reageer nie, dit aan die oordeel van die betrokke dekaan of die dekaan se gedelegeerde oorlaat om te besluit of jou ouers of voogde en/of beursgewers daarvan in kennis gestel moet word.

15. Studierekords en duplikaatsertifikate

15.1 Heffing: uitreiking van studierekords en duplikaatsertifikate

Gratis studierekords word as standaardprosedure saam met die betrokke graad, diploma of sertifikaat tydens jou gradeplegtigheid aan jou uitgereik.

Die gelde soos aangedui in die Studentegeldejaarboekdeel is betaalbaar vir die uitreiking van studierekords en/of duplikaatsertifikate, of enige ander versoekte dokument, op aanvraag, aan studente en oudstudente.

Sien asseblief die Studentegeldejaarboekdeel vir die toepaslike kostes.

15.2 Prosedure vir die uitreiking van 'n studierekord en/of duplikaatsertifikaat

'n Studierekord en/of duplikaatsertifikaat, of ander dokumente, kan per e-pos by info@sun.ac.za of records@sun.ac.za aangevra word, waarna elektroniese betalingsinstruksies dan per e-pos aan die aanvrager verskaf word. Dokumente sal eers gepos of ge-e-pos word nadat betaling ontvang is.

Die betrokke dokumente kan ook persoonlik in die Admin A-gebou (Stellenbosch-kampus), of by die Akademiese Administrasie-kantore op die Tygerberg-kampus (vir studente van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe) of die Bellvillepark-kampus (vir studente van die Stellenbosch Besigheidskool en Skool vir Publieke Leierskap bekom word. In so 'n geval moet die betrokke bedrag, soos in par. 14.1 hierbo aangetoon, vooraf aanlyn of by die kassiere inbetaal word en die kwitansie by die relevante kampusinligtingstoonbank of beampte getoon word.

16. Studente-inligting aan indiensnemingsinstansies

Die Universiteit word van tyd tot tyd genader deur buite-instansies wat met finalejaarstudente wil skakel om werkgeleenthede aan hulle te bied. Die Universiteit verskaf nie inligting oor studente aan buite-instansies vir hierdie doel nie, behalwe in gevalle waar dit moontlik is om individuele studente se toestemming hiervoor te kry. Buite-instansies word wel deur die Eenheid vir Graduandi-loopbaandienste van die SSVU van raad bedien oor geskikte wyses om hulself aan studente bekend te stel.

17. Studierekords aan beursgewers

Indien jy finansiële steun van 'n instansie of 'n individu of individue ('n "derde party") aanvaar, sal die US slegs 'n verslag van jou akademiese vordering aan die derde party verskaf indien jy aan die US skriftelike toestemming gegee het om dit te mag doen.

18. Pendelstudentegemeenskappe (PSG)

Indien jy tydens registrasie aandui dat jy privaat woon, is jy sonder uitsondering kragtens 'n besluit van die Raad verplig om lid van die Pendelstudentegemeenskappe te word.

19. Aanbieding/wysiging van programme

Die Senaat en Raad behou hul die reg voor om te eniger tyd 'n aangekondigde program nie aan te bied nie; 'n bestaande program te wysig of te skrap, of 'n nuwe program in te stel.

20. Toekenning van grade, diplomas en sertifikate

- 20.1 Jy is nie geregtig op die voorregte wat aan 'n graad, diploma of sertifikaat verbonde is, voordat die toekenning van die graad, diploma of sertifikaat aan jou amptelik goedgekeur is nie.
- 20.2 Toekenning van grade, diplomas en sertifikate geskied op 'n kongregasie van die Universiteit wat twee keer per jaar op Stellenbosch gehou word, nl. in Desember en Maart. (soms April) Besonderhede oor die plegtighede word per e-pos aan alle finalejaarstudente gestuur en op die webblad (www.sun.ac.za) van die Universiteit bekend gemaak.

- 20.3 Die dra van akademiese drag is verpligtend by grade-, diploma- en sertifikaatplegtighede. As student moet jy die toga, kap en diploma- en/of sertifikaatband wat vir dra tydens 'n plegtigheid benodig word by die privaat verskaffer soos deur die Universiteit vir dié doel aangewys, huur.
- 20.4 Indien jy as finalejaarstudent om welke rede ook al die tweede eksamengeleentheid in 'n module van die Novembereksamen in November/Desember benut en slaag, sal jy by die gradeplegtighede in Maart (soms April) van die volgende jaar graduateer.
- 20.5 'n Nagraadse graad/diploma/sertifikaat sal nie by die Desember-gradeplegtighede, of die Maart (soms April)-gradeplegtighede van die daaropvolgende jaar, aan jou toegeken word indien jy nie vir die betrokke jaar vóór Junie geregistreer was nie. Jy sou wel 'n verklaring kon kry dat jy aan al die vereistes ter verwerping van die kwalifikasie voldoen het en dat dit in Desember van die daaropvolgende jaar toegeken sal word, op voorwaarde dat jy vir die jaar waarin die kwalifikasie toegeken sal word, betyds geregistreer en al die studiegelde, wat dalk van toepassing mag wees, betaal het.

21. Staking van studie

- 21.1 Die Registrateur moet skriftelik in kennis gestel word van jou staking van studie.
- 21.2 Jy kan 'n spesiale stakingsvorm by die Inligtingstoonbank in die Admin A-gebou (Stellenbosch-kampus-programme) of by die Akademiese Administrasie-kantore op die Tygerberg-kampus (Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe) of die Bellvillepark-kampus (Stellenbosch Besigheidsskool en Skool vir Publieke Leierskap) verkry, of jy kan dit per e-pos by info@sun.ac.za aanvra.
- 21.3 Die datum van jou staking van studie is belangrik en moet verskaf word, aangesien dit bepaal tot watter mate vrystelling van die betaling van studie- en losiesgelde moontlik aan jou verleen kan word (kyk Deel 3 (Studentegelde) van die Jaarboek vir meer inligting in dié verband), en dit ook 'n invloed op jou toekomstige hertoelating kan hê (kyk par. 9, 'Hertoelating na onsuksesvolle studie', vorentoe in hierdie hoofstuk in dié verband).
- 21.4 Indien jou staking van studie aan ('n) mediese rede(s) te wyte is, moet 'n geldige mediese sertifikaat die voltooid stakingsvorm vergesel, aangesien dit jou hertoelating tot die Universiteit in 'n volgende jaar sal vergemaklik.
- 21.5 Eers wanneer jy jou stakingsvorm suksesvol by die korrekte amptenaar ingedien het, soos aan jou gekommunikeer, of per e-pos aan info@sun.ac.za stuur, sal jou staking verwerk word.

22. Deregistrasie van modules ná eerste formele assessering

As jy nie die eerste formele assesseringstoets in 'n betrokke module skryf nie, of die nodige reëlins om dit later te skryf tref nie, sal jou registrasie vir die betrokke module op aanbeveling van die betrokke departement deur die betrokke fakulteitsadministrateur gekanselleer word, m.a.w. die betrokke module sal van jou studierekord geskrap word, en jy sal slegs per e-pos van die deregistrasie in kennis gestel word.

Die sluitingsdatums vir sodanige deregistrasie is die laaste werksdag in Maart vir eerstesemester- en jaar-modules, en die laaste werksdag in Augustus vir tweedesemestermodules.

Departemente wat hierdie reëling wil implementeer, moet dit in die moduleraamwerke/studiegidse van die betrokke modules inskryf.

Let wel: Bostaande bepaling sal nie in ag geneem word by – of enige invloed uitoefen op – die skedulering van formele assesseringsgeleenthede nie.

23. Vertroulikheid van studente se persoonlike inligting

Die US respekteer jou as student se privaatheid. Onder meer beteken dit dat die US erken dat jou persoonlike inligting (wat akademiese uitslae insluit) aan jou behoort en nie aan jou ouers, befonders of 'n ander derde party nie en dat daar geen regsbasis is waarop die US die inligting vir jou ouer, befondser of 'n derde party mag gee, onder andere ook in persoonlike gesprekke, sonder jou toestemming nie. Jou inligting moet in beginsel slegs sonder jou toestemming aan derde partye gegee word as die inligting gedeel moet word vir die US om te presteer in terme van die US se kontrak met jou of as die US onder 'n regsplig is om dit te doen, byvoorbeeld as daar 'n lasbrief of ander bindende bevel is wat dit verplig.

Die US erken met groot waardering die belang van ouers/befonders by hulle kinders/ontvangers van befondsing en as 'n gebaar van welwillendheid sal die US wel met die betrokke party oor jou as student se studie-aangeleenthede in gesprek tree, maar slegs met jou toestemming.

Assesserings en promoverings

Let daarop dat die Universiteit tans in 'n stelseloorgangstydperk is en vervolgens die nuwe assesseringsreëls sal infaseer. As gevolg hiervan sal sekere vorige assesseringsreëls, soos gestel in die 2022 Universiteitsjaarboek, Deel 1, nog moontlik vir die 2025- akademiese jaar van toepassing wees.

Let ook daarop dat die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe steeds die eksamineringstelsel in modules gebruik waarvoor daar weens kurrikulumhernuwing tans 'n proses van uitfasering aan die gang is of in nagraadse programme wat gebruik maak van eksterne eksamineringstelsels vir professioneleregistrasiedoeleindes.

1. Algemene bepalings

1.1 Algemene vereistes

- 1.1.1 Die duur en bestek van die programme en assesserings vir die onderskeie grade, sertifikate en diplomas is soos deur die Raad in oorlegpleging met die Senaat bepaal.
- 1.1.2 Wanneer jy die voorgeskrewe kurrikulum vir 'n graad, diploma of sertifikaat afgehandel het, moet jy – tensy daar formele bepalings tot die teendeel is – assesserings in alle modules aflê, en daardie assesserings mag die werk van die betrokke semester, jaar en/of dié van vorige semesters en/of jare dek na gelang van die Senaat se besluit.
- 1.1.3 Assesserings vir 'n hoër graad in 'n vak mag vrae oor die werk vir die voorafgaande graad insluit.
- 1.1.4 Veranderings aan die bepalings in hierdie Jaarboekhoofstuk is onderworpe aan goedkeuring deur die Komitee vir Leer, Onderrig en Assesering (KLOA) en die Akademiesebeplanningskomitee.

1.2 Toepassingsbestek en toepaslike assesseringsreëls

- 1.2.1 Die assesseringsverwante bepalings in hierdie Jaarboekhoofstuk is van toepassing op assesserings in voor- en nagraadse modules wat deel van 'n graad-, sertifikaat- of diploma-program uitmaak. Die hoofstuk "Nagraadse Kwalifikasies" vervat die besonderhede oor assesserings vir magistertesisse en doktorsale proefskrifte. Die afdeling "Promovering" in hierdie hoofstuk is op alle graad-, sertifikaat- en diplomaprogramme van toepassing.
- 1.2.2 Daar is sommige modules wat deur die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aangebied word waarop hierdie Jaarboekhoofstuk nie van toepassing is nie. Raadpleeg die Universiteit Stellenbosch Jaarboek, Deel 12 (Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe) vir meer besonderhede in hierdie verband.
- 1.2.3 Assesserings en die berekening van finale punte is, buiten die bepalings wat hier verskyn, ook onderhewig aan bykomende vereistes wat in die betrokke fakulteit se Jaarboekdeel en in die assesseringsreëls van die tuisfakulteit of -sentrum van die module gestel word. Die res van hierdie hoofstuk sal na sodanige vereistes as 'die toepaslike assesseringsreëls' verwys. Sommige situasies, wat as sodanig uitgewys sal word, is onderhewig aan bykomende vereistes wat in die assesseringsreëls van die program se tuisfakulteit of -sentrum gestel word.
- 1.2.4 Die assesseringsstelsel soos dit in hierdie hoofstuk beskryf word, het in 2023 die benadering wat 'n eksamenstelsel, buigsame assessering en projekassesering behels het vervang.
- 1.2.5 Die term 'sentrum' sluit, vir die doeleindes van hierdie hoofstuk, enige Universiteitsentrum, -instituut, -buro of -skool in wat 'n module of program huisves.

2. Soorte vakke en modules

2.1 Vak

- 2.1.1 'n Vak is 'n diskrete dissipline of kennisveld binne 'n wetenskap (voorbeeld van laasgenoemde is Afrikaans en Nederlands, chemie, en ekonomie).

2.2 Module

- 2.2.1 'n Module is 'n stel lesings, seminare, praktika, ensovoorts wat 'n sekere gebied binne 'n vak dek en wat vir doeleindes van prestasie en kreditering 'n eenheid uitmaak.

2.3 Graad-, sertifikaat- of diplomaprogram

- 2.3.1 'n Graad-, sertifikaat- of diplomaprogram is 'n voorgeskrewe kombinasie van modules, wat saam die kurrikulum uitmaak.

2.4 Semestermodule

- 2.4.1 'n Semestermodule is 'n module wat 'n eenheid uitmaak wat oor een semester strek, ongeag die lesing- of kredietlading daarvan.

2.5 Jaarmodule

- 2.5.1 'n Jaarmodule is 'n module wat 'n eenheid uitmaak wat oor twee semesters in een akademiese jaar strek, ongeag die lesing- of kredietlading daarvan.

2.6 Verlengde module

- 2.6.1 'n Verlengde module is 'n module wat 'n eenheid uitmaak en wat oor meer as een akademiese jaar strek, ongeag die lesing- of kredietlading daarvan. Die bepalings in hierdie hoofstuk voorsien nie uitdruklik vir verlengde modules nie, aangesien dit so selde voorkom en 'n groot verskeidenheid kenmerke het. Die toepaslike assesseringsreëls behoort alle besonderhede te verskaf wat vir assesserings in hierdie modules nodig is.

2.7 Behoorlik afgehandelde module

- 2.7.1 'n 'Behoorlik afgehandelde module' (let asseblief op dat hierdie term gebruik word om 'n sekere soort module aan te dui) is 'n module waarin geen finale punt toegeken word nie, maar waarin bevredigende bywoning van klasse of lesings, bevredigende afhandeling van werkopdragte en/of ander voorgeskrewe werk van jou vereis mag word om die module te slaag.
- 2.7.2 Voor 2023 is hierdie soort modules 'bywoningsmodules' genoem.

2.8 Slaagvoorveriestemodule

- 2.8.1 'n Slaagvoorveriestemodule is 'n module wat jy moet slaag voordat jy toegelaat sal word om die module(s) te volg waarvoor eersgenoemde module 'n slaagvoorvereiste is.

2.9 Voorveriestemodule

- 2.9.1 'n Voorveriestemodule is 'n module waarin jy 'n finale punt van minstens 40 moet behaal voordat jy toegelaat sal word om die module(s) te volg waarvoor hierdie module 'n voorvereiste is. Indien jy vir 'n voorveriestemodule geregistreer het terwyl die module volgens die "eksamen"-assesseringstelsel geëksamineer is, moet jy egter 'n klaspunt van minstens 40 behaal om aan die voorvereiste te voldoen.
- 2.9.2 Jy moet al die modules slaag waarvan jy gebruik gemaak het om aan die voorveriestes vir jou program te voldoen om vir die toekenning van die betrokke graad, sertifikaat of diploma in aanmerking te kom.
- 2.9.3 Nadat jy eenmaal aan 'n voorveriestebepaling voldoen het, bly sodanige voldoening geldig vir die tydperk soos in die toepaslike assesseringsreëls bepaal, selfs al herhaal jy die voorveriestemodule en behaal jy nie die minimum prestasie wanneer jy die module herhaal nie.

2.10 Neweveriestemodule

- 2.10.1 'n Neweveriestemodule is 'n module waarvoor jy moet registreer in 'n vorige semester of in dieselfde semester as die module waarvoor dit 'n newevereiste is.
- 2.10.2 Jy moet al die modules slaag waarvan jy gebruik gemaak het om aan die neweveriestes vir jou program te voldoen om vir die toekenning van die betrokke graad, sertifikaat of diploma in aanmerking te kom.

2.11 Agterstallige modules

- 2.11.1 'n Agterstallige module is 'n module wat jy nog nie geslaag het nie, maar wat deel van die kurrikulum vir die betrokke graad, diploma of sertifikaat uitmaak.

2.12 Geleentheidsmodule

- 2.12.1 Let asseblief daarop dat die term 'geleentheidsmodule' verwys na 'n sekere manier waarop 'n module gebruik word, nie na die kenmerke van die module op sigself nie. Die gelykwaardige term voor 2023 was 'ekstra module'.
- 2.12.2 'n Geleentheidsmodule is 'n module waarvoor jy geregistreer het hoewel dié module nie deel uitmaak van die kurrikulum vir jou graad-, sertifikaat- of diplomaprogram nie, en ook nie 'n newevereiste-, slaagvoorvereiste- of voorveriestemodule vir enige voorgeskrewe modules in die kurrikulum vir die betrokke graad-, sertifikaat- of diplomaprogram is nie.
- 2.12.3 Indien jy meer as die vereiste getal keusemodules vir jou graad-, sertifikaat- of diplomaprogram neem, word die elektiewe modules wat die programvereistes oortref as geleentheidsmodules beskou.

- 2.12.4 Enige module wat jy as geleentheidsmodule neem, is onderhewig aan dieselfde assesseringsbepalings as dié wat geld as jy die module neem omdat dit voorgeskryf is met die doel om 'n graad, sertifikaat of diploma te verwerf.
- 2.12.5 Assesserings vir geleentheidsmodules word gedurende die normale assesseringstydperk vir die betrokke modules afgeleë.
- 2.12.6 Geleentheidsmodules word nie in ag geneem om te bepaal of jy aan die minimumvereistes vir hernude inskrywing voldoen nie, maar mag wel in aanmerking kom wanneer jy appèl om hertoelating doen.
- 2.12.7 Geleentheidsmodules word buite rekening gelaat in die besluit of jou kwalifikasie cum laude toegeken word of nie.

3. Soorte punte en slaging van modules

Hierdie afdeling beskryf die soorte punte wat Universiteitswyd gebruik word en wat op die studente-inligtingstelsel (SIS of SUNStudent) gelaai word of gelaai is. Die toepaslike assesseringsreëls mag aanvullende soorte punte invoer en meer omskrewe betekenis aan die soorte punte toeken as wat in hierdie afdeling gedoen word. Dit sal nie betekenis wat hier verskaf word, verander nie. Aanvullende soorte punte word nie op SUNStudent gelaai nie, tensy die Akademiese beplanningskomitee of die Senaat dit as deel van die toepaslike assesseringsreëls goedgekeur het.

3.1 Finale punt, modules geslaag en geslaag met onderskeiding

- 3.1.1 In modules wat nie behoorlik afgehandelde modules (soos in par. 2.7 omskryf) is nie, word jou finale prestasie in 'n module uitgedruk deur die finale punt (FP).
- 3.1.2 Die toepaslike assesseringsreëls skryf voor hoe finale punte bereken word.
- 3.1.3 'n Finale punt is 'n totaal uit 100.
- 3.1.4 Finale punte sal almal tot die naaste heelgetal afgerond word.
- 3.1.5 Ten einde 'n module te slaag (behoorlik afgehandelde modules uitgesluit), moet jy 'n finale punt van minstens 50 vir die module behaal.
- 3.1.6 In die geval van behoorlik afgehandelde modules word 'n uitslag van 'Behoorlik afgehandel' aangeteken indien jy die module slaag, of 'Nie behoorlik afgehandel nie' indien jy nie slaag nie. Geen finale punt word aan jou toegeken nie. Die moduleraamwerk of studiegids vir die module moet die slaagvereistes vir die module stel.
- 3.1.7 Om 'n module met onderskeiding te slaag, moet jy 'n finale punt van minstens 75 daarvoor behaal.
- 3.1.8 Jou studierekord toon by elke module waarvoor jy geregistreer het die finale punt, 'Behoorlik afgehandel' of 'Nie behoorlik afgehandel nie'. Verder toon die studierekord ook 'n opmerking soos 'Slaag', "Slaag met onderskeiding" of "Druip". In die geval van jaarmodules waar jou finale punt nie beskikbaar is nie, maar wel 'n midjaarpunt (MJ-punt, soos hier onder omskryf), verskyn die MJ-punt op die studierekord met 'n opmerking wat aantoon dat dit 'n midjaarpunt is.

3.2 A1-, AV-, A2-, A3-, A4-, MJ- en DVA-punte en PTD

- 3.2.1 Die punte waarvoor SUNStudent voorsien, bykomend tot finale punte, is (hier gegee in tipiese chronologiese volgorde):
 - 3.2.1.1 vir semestermodules – A1, AV, PTD, A2, A3, A4 en DVA; en
 - 3.2.1.2 vir jaarmodules – A1S1, AVS1, A2S1, MJ, A1S2, AVS2, PTD, A2S2, A3, A4 en DVA.
- 3.2.2 Die punte hou met die onderstaande assesserings verband (S1 en S2 verwys na die eerste en die tweede semester, onderskeidelik):
 - 3.2.2.1 A1-punte word gewoonlik bepaal deur een of twee groot midsemester- summatiewe assesserings gedurende die A1-tydperk, wat in par. 4 beskryf word.
 - 3.2.2.2 AV-punte (verdereassesseringspunte) word gewoonlik bepaal deur verdere summatiewe assesserings gedurende die lesingtydperk (AV-tydperk, soos in par. 4 beskryf); AV is bedoel om assesserings te verteenwoordig wat nie redelikerwys in A1 geakkommodeer kon word nie – byvoorbeeld praktiese werk (in die laboratorium of andersins), projekassesserings of klein summatiewe assesserings wat gedurende gereelde tutoriaalsessies afgeneem is; die punte van die komponente wat tot AV bydra, word gewoonlik via SUNLearn (LW: nie SUNStudent nie) aan jou as student bekendgemaak.
 - 3.2.2.3 PTD is 'n punt-tot-op-datum wat bereken word met al die assesserings voor A2 of A2S2 om aan jou 'n aanduiding te gee van jou stand voordat jy A2 of A2S2 aflê.
 - 3.2.2.4 A2- en A3-punte, onderskeidelik, word uitsluitlik gedurende die tersaaklike A2- en A3-assesseringstydperk bepaal, soos in par. 4 uiteengesit. In die geval van jaarmodules, egter, word A3-punte uitsluitlik deur assesserings gedurende die A3-tydperk in die tweede semester bepaal.

- 3.2.2.5 MJ-punte is die midjaarpunte, en word vernaamlik met verwysing na die A1S1-, AVS1- en A2S1-punte bepaal.
- 3.2.2.6 A4-punte word gedurende Januarie/Februarie-assesserings bepaal, DVA's uitgesluit.
- 3.2.2.7 DVA-punte word gedurende 'n dekaansvergunningsassessering bepaal.
- 3.2.3 Elkeen van hierdie soorte punte is uit 100, afgerond tot die naaste heelgetal.
- 3.2.4 Nie al hierdie punte word in alle modules in berekening gebring nie. Programme mag A4-assesserings sowel as dekaansvergunningsassesserings aanbied, of een van die twee, of geeneen nie. Die toepaslike assesseringsreëls skryf voor hoe hierdie punte bepaal word en tot die finale punt bydra – indien hoegenaamd.
- 3.2.5 A1-, A1S1-, A1S2-, AVS1- en AVS2-punte kan elk bepaal word deur veelvuldige assesserings wat in 'n enkele punt saamgevoeg word, soos in die toepaslike assesseringsreëls voorgeskryf.
- 3.2.6 Indien die A2-assessering vir 'n module bestaan uit meer as een assesseringsvraestel wat in meer as een assesseringsgleuf op die rooster in die A2-tydperk geskryf word, moet jy alle vraestelle in dieselfde ronde assesserings skryf om 'n A2-punt te verwerf, tensy die toepaslike assesseringsreëls dit uitdruklik anders reël. Andersins val die punte vir die vraestelle wat jy wel geskryf het. 'n Soortgelyke vereiste geld vir A3- en A4-assesserings wat uit meer as een assesseringsvraestel bestaan.
- 3.2.7 Hierdie punte word gewoonlik gebruik om jou oor jou vordering in te lig, om studente-ondersteuning by jou spesifieke behoeftes aan te pas en vir gehalteversekeringsprosesse by die Universiteit.
- 3.2.8 Hierdie punte word nie op jou studierekords aangetoon nie, maar jy kan 'n verslag op SUNStudent trek wat wel al jou punte bevat. Jy kan 'n afskrif van die verslag aan derde partye verskaf as jy wil.

3.3 Vorderingspunt

- 3.3.1 Die omskrywing van 'vorderingspunt' word hier behou om studente se akademiese rekord te kan vertolk in gevalle waar voormalige assesseringstelsels nog toegepas is.
- 3.3.2 'n Vorderingspunt was die punt uit 100 wat in jaarmodules aan die einde van die eerste semester toegeken is op grond van die student se prestasie in assesserings, take en ander werkopdragte tot met die Junie-assesseringstydperk in die betrokke jaar.

3.4 Klaspunt en eksamenpunt

- 3.4.1 Die omskrywing van 'klaspunt' en 'eksamenpunt' word hier behou om studente se akademiese rekord te kan vertolk in gevalle waar die 'eksamen'-assesseringstelsel in die verlede toegepas is. Die Universiteit Stellenbosch het die eksamenstelsel tot in 2022 gebruik.
- 3.4.2 'n Klaspunt is toegeken in modules waarin 'n eksamen afgelê moes word. Die klaspunt vir enige bepaalde module is met verwysing na die student se klasbywoning en klaswerk, toetse, take, werkopdragte en praktiese werk (waar toepaslik) in daardie module bereken. Die klaspunt is gebruik vir eksamentoelating, om aan voorvereistes te voldoen en – in sommige gevalle – vir koshuistoelating.
- 3.4.3 'n Klaspunt van minstens 40 is vereis om toelating tot enigeen van die twee eksamens in 'n module te verkry. Hierdie bepaling was onderworpe aan die reël dat geen student eksamentoelating geweier mag word in 'n module waarvoor die klaspunt op grond van slegs een assessering bepaal is nie. Klaspunte moes voor die eerste eksamengeleentheid verwerf word.
- 3.4.4 'n Student se prestasie in 'n eksamen is deur die eksamenpunt uitgedruk. In buitengewone gevalle kon 'n assessering wat voor die eksamen afgeneem is by die eksamenpunt ingewerk word; byvoorbeeld, 'n assessering wat in 'n rekenaargebruikersarea (RGA) afgeneem is.
- 3.4.5 Enige bepaalde finale punt in die eksamen-assesseringstelsel is volgens 'n vaste formule met verwysing na die student se klaspunt en eksamenpunt bereken. Die finale punt is gewoonlik bereken deur die klaspunt en eksamenpunt saam te voeg in die verhouding 40:60 vir semestermodules, en 50:50 vir jaarmodules en verlengde modules. Fakulteite is wel toegelaat om die verhouding tussen die klaspunt en eksamenpunt aan te pas, met die beperking dat geeneen van die twee samestellende punte minder as 40% van die finale punt mag uitgemaak het nie.
- 3.4.6 In sommige modules is die klaspunt egter ook as die finale punt geneem. In sodanige modules was die reëls vir die berekening van dié punt dieselfde as vir die klaspunt soos hier bo uiteengesit.

4. Assesseringstydperke

4.1 A1-tydperk

- 4.1.1 A1-punte is hoofsaaklik bepaal gedurende die A1-tydperk van die semester waarin die module aangebied is. Vir jaarmodules was dit soortgelyk: A1S1- en A1S2-punte is in die A1-tydperk in onderskeidelik die eerste en tweede semester bepaal.
- 4.1.2 Die A1-tydperk duur vanaf die begin van die semester tot twee en 'n half weke voor die einde van lesings vir daardie semester.
- 4.1.3 Geen A1-assesserings mag buite die A1-tydperk geskeduleer word nie, buiten in gevalle waar die toepaslike assesseringsreëls dit toelaat weens –
- 4.1.3.1 die getal voorgraadse modules in die betrokke fakulteit, of
- 4.1.3.2 die aanbiedingsmetode van 'n sekere module; of wanneer dit onvermydelik is weens –
- 4.1.3.3 die datum waarop openbare vakansiedae in die betrokke kalenderjaar val, of
- 4.1.3.4 ander onvoorsiene omstandighede.
- 4.1.4 Waar A1-assesserings vir 'n datum na die A1-tydperk geskeduleer is, moet die A1-datums so gou doenlik na afloop van die A1-tydperk wees, tensy die toepaslike assesseringsreëls daarvoor voorsien dat die assessering weens die aanbiedingsmetode van die betrokke module vir die laaste lesingweek geskeduleer word.
- 4.1.5 Vir programme waar dit werkbaar is, mag A1-assesserings binne 'n korter tydperk geskeduleer word terwyl gereelde kontaksessies in die betrokke programme opgehef is, onderhewig aan die instemming van die fakulteite en sentrums wat geraak word en die beskikbaarheid van lokale.
- 4.1.6 A1-assesserings word deur die Roosterkantoor geskeduleer indien die assesserings buite die module se normale kontakperiodes gaan plaasvind; andersins, deur die module se tuisfakulteit.
- 4.1.7 Die module se tuisdepartement of -sentrum, nie die Assesseringskantoor nie, hanteer die administrasie rakende assesserings gedurende die A1-tydperk (wat lokaalbesprekings, duplisering van vraestelle en toesighouding insluit).
- 4.1.8 Weens skeduleringsbeperkings mag skryftydvergunnings gedurende die A1-tydperk tot hoogstens 20 minute per uur beperk word.
- 4.1.9 Die tuisdepartement of -sentrum van die module is daarvoor verantwoordelik om spesiale behoeftes van studente, wat vergunnings soos bykomende skryftyd of 'n afsonderlike lokaal insluit, te akkommodeer sover dit redelikerwys uitvoerbaar is. Aangesien departemente en sentrums se kapasiteit vir sodanige akkommodering meer beperk is as dié van die Universiteit in die geheel, mag dit wees dat jy, as student met spesiale behoeftes, nie in dieselfde mate geakkommodeer kan word as gedurende die A2- en A3-tydperke nie.
- 4.1.10 Indien jy om watter rede ook al (bv. roosterbotsings, siekte, persoonlike verpligtings of godsdienstige oorwegings) 'n A1-assesseringsgeleentheid misloop, sal jy nie 'n ander assesseringsgeleentheid in die plek van die betrokke A1-geleentheid gebied word nie.

4.2 AV-tydperk

- 4.2.1 Die AV-tydperke (een in elke semester) val saam met die tydperk wanneer lesings normaalweg gedurende die semester aangebied word. Dit sluit dus die A2- en A3-tydperke uit, en sluit die onderskeie A1-tydperke in.
- 4.2.2 Assesserings wat tot AV bydra word nie deur die Roosterkantoor geskeduleer nie, maar deur die module se tuisfakulteit of -sentrum. Assesserings waar toesig gehou word en wat tot AV bydra moet gedurende die module se normale kontaksessies afgeneem word, tensy die toepaslike assesseringsreëls vir daardie module uitdruklik toelaat dat dit andersins mag geskied. In laasgenoemde geval moet die skedules opgestel word in oorleg met die ander fakulteite wat programme aanbied wat die betrokke module insluit.
- 4.2.3 Die administrasie van assesserings wat tydens die AV-tydperk plaasvind word nie deur die Assesseringskantoor verrig nie, maar deur die tuisdepartement of -sentrum.
- 4.2.4 Die tuisdepartement of -sentrum van die module is daarvoor verantwoordelik om spesiale behoeftes van studente, onder meer bykomende skryftyd, te akkommodeer sover dit redelikerwys uitvoerbaar is. Aangesien departemente en sentrums se kapasiteit vir sodanige akkommodering meer beperk is as dié van die Universiteit in die geheel, mag dit wees dat jy, as student met spesiale behoeftes, nie in dieselfde mate geakkommodeer kan word as gedurende die A2- en A3-tydperke nie.

4.3 A2-, A3-, Junie- en November-tydperke

- 4.3.1 Die A2-tydperk in elke semester volg direk op die lesingtydperk. Die A3-tydperk in elke semester volg direk op die A2-tydperk.
- 4.3.2 Geen lesing-, tutoriaal-, praktikum- of seminaarkontakssessies word gedurende die A2- en A3-tydperke geskeduleer nie, behalwe in die omstandighede soos in par. 4.3.3 omskryf.
- 4.3.3 Nagraadse modules mag lesing-, tutoriaal-, praktikum- of seminaarkontakssessies gedurende die A2- en A3-tydperke aanbied, maar die lokaalvereistes vir assesserings wat deur die Roosterkantoor geskeduleer is, geniet voorrang bo dié van nagraadse modules.
- 4.3.4 Die Junie-assesseringstydperk bestaan uit die A2- en A3-tydperke van die eerste semester. Die November-assesseringstydperk bestaan uit die A2- en A3-tydperke van die tweede semester. Die datums van hierdie assesseringstydperke verskyn in die almanak op die web.
- 4.3.5 Elke semestermodule het hoogstens een roostergleuf in die betrokke A2-tydperk en hoogstens een in die A3-tydperk, behalwe in gevalle soos in par. 4.3.6 uiteengesit.
- 4.3.6 A2-assesserings mag bestaan uit twee vraestelle wat in verskillende roostergleuwe binne die A2-tydperk geskryf word, maar slegs in buitengewone gevalle wat volgens die toepaslike assesseringsreëls vir die betrokke module toegelaat word.
- 4.3.7 Assesserings in die A2- en A3-tydperke mag nie langer as 3 uur per assessering duur nie, tensy die toepaslike assesseringsreëls langer assesserings vir die besondere module toelaat en die Roosterkantoor en die Asseseringskantoor daartoe ingestem het.
- 4.3.8 Die Roosterkantoor skeduleer A2- en A3-asseseringsgeleenthede. Die Asseseringskantoor skeduleer die lokale vir A2 en A3, tensy die module se tuisdepartement of -sentrum uitdruklik versoek dat die Asseseringskantoor nie die lokaal skeduleer nie.
- 4.3.9 Geen verdere assessering in 'n module, buiten in gevalle soos in par. 4.4 uiteengesit, sal na die A3-assessering toegestaan word nie, ongeag om watter rede jy nie enige van die ander assesseringsgeleenthede in die betrokke module benut het nie. Selfs indien jy weens omstandighede buite jou beheer verhoed is om die A2- en A3-asseserings in 'n module af te lê, sal jy nie bykomende assesseringsgeleenthede in die plek van A2 en/of A3 gebied word nie.
- 4.3.10 Let wel: Indien jy as finalejaarstudent, ongeag die rede daarvoor, 'n assesseringsgeleentheid vir 'n module gedurende die A3-tydperk in November benut, kan jy nie gedurende die gradeplegtighede in Desember daardie jaar 'n kwalifikasie ontvang waarvoor die betrokke module vereis word nie. Die vroegste geleentheid waarby jy jou kwalifikasie kan ontvang, is in Maart of April van die daaropvolgende jaar.

4.4 A4-tydperk

- 4.4.1 Die A4-tydperk vir 'n sekere jaar van inskrywing strek vanaf die einde van daardie jaar se A3-tydperk in November tot in Januarie en Februarie van die daaropvolgende kalenderjaar, tot op die sperdatum vir A4-punte soos op die almanak aangedui.
- 4.4.2 A4-asseserings mag slegs vir die volgende gebruik word (maar gebruik daarvan is opsioneel):
 - 4.4.2.1 honneurs- en magisterprogramme,
 - 4.4.2.2 projekte modules in voorgraadse programme,
 - 4.4.2.3 programme wat via interaktiewe telematiese onderrig aangebied word, en
 - 4.4.2.4 sekere voorgraadse modules waarvoor die toepaslike assesseringsreëls uitdruklik toestemming verleen.
- 4.4.3 Dekaaansvergunningsassesserings (verwys na par. 7 in hierdie hoofstuk vir die besonderhede) word ook in die A4-tydperk afgeneem, maar die uitslae van sodanige assesserings word van A4-punte onderskei.
- 4.4.4 Die Roosterkantoor skeduleer nie assesserings in die A4-tydperk nie. Dit word deur die tuisdepartement of -sentrum gedoen na oorlegpleging met alle fakulteite wat programme aanbied wat die betrokke module insluit.
- 4.4.5 Die Asseseringskantoor hanteer nie die administrasie van assesserings wat gedurende die A4-tydperk afgeneem word nie. Die tuisdepartement of -sentrum behartig dit. Die Asseseringskantoor hanteer wel sekere telematiese programme waarvan die tweede assesseringsgeleentheid in die A4-tydperk afgeneem word.

4.5 Ander assesseringstydperke

- 4.5.1 Die assessering van modules wat in ander formate as semester- of jaarmodules aangebied word – byvoorbeeld, in blokke of by wyse van hibriediese leer – is nie tot die assesseringstydperke soos hier bo beskryf, beperk nie.
- 4.5.2 Assesserings in ander assesseringstydperke moet deur die tuisdepartement of -sentrum vir die module geskeduleer word (die Roosterkantoor skeduleer dit nie) na oorlegpleging met

alle fakulteite wat programme aanbied wat die betrokke module insluit. Hierdie skedulering mag nie inmeng met skedules wat deur die Roosterkantoor opgestel is nie.

- 4.5.3 Die administrasie van assesserings wat gedurende ander assesseringstydperke afgeneem word, berus nie by die Assesseringskantoor nie maar by die tuisdepartement of -sentrum; tensy daardie assesserings afgeneem word in een van die assesseringstydperke waartydens die Assesseringskantoor normaalweg assesserings afneem.

5. Assesseringsreëls vir fakulteite en sentrums

5.1 Algemene bepalings

- 5.1.1 Alle fakulteite en sentrums wat programme en/of modules aanbied, moet ooreenkomstig die parameters wat in hierdie hoofstuk van die Jaarboek neergelê word assesseringsreëls formuleer wat die assessering van modules en/of programme wat die fakulteit of sentrum aanbied, reguleer en moet die reëls vir goedkeuring voorlê soos hier onder uiteengesit. Elke fakulteit en sentrum moet hulle reëls in een, samehangende dokument vervat.
- 5.1.2 'n Fakulteit of sentrum se assesseringsreëls mag 'n verskeidenheid assesseringskemas voorsien vir modules wat deur die betrokke fakulteit of sentrum aangebied word, sodat die tuisdepartement of -sentrum enige gepaste assesseringskema kan gebruik sonder dat dit verdere goedkeuring op fakulteitsvlak of hoër verg. Die reëls mag ook vir 'n interne goedkeuringsproses vir modulespesifieke assesseringskemas voorsien.
- 5.1.3 Die assesseringsreëls moet vir prosesse voorsien waardeur 'n student se werk in 'n module by opeenvolgende geleenthede gedurende die semester of jaar doelmatig en by wyse van verskeie assesseringsmetodes (bv. werkopdragte, toetse, portefeuljes, mondelinge, laboratoriumnavorsing, seminare, tutoriaalsessies en projekverslae) geassesseer en geweeg word.
- 5.1.4 Die assesseringsreëls wat in elke module toegepas word, moet doeltreffende assessering ondersteun soos in die Universiteit se Assesseringsbeleid omskryf, onder meer met verwysing na die nege maatstawwe vir doeltreffende assessering. Hierdie maatstawwe is: geldigheid, egtheid, betroubaarheid, opvoedkundige impak, akademiese integriteit, deursigtigheid, billikheid, haalbaarheid en legerigte terugvoering.
- 5.1.5 Die assesseringsreëls moet vir tydige terugvoering aan studente na formatiewe en summatiewe assesserings gedurende die lesingtydperk of die semester voorsien. Sodanige assesserings en terugvoer moet jou as student die geleentheid bied om jou eie leer te verbeter en terugvoer te ontvang oor die mate waarin jy die module-uitkomste bemeester het. Assesserings wat primêr daarop ingestel is om formatief te wees, kan ook 'n summatiewe funksie verrig en tot AV (bv. kort toetse gedurende tutoriaalsessies) bydra, maar dit is opsioneel.
- 5.1.6 Die assesseringsreëls mag beperkings op studente se finale punt plaas as hulle nie getoon het dat hulle sekere uitkomste in 'n module (wat as subminima geformuleer kan word) bereik het nie. Tipiese voorbeelde is dat jou finale punt tot 45 beperk word as jy nie alle vereiste laboratoriumpraktikums in 'n module bevredigend afgehandel het nie, of dat jou finale punt tot 45 beperk word as jy nie voldoen het aan die vereistes van professionele liggame wat in die module geassesseer is nie.
- 5.1.7 Geen enkele assesseringsgeleentheid mag die enigste faktor wees wat bepaal of jy slaag of druipt nie, buiten in die uitsonderingsgevalle wat hieronder genoem word. Ongeag die rede waarom jy 'n assesseringsgeleentheid wat gebied is, nie benut nie (bv. weens 'n roosterbotsing, siekte, persoonlike verpligting, godsdienslike oorwegings of verlof daartoe deur die Registrateur aanbeveel), sal dit steeds gereken word as 'n geleentheid wat aan jou gebied is. Die toepaslike assesseringsreëls mag egter sekere modules van hierdie vereiste vrystel waar voldoening aan die vereiste nie redelik uitvoerbaar is nie; byvoorbeeld, waar 'n groot deel (of die geheel) van die finale punt bepaal word deur 'n groot projek of navorsingswerkstuk, soos in finalejaarmodules en in nagraadse programme. In modules wat van hierdie vereiste vrygestel is, sal jy gepaste formatiewe terugvoer oor jou werk ontvang terwyl jy met die projek of werkstuk besig is.
- 5.1.8 Die bepalings in hierdie hoofstuk van die Jaarboek geld vir alle modules, tensy die assesseringsreëls uitdruklik anders bepaal. Die assesseringsreëls hoef dus nie die bepalings wat hier verskyn te herhaal nie, en moet dit verkieslik nie doen nie.
- 5.1.9 Die assesseringsreëls moet maklik toeganklik gemaak word vir studente en personeel wat deur die reëls geraak word, byvoorbeeld deur die reëls op SUNLearn te plaas.
- 5.1.10 Die manier waarop die toepaslike assesseringsreëls in elke module toegepas word, moet aan die begin van die betrokke semester of akademiese jaar aan jou as student bekendgemaak word, hetsy in die moduleraamwerk of in die studiegids. Sodanige inligting sluit die volgende in:

- 5.1.10.1 die subminima wat in die module toegepas sal word, indien enige;
- 5.1.10.2 hoe jou finale punt bereken sal word indien finale punte in die module toegeken word of, in die geval van 'n behoorlik afgehandelde module, wat van jou vereis word om te kan slaag;
- 5.1.10.3 watter assesseringstydperke gebruik sal word, en
- 5.1.10.4 watter assesserings verpligtend is.

5.2 Goedkeuringsprosedure

- 5.2.1 Hierdie afdeling is van toepassing op die aanvanklike goedkeuring van 'n fakulteit of sentrum se assesseringsreëls en op die goedkeuring van daaropvolgende wesentliche veranderings. Redaksionele veranderings of opklarings hoef nie ingevolge hierdie proses voorgelê te word nie, maar moet deur die fakulteitsraad of sentrumbestuurskomitee goedgekeur word.
- 5.2.2 Die betrokke persoon/persone in die fakulteit of sentrum moet bevestiging vanaf die SUNStudent Ondersteuningsentrum (SOS), die Asseseringskantoor en die Roosterkantoor bekom dat hulle onderskeie dienste die voorgenome assesseringsreëls kan akkommodeer. Indien akkommodering van die assesseringsreëls sou verg dat die dienste wat hierdie kantore lewer substansieel moet verander, moet sodanige veranderings onder die Programadvieskomitee se aandag gebring word wanneer die reëls aan dié komitee voorgelê word.
- 5.2.3 Die voorsitter, hoof of direkteur van die module se tuisdepartement of -sentrum moet goedkeuring vir modulespesifieke reëls verkry. Goedkeuring van alle veranderings aan die reëls moet by die fakulteit of sentrum se interne programbestuurstrukture (gewoonlik 'n fakulteit se programkomitee of 'n sentrum se bestuurskomitee) verkry word.
- 5.2.4 Nadat die goedkeuring van bogenoemde rolspelers verkry is, moet voorleggings van nuwe of gewysigde reëls by die Programadvieskomitee ('n subkomitee van die Senaat se Akademiese beplanningskomitee) dien, met motivering aan die hand van die Universiteit se Asseseringsbeleid soos in par. 5.1.4 bedoel. Elke fakulteit of sentrum moet alle voorgenome nuwe reëls of wysigings in een, samehangende dokument opneem. Wysigings of byvoegings tot voorheen goedgekeurde reëls moet gewoonlik met behulp van veranderingspoor aangedui word. Indien die assesseringsreëls verskil van assesseringsreëls wat op daardie tydstip in gebruik is of kort vantevore goedgekeur is, moet die voorlegging aan die Programadvieskomitee skriftelike bewys insluit dat die voorgenome reëls die steun van SOS, die Asseseringskantoor en die Roosterkantoor geniet.
- 5.2.5 Nadat die Programadvieskomitee die aanbevelings oorweeg het, moet die fakulteit of sentrum se nuwe of gewysigde assesseringsreëls aan die Akademiese beplanningskomitee en die betrokke fakulteitsraad of sentrumbestuurstruktuur voorgelê word vir goedkeuring en aanbeveling by die Senaat as deel van die fakulteit of sentrum se Jaarboekwysigings vir die daaropvolgende jaar.

6. Algemeen toepaslike assesseringsreëls

6.1 Roosterverwante assesseringsbepalings

- 6.1.1 Die duur (vir studente wat nie vir bykomende skryftyd in aanmerking kom nie) van A1-, A2- en A3-asseserings moet met die ooreenstemmende roosterperiodes versoenbaar wees (verwys na par. 4), tensy 'n ander reëling in oorleg met die Roosterkantoor goedgekeur is as deel van die fakulteit se assesseringsreëls.
- 6.1.2 Die hoof-asseseringsrooster (dit is, die sentraal bestuurde rooster vir A1-, A2- en A3-asseserings sowel as ooreenstemmende assesserings vir jaarmodules) behoort daarvoor te voorsien dat die duur en aard (bv. skriftelik of rekenaargebaseerd) van 'n module se A3 van die A2 vir daardie module mag verskil.
- 6.1.3 Die feit dat jy toegelaat word om te registreer vir modules wat op die assesseringsroosters bots, verleen aan jou geen reg om tegemoetgekom te word rakende assesseringsroosterbotsings buiten soos in par. 6.1.4 en 6.1.5 uiteengesit nie.
- 6.1.4 Die Asseseringskantoor, en gewoonlik ook die tuisfakulteit, kom jou nie tegemoet as jy tydens die A2-tydperk roosterbotsings ervaar nie. In so 'n geval moet jy kies watter A2 jy wil benut, en dan A3 vir die botsende module gebruik.
- 6.1.5 Die Asseseringskantoor kom jou wel tegemoet as jy tydens die A3-tydperk roosterbotsings ervaar met assesserings wat deur die Asseseringskantoor afgeneem word. Tegemoetkoming behels dat reëlings getref word dat jy die botsende assesserings onmiddellik opeenvolgend tydens die A3-tydperk skryf, onder toesig wat deur die Asseseringskantoor gereël word.
- 6.1.6 Alle modules mag enigeen van die A1-, AV-, A2- of A3-tydperke benut – of al hierdie tydperke. Daar is twee uitsonderings hierop: Die A3-tydperk mag benut word slegs indien die module ook die A2-tydperk wat dit onmiddellik voorafgaan, benut, en jaarmodules mag slegs die November-A3-tydperk gebruik. Let ook op die implikasies in par. 4.3.10 indien jy 'n A3-assesering benut.

- 6.1.7 Indien die reëlings vir die skedulering van A1, A2 of A3 (of die ooreenstemmende geleent- hede vir jaarmodules) vir 'n module moet verander, moet die betrokke tuisdepartement of -sentrum die Roosterkantoor teen Mei van die voorafgaande jaar daarvan inlig. Andersins skeduleer die Roosterkantoor hierdie assesserings soos in die onmiddellik voorafgaande jaar. Byvoorbeeld, as die Roosterkantoor 'n A1 vir 'n sekere module vir die huidige jaar geskedu- leer het, word dit vanselfsprekend ook vir die volgende jaar geskeduleer; maar as die Roosterkantoor nie 'n A1 geskeduleer het nie, word dit nie vanselfsprekend vir die daarop- volgende jaar geskeduleer nie. So ook sal slegs modules wat geskeduleer is om elektroniese klaskamers of rekenaargebruikersareas (RGA's) in 'n sekere jaar te gebruik vanselfsprekend vir RGA's in die daaropvolgende jaar geskeduleer word. Enige veranderings van jaar tot jaar moet, wat hierdie aspek betref, sover moontlik beperk word.
- 6.1.8 As standaardpraktyk sal die Assesseringskantoor op versoek lokale toeken vir A2- en A3- assesserings wat deur die Roosterkantoor geskeduleer is. Die Assesseringskantoor sal ook op versoek sulke A2- en A3-assesserings administreer.
- 6.1.9 Die betrokke tuisdepartement of -sentrum moet aan die begin van elke semester die volgende inligting oor elke module wat die A2-tydperk in daardie semester gaan benut, aan die Assesseringskantoor verskaf:
- 6.1.9.1 of die Assesseringskantoor 'n lokaal en toesighouers moet organiseer vir (i) die A2-asses- sering of (ii) die A2- sowel as die A3-assessering;
- 6.1.9.2 of die assessering 'n RGA benodig; indien wel, sal die Assesseringskantoor bykomende inligting aanvra; en
- 6.1.9.3 die tyd wat aan studente toegestaan word om die assessering af te handel (d.w.s. die duur van die assessering of vraestel). Departemente en sentrums moet seker maak dat hierdie inligting korrek is en ooreenstem met die tydsduur wat op die vraestel verskyn, aangesien dit voor die assesseringstydperk op die studenteportaal vertoon word en die Assesserings- kantoor daarvolgens reëlings (soos vir studente met ekstra skryftyd) tref.

6.2 Toelating tot assesserings

- 6.2.1 Jy sal nie tot die assesserings vir 'n module toegelaat word nie tensy jy vir die module geregistreer is, die vereisde kontaksessies vir die module bygewoon het en tot op die tydstip van die assessering die voorgeskrewe werk in daardie module bevredigend verrig het (kyk ook by par. 12 in die hoofstuk "Toelating en Registrasie").
- 6.2.2 Indien jy 'n aansteeklike siekte het, moet jy van die tersaaklike bepalings in par. 4.1 in die hoofstuk "Toelating en Registrasie" kennis neem. Die bepalings sluit in dat jy jou moet onttrek aan alle Universiteitsbedrywighede, wat assesserings insluit.
- 6.2.3 Indien jy nie gedurende die A1- of AV-tydperke aan spesifieke vereistes (soos in par. 5.1.6 uiteengesit) voldoen nie, kan jy toegang tot assesserings in die tersaaklike module tydens die A2- en A3-tydperke geweier word.
- 6.2.4 Indien 'n module van A2-, A2S1- of A2S2-assesserings gebruik maak, moet jy geleentheid gebied word om aan die vereistes vir assesseringstoelating te voldoen voordat die A2- tydperk begin. Verwys ook na par. 5.1.7.
- 6.2.5 Indien 'n module 'n A3-assessering bied, mag jy nie toelating tot daardie assessering geweier word as jy wel toelating tot die A2-assessering gehad het nie, ongeag of jy daardie A2- geleentheid benut het of nie, behalwe dat die toepaslike assesseringsreëls toegang tot 'n A3-assessering tot die volgende studente mag beperk:
- 6.2.5.1 diegene wat nie geslaag het nadat die module se A2-assessering afgeneem is nie; en/of
- 6.2.5.2 diegene wat aan modulespesifieke vereistes (bv. dat hulle al die voorgeskrewe praktiese werk moes afgehandel het) voldoen het.
- 6.2.6 Indien jy toegang tot die A2-assessering verkry vir 'n module wat ook 'n A3-assessering aanbied, het jy die keuse om die A2-assessering nie te benut nie en slegs die A3-assessering af te lê, tensy die toepaslike assesseringsreëls vir daardie bepaalde module uitdruklik anders bepaal. In hierdie verband moet jy oplet dat:
- 6.2.6.1 par. 4.3.10 implikasies inhou vir graduering in Desember van daardie jaar as jy van A3- assesseringsgeleentheid gebruik gemaak het; en
- 6.2.6.2 die toepaslike assesseringsreëls mag verg dat jy die A2- sowel as die A3-assessering aflê as jy tydens die A1- en AV-assesseringstydperke aan sekere vereistes nie voldoen het nie (bv. as jy nie 'n A1-assessering afgelê het nie).
- 6.2.7 Indien jy toelating tot die A3-assessering verkry het, om watter rede ook al, moet jy van sodanige toelating in kennis gestel word deurdat die opmerking "Verdere assesserings toegelaat" as uitslag op SUNStudent aangeteken word. Jy kan toegang tot hierdie uitslag via die aanlyn portaal kry (selfs al is van jou gelde nog onbetaald) en die Assesseringskantoor kan die inligting gebruik om lokale toe te wys.
- 6.2.8 Die kennisgewing van eksamenpunte word so gou as moontlik beskikbaar gestel tydens die A2- (eerste eksamens) in Junie en November, maar minstens drie skoon dae voor die A3-

(tweede eksamineringsgeleentheid) van die betrokke module. In hierdie verband beteken "skoon dae" dat die datum van die aankondiging/kennisgewing en die datum van die A3-assessering nie ingesluit word in die berekening van die driedag-kennisgewingtydperk nie. Naweke en openbare vakansiedae word wel ingesluit in die berekening van die drie skoon dae. Let asseblief daarop dat die keurdatums vir die finalisering van punte, soos in die almanak gepubliseer, voorrang bo die bostaande bepaling vir drie assesseringsdae geniet.

- 6.2.9 Indien jy 'n module na die A2-assesserings geslaag het, maar graag die module se A3-assessering wil benut om jou punte te verbeter (indien die toepaslike assesseringsreëls daarvoor voorsien dat A3-assesserings benut mag word om 'n vorige slaagpunt te verbeter), moet jy die Registrateurskantoor by wyse van die tersaaklike prosedure op SUNStudent in kennis stel dat jy beoog om die A3-assesseringsgeleentheid te benut. Hierdie kennisgewing van jou moet ingestuur word binne 48 uur nadat die finale punte op grond van die A2-assessering bekendgemaak is, om te verhoed dat toelating tot die A3-assessering verval. Jy moet let op par. 4.3.10, oor die implikasies vir graduering in Desember van daardie jaar as 'n A3-assesseringsgeleentheid benut is.
- 6.2.10 Indien jy tot so 'n mate ernstig siek raak tydens 'n assessering in 'n lokaal waar daar toesig-houding is dat jy nie met jou assessering kan voortgaan nie, moet jy dit onmiddellik by die senior toesighouer aanmeld, wat Nooddienste sal skakel vir 'n siftingstoets om op jou gedoen te word en vir ondersteuning om aan jou gebied te word.
- 6.2.11 In sulke gevalle sal die toepaslike antwoordstel(le) nie gemerk word nie en nie ingesluit word by die berekening van jou finale punt nie.
- 6.2.12 Indien jy, ten spyte daarvan dat jy, soos verstrekkend in 6.2.10 hierbo, tydens 'n assessering siek raak, die assessering voltooi en daarna 'n doktersertifikaat verskaf, sal daar nie enige spesiale vergunning aan jou verleen word nie en die toepaslike antwoordstel(le) sal gemerk word. Dit is daarom wenslik dat, indien jy siek raak voor 'n assessering in 'n lokaal waar daar toesig-houding is, jy ernstig oorweeg om die A3-assessering te kies indien dit beskikbaar is.
- Indien jy sou siek raak tydens die eerste 45 minute van 'n geskeduleerde assessering en nie van die proses uiteengesit in 6.2.10 gebruik maak nie, maar voortgaan met die assessering, sal daar geen spesiale vergunning aan jou verleen word nie (selfs as jy 'n sertifikaat van 'n mediese praktisyn verskaf) en sal die toepaslike antwoordstel(le) gemerk word.

6.3 Toekenning van finale punt

- 6.3.1 In modules waar 'n finale punt toegeken word (dit wil sê, alle modules buiten behoorlik afgehandelde modules soos in par. 2.7 omskryf), moet die module se tuisdepartement of -sentrum
- 6.3.1.1 'n nie-nul-nie finale punt aan jou toeken (of SUNStudent toelaat om dit toe te ken) indien jy voldoende assesserings afgehandel het sodat 'n finale punt ooreenkomstig die toepaslike assesseringsreëls bereken kan word, of
- 6.3.1.2 andersins geen finale punt laai nie, maar slegs die opmerking "Druip".
- 6.3.2 Let op die vereistes in par. 5.1.10 dat jy ingelig moet word oor die manier waarop die finale punt in elke module bereken sal word.
- 6.3.3 In modules waarvoor 'n finale punt toegeken word, word jou finale punt vir die module bereken op grond van die A1-, AV-, A2-, A3-, A4- en DVA-punte en op grond van die ooreenstemmende punte vir jaarmodules soos in die toepaslike assesseringsreëls voorgeskryf.
- 6.3.4 Ongeag die punt wat bereken is soos hier bo uiteengesit, kan die toepaslike assesseringsreëls vereis dat jou finale punt binne 'n sekere spektrum moet val indien jy sekere module-uitkomste nie behaal het nie (soos voorsien in par. 5.1.6); of die toepaslike assesseringsreëls kan jou finale punt tot 50 of minder beperk in sommige situasies waar jy die A3-assesseringsgeleentheid benut het (bv. wanneer jy A3 as aanvullende assessering gebruik het terwyl studente wat die module voor A3 geslaag het nie toegang tot A3 toegestaan is nie).
- 6.3.5 Geen enkele assesseringsgeleentheid mag meer as 60% tot die finale punt bydra nie, tensy die afwykings van hierdie reël vir elke afsonderlike module goedgekeur is ingevolge die prosedure soos in par. 5.2 uiteengesit. Wanneer sodanige afwykings in die goedkeurings-prosedure voorgelê word, moet die afwyking geregverdig word met verwysing na die Universiteit se Assesseringsbeleid soos dit op die betrokke module van toepassing is.
- 6.3.6 Jou finale punt mag nie verlaag word weens die aflegging van 'n bykomende, opsionele of aanvullende assessering nie. Die toepaslike assesseringsreëls kan ook 'n perk plaas op die mate waarin bykomende, opsionele of aanvullende assesserings wat afgelê is die finale punt mag verbeter. A3 sal as aanvullende assessering beskou word as jy vooraf voldoende assesserings afgehandel het wat jou potensieel in staat sou stel om 'n module te slaag voordat A3 plaasvind; byvoorbeeld, as jy alle ander hoof- summatiewe assesserings wat in die betrokke module gebied word, benut het.
- 6.3.7 Verwys asseblief na par. 3.1.4 oor die afronding van finale punte.

- 6.3.8 Waar jy na die A2-assessering 'n finale punt toegeken is en ook toelating tot A3 toegestaan is, maar nie die A3-assessering afgelê het nie, sal die finale punt wat na die A2-assessering aan jou toegeken is as jou finale punt vir die module geld.

6.4 Rekords van uitslae

- 6.4.1 Die beslissende rekords vir finale punte sowel as vir A1-, AV-, A2-, A3-, A4-, DVA-, PTD- en MJ-punte – asook die ooreenstemmende punte vir jaarmodules – word gehou op SUNStudent en op geen ander platform, soos SUNLearn, nie. Indien SUNStudent en enige ander ligging waar rekords gehou word, mekaar weerspreek, sal die inligting op SUNStudent as korrek aanvaar word.
- 6.4.2 Verwys asseblief na par. 3.1.6 oor behoorlik afgehandelde modules (soos in par. 2.7 omskryf), waarvoor geen finale punt toegeken word nie. Hierdie uitslae moet teen die sperdatum vir finale punte vir die betrokke semester op SUNStudent gelaai word. Die res van hierdie afdeling is nie op behoorlik afgehandelde modules van toepassing nie.
- 6.4.3 Die departement of sentrum wat 'n module aanbied is daarvoor verantwoordelik om die volgende inligting, sover dit op die bepaalde module van toepassing is, op SUNStudent aan te teken vir alle studente wat vir die module geregistreer is: finale punte, A1-, AV-, A2-, A3-, A4-, DVA-, PTD- en MJ-punte, en die ooreenstemmende punte vir jaarmodules. Indien jy egter nie voldoende assesserings afgelê het om 'n spesifieke punt te verwerf nie, moet geen resultaat vir jou vir daardie punt op SUNStudent aangeteken word nie. Nie alle punte hoef vir alle modules gelaai te word nie; die toepaslike assesseringsreëls sal bepaal wat gelaai moet word. Let asseblief op die spesifieke bepaling rakende honneurs-, nagraadsdiploma- en magisterprogramme in par. 6.4.17.
- 6.4.4 SUNStudent gee aan jou toegang tot jou finale punte sowel as jou A1-, AV-, A2-, A3-, A4-, DVA-, PTD- en MJ-punte, en die ooreenstemmende punte vir jaarmodules. Departemente moet hierdie punte op geen ander manier aan jou bekendmaak nie, onder meer om die moontlikheid van weersprekende inligting te vermy.
- 6.4.5 A1- en AV-punte wat intern gemodereer is moet, waar toepaslik, minstens vyf assesseringsdae voor die A2 vir die betrokke module op SUNStudent gelaai word. Hierdie punte hoef egter nie voor die laaste lesingdag van die semester gelaai te word nie, tensy dit jou van toelating tot A2 sou uitsluit. Wat jaarmodules betref, is hierdie paragraaf op die ooreenstemmende assesserings in elke semester van toepassing.
- 6.4.6 Intern gemodereerde A2-, A3-, A4-, DVA- en MJ-punte asook die ooreenstemmende punte vir jaarmodules moet op SUNStudent gelaai wees teen die sperdatum vir die finale punte wat met hierdie assesserings verband hou.
- 6.4.7 Modules wat A3- of A4-assesserings aanbied, moet na die A2-assessering vir die module een van die volgende opmerkings saam met jou finale punt op SUNStudent laai:
- 6.4.7.1 "Toegelaat tot verdere assessering" – indien jy tot die A3- of A4-assessering vir die module toegelaat is;
- 6.4.7.2 "Slaag" – indien jy geslaag het en nie die opsie het om die punt by wyse van 'n A3- of A4-assessering te verbeter nie; of
- 6.4.7.3 "Druip" – indien jy gedruip het en nie toelating tot 'n A3- of A4-assessering het nie (bv. weens modulespesifieke vereistes waaraan nie tydens A3 voldoen kan word nie, soos voorgeskrewe praktiese werk).
- 6.4.8 Die module se tuisdepartement of -sentrum moet, vir modules wat A3- en A4-assesserings bied, 'n finale punt na afhandeling van sodanige assesserings op SUNStudent laai vir alle studente wat daardie assesseringsgeleentheid benut het. SUNStudent sal 'n opmerking (bv. "Druip", "Slaag" of "Slaag met onderskeiding") op grond van die punt toeken. Indien jy toelating tot 'n A3- of A4-assessering verkry het maar nie die geleentheid benut het nie, sal die finale punt wat vantevore vir jou op SUNStudent gelaai is as jou finale punt geld. Waar geen finale punt vantevore vir jou gelaai is nie, sal SUNStudent die opmerking "Druip" toeken.
- 6.4.9 Finale uitslae vir eerstesemestermodules sowel as MJ-punte vir jaarmodules wat intern en ekstern gemodereer is (d.w.s. finale punte of opmerkings soos "Behoorlik afgehandel", "Nie behoorlik afgehandel nie" of "Druip") moet op SUNStudent aangeteken word voor die datum wat in die US se almanak bepaal word (gewoonlik die laaste Vrydag voordat klasse vir die tweede semester begin). Let op dat par. 6.3.1 handel oor die geval dat jy op daardie tydstep nog nie voldoende assesserings afgehandel het sodat 'n finale punt vir jou bereken kan word nie. Intern gemodereerde finale punte vir eerstesemestermodules kan gelaai word sodra dit beskikbaar is, selfs al sou die punte nog aan eksterne moderering onderhewig wees (verwys ook na par. 6.4.13). Let ook op par. 6.2.8, oor kennisgewing aan jou, die student, rakende jou toelating tot A3, wat begrond mag word op jou punt voor eksterne moderering (waar eksterne moderering tersaaklik is).
- 6.4.10 Intern en ekstern gemodereerde finale uitslae na die A2-assessering in November moet op SUNStudent gelaai word voor die datum wat in die US se almanak bepaal word (gewoonlik die eerste Dinsdag nadat die A2-assesseringstydperk geëindig het) sodat voorbereidings vir

die Desember-gradeplegtighede kan voortgaan. Let op dat par. 6.3.1 handel oor die geval dat jy op daardie tydstip nog nie voldoende assesserings afgehandel het sodat 'n finale punt vir jou bereken kan word nie. Let ook op par. 6.2.8, oor kennisgewing aan jou, die student, oor jou toelating tot A3, wat begrond mag word op jou punt voor eksterne moderering (waar eksterne moderering tersaaklik is).

- 6.4.11 Intern gemodereerde finale uitslae na die A3-assessering in November moet op SUNStudent gelaai word voor die datum wat in die US se almanak bepaal word (gewoonlik die eerste Dinsdag nadat die A3-tydperk gesluit het), onder meer sodat die bepaling van hertoelatings vir voorgraadse studente kan voortgaan.
- 6.4.12 Ekstern gemodereerde finale punte vir modules na afhandeling van die A3-assesserings in November moet op SUNStudent gelaai word voor die datum in Januarie wat in die US se almanak bepaal word (gewoonlik minstens drie weke voordat die eerste semester van die daaropvolgende akademiese jaar begin). Indien enigsins moontlik moet die ekstern gemodereerde uitslae gelaai word voor die sperdatum vir intern gemodereerde uitslae, aangesien dit dan in ag geneem kan word vir die hertoelating van voorgraadse studente.
- 6.4.13 Alle punte wat vir 'n bepaalde semester op SUNStudent gelaai is, bly voorlopig totdat die Viserektor: Onderrig en Leer die finale punte bekragtig het. Die datums word in die almanak verskaf. Departemente en sentrums word egter aangemoedig om die voorlopige punte op SUNStudent te laai sodra dit na interne moderering beskikbaar is, sodat studente in SUNStudent toegang tot sodanige voorlopige punte kan kry.
- 6.4.14 Die toepaslike assesseringsreëls mag, bykomend tot bogenoemde reëlings, van modules se tuisdepartemente of -sentrums vereis om punte op SUNLearn (maar nie SUNStudent nie) te laai waarvoor nie hier bo voorsien word nie.
- 6.4.15 Departemente en sentrums mag nie finale punte vir modules aan jou, die student, jou ouers of ander partye bekendmaak andersins as deur die punte op SUNStudent te laai nie. Daarna word die finale punte via SUNStudent bekendgemaak, of deur die Registrateursafdeling. In buitengewone omstandighede (bv. om prosedures te akkommodeer wat deur professionele liggame vereis word), en slegs as die toepaslike assesseringsreëls uitdruklik daarvoor voorsien, mag departemente en sentrums wel finale punte aan jou as die student en/of aan professionele liggame bekendmaak. Jou finale punte mag aan derde partye (soos professionele liggame) bekendgemaak word slegs nadat jy skriftelik toestemming verleen het.
- 6.4.16 Wanneer departemente en sentrums punte wat nie op SUNStudent gelaai is nie (d.w.s. buiten finale punte en punte vir A1, AV, A2, A3, A4, DVA, PTD en MJ asook die ooreenstemmende punte vir jaarmodules) aan studente bekendmaak, moet jou punt slegs aan jou persoonlik bekendgemaak word, indien moontlik. Andersins moet puntelyste waarop jy en ander studente mekaar se punte kan sien, julle slegs volgens studentenummer identifiseer en nie julle name of vanne vermeld nie.
- 6.4.17 Honneurs-, nagraadsdiploma- en magisterprogramme:
- 6.4.17.1 Die tuisdepartement of -sentrum vir die program sal vir jou 'n oorhoofse finale punt vir die program in die geheel, afgerond tot die naaste heelgetal soos deur die betrokke departement of sentrum geweeg en bereken, op SUNStudent laai. Hierdie oorhoofse punt sal bepaal of jy die program druipe, slaag of met onderskeiding slaag.
- 6.4.17.2 Let asseblief daarop dat die vereistes in par. 10.1.1 bykomend is tot bogenoemde bepaling rakende jou oorhoofse finale punt.
- 6.4.17.3 Tensy die toepaslike assesseringsreëls anders bepaal, slaag jy 'n magistergraad waarvoor die voorgeskrewe studies 'n tesis insluit met onderskeiding indien jy, bo en behalwe dat jy aan al die voorgeskrewe vereistes vir die toekenning van 'n oorhoofse finale punt voldoen, ook 'n finale punt van minstens 75 vir jou tesis verwerf het. Hierdie vereiste is belangrik indien die tesis nie al die krediete vir die program behels nie; dus, as modules ook tot die gemiddelde finale punt bydra. Die bepaling geld nie vir navorsingswerkstukke nie. (Vir die onderskeid tussen 'n tesis en 'n navorsingswerkstuk, verwys asseblief na par. 5.4.1 in die hoofstuk "Nagraadse Kwalifikasies".)
- 6.4.17.4 Die finale punte vir nagraadse modules wat nie deel van bogenoemde finale punt vir die program in die geheel uitmaak nie, word deur die module se tuisdepartement of -sentrum op SUNStudent gelaai. Hierdie modules dra, onderhewig aan die bepalings hier bo, proporsioneel volgens kredietlading tot die oorhoofse finale punt vir die program by, tensy die toepaslike assesseringsreëls anders bepaal.

6.5 Bespreking van nagesiene antwoordstelle met personeel

- 6.5.1 Indien jy uit jou foute wil leer, mag jy na jou nagesiene A2- en A3-antwoordstelle kyk en dit met die betrokke dosent bespreek, onderhewig aan die volgende voorwaardes:
 - 6.5.1.1 Die geleentheid om nagesiene antwoordstelle met die dosent(e) te bespreek is nie 'n geleentheid om die assessering te herevalueer nie.
 - 6.5.1.2 Jy mag jou nagesiene antwoordstelle bekyk slegs in die teenwoordigheid van die betrokke dosent of 'n persoon wat deur die voorsitter, hoof of direkteur van die tuisdepartement of -

- sentrum goedgekeur is.
- 6.5.1.3 Die deurkyk en bespreking van sodanige nagesiene antwoordstelle mag plaasvind eers na die laaste datum wat deur die Universiteit vir die inlewering van finale punte vasgestel is en met behoorlike voorsiening vir enige verdere reëlings wat die betrokke departement of sentrum met die goedkeuring van die tersaaklike fakulteitsraad of sentrumbestuurstruktuur getref het. Sodanige deurkyk en bespreking van nagesiene antwoordstelle mag egter vroeër plaasvind indien die toepaslike assesseringsreëls daarvoor voorsien.
- 6.5.1.4 Enige versoek om sodanige bespreking moet gedoen word binne een maand na die laaste datum wat deur die Universiteit vir die inlewering van finale punte vasgestel is en ooreenkomstig enige verdere reëlings wat die betrokke departement of sentrum met die goedkeuring van die tersaaklike fakulteitsraad of sentrumbestuurstruktuur getref het.
- 6.5.2 Indien jy die A2-assessering afgelê het en toegang tot die A3-assessering het, sal jy toegelaat word om voor die A3-tydperk die A2-assessering se vraestel met die dosent te bespreek.

6.6 Reëls vir studentegedrag tydens assesserings

Dit is noodsaaklik dat werk wat vir assessering voorgelê word jou oorspronklike werk is. Jy moet verseker dat jy uitvoerig bewus is van die inhoud van die US Beleid oor Plagiaat (ter ondersteuning van akademiese integriteit) en van jou verantwoordelikheid om akademiese integriteit te handhaaf.

Elke fakulteit het die reg om, onderhewig aan die reëls wat in hierdie afdeling gestel word en die bepalings van die US Assesseringsbeleid, fakulteitspesifieke reëls oor studentegedrag tydens assessering neer te lê, wat in die tersaaklike fakulteit se assesseringsreëls uiteengesit moet word.

Indien jy nie aan die reëls in hierdie afdeling of bogenoemde fakulteitspesifieke reëls voldoen nie, of probeer om dit te verbreek, kan dissiplinêre optrede teen jou ingestel word.

6.6.1 Reëls vir studentegedrag tydens assesserings met toesighouding

Die onderstaande reëls geld vir jou as student tydens assesserings in lewende lywe (skriftelik – het sy op papier of rekenaargebaseerd – en/of mondeling en/of prakties) waartydens toesig gehou word.

- 6.6.1.1 Jy moet minstens 30 minute voor die begintyd van die assessering by die assesseringslokaal opdaag.
- 6.6.1.2 Jy moet jou eie pen en ander toestelle of toerusting saambring wat vir die assessering nodig is en toegelaat word (bv. sakrekenaars en tekeninstrumente). Jy mag geen skryfbehoeftes, toestelle of toerusting met enige ander student in die assesseringslokaal deel nie. Let asseblief daarop dat 'n selfoon vereis sal word wat veelfaktorbevestiging (multi-factor authentication of MFA) moontlik maak met die aantekening op die rekenaars in alle rekenaarsgebruikersareas (RGA's)/lokale slegs tydens aanlyn assesserings.
- 6.6.1.3 Jy moet jou studentekaart toon wanneer jy die lokaal betree, of 'n identiteitsdokument of bestuurslisensie met 'n onlangse en herkenbare foto as jou studentekaart met 'n foto van jou daarop onbeskikbaar is.
- 6.6.1.4 Die toesighouers moet jou kop – ore en gesig ingesluit – heeltyd duidelik kan sien terwyl jy in die assesseringslokaal is. As Universiteitsregulasies egter vereis dat maskers gedra moet word, moet jy 'n masker dra wat net jou neus en mond bedek. Hare of klere (ook hoede, serpe of kappietops) mag nie jou ore bedek nie.
- 6.6.1.5 Jy moet alle vrae in permanente/nie-uitwisbare ink neerskryf met 'n pen wat geen elektroniese funksies kan verrig nie, of dit invoer op die toestel(le) wat in die vraestel voorgeskryf word (bv. 'n rekenaar in 'n elektroniese klaskamer)
- 6.6.1.6 Jy moet die instruksies op die vraestel en die antwoordboek lees en navolg.
- 6.6.1.7 Jy mag nie met ander studente binne-in die assesseringslokaal kommunikeer nie, en ook met niemand buite die assesseringslokaal nie.
- 6.6.1.8 Jy mag vir die volle duur van die assessering geen toestelle – hetsy meganies, elektronies of van 'n ander aard – wat inligting kan hanteer, vertoon, stoor of oordra – by jou hê of toegang daartoe hê nie (dit sluit skoon papier, boeke, notas, sakrekenaars, telefone en skryfwerk op die klere of lyf in), tensy dit in die lokaal aan jou verskaf is (bv. vraestelle, antwoordboeke of, in 'n elektroniese klaskamer, rekenaars) of indien die assesseringsinstruksies op die vraestel so iets uitdruklik toelaat of vereis.
- 6.6.1.9 As jy toegang tot toestelle soos sakrekenaars of rekenaars in 'n elektroniese klaskamer het, mag jy nie daardie toestelle gebruik om enige inligting te verwerk, ontvang, besigtig, stoor of versend nie tensy die vraestel dit uitdruklik toelaat of vereis. Jy mag nie hierdie toestelle gebruik om enige dokumente oop te maak nie, tensy die vraestel dit uitdruklik toelaat of vereis.
- 6.6.1.10 Jy moet alle selfone wat jy by jou het, te alle tye in die assesseringslokaal afgeskakel hou. Vir aanlyn assesserings moet selfone afgeskakel word onmiddellik na bevestiging van jou identiteit via veelfaktorbevestiging (multi-factor authentication of MFA). Terwyl jy op jou plek sit, moet jy alle selfone in jou besit vir die volle duur van die assessering in 'n ondeursigtige sak

- op die lessenaar voor jou laat. Jy mag hierdie toestelle uit die sak haal en dit aanskakel eers nadat jy die assesseringslokaal verlaat het.
- 6.6.111 Jy moet enige polshorlosies wat jy by jou het, afhaal en vir die volle duur van die assessering in 'n ondeursigtige sak op die lessenaar voor jou laat. Jy mag hierdie toestelle uit die sak haal en dit aanskakel eers nadat jy die assesseringslokaal verlaat het. Tydhouing wat vir alle studente sigbaar is sal gedurende die assessering verskaf word.
- 6.6.112 Indien jy enige kommunikasie-, stoor- of slimtoestelle (bv. geheuestokkies of oorfone) by jou het, moet jy dit vir die volle duur van die assessering in 'n ondeursigtige sak op die lessenaar voor jou laat.
- 6.6.113 Jy mag die genoemde ondeursigtige sak nie gedurende die assessering oopmaak nie, en moet dit dus nie vir 'n potloodsakkie gebruik nie.
- 6.6.114 Indien die assessering 'n aantekenprosedure spesifiek vir daardie assessering behels (bv. die assesseringsaantekening in 'n elektroniese klaskamer), moet jy daardie aantekenprosedure volg en geen ander nie. Let asseblief daarop dat 'n selfoon vereis sal word wat veelfaktor-bekragtiging (multi-factor authentication of MFA) moontlik maak met die aantekening op die rekenaars in alle rekenaarsgebruikersareas (RGA's)/lokale tydens aanlyn assesserings.
- 6.6.115 Jy mag geen antwoord of deel van 'n antwoord wat ander studente geskryf het, lees of afskryf nie. Dit sluit antwoorde in wat ander studente in hulle antwoordboeke, op hulle toestelle (bv. in 'n elektroniese klaskamer) of op die vraestel neergeskryf het.
- 6.6.116 Jy mag geen dele uit 'n antwoordboek verwyder nie.
- 6.6.117 Jy mag nie 'n foto of skermskoot van die vraestel óf jou antwoorde neem of dit op enige ander manier kopieer nie.
- 6.6.118 Jy moet die voorblad van elke antwoordboek volledig invul; so ook die voorblad van die vraestel, as jy die antwoorde op die vraestel moet invul.
- 6.6.119 Jy moet alle antwoordboeke wat aan jou uitgereik is, inlewer, ongeag of jy dit gebruik het of nie. Jy moet die boeke by 'n toesighouer inlewer voordat jy die assesseringslokaal verlaat. As meer as een boek uitgereik is, moet jy die tweede en verdere boeke binne-in die eerste boek plaas wanneer jy dit inlewer, tensy die toesighouer uitdruklik 'n ander instruksie gegee het.
- 6.6.120 As die instruksies op die vraestel insluit dat jy die vraestel moet inlewer, moet jy die volle vraestel(le) wat aan jou uitgereik is, inlewer deur dit binne-in jou antwoordboek te plaas.
- 6.6.121 As die instruksies op die vraestel aandui dat jy jou antwoorde digitaal (bv. in 'n elektroniese klaskamer) moet inlewer, moet jy die instruksies presies volg. Jy, die student, is self daarvoor verantwoordelik om te sorg dat jy suksesvol inlewer. Jy moenie aanvaar dat inlewering oop SUNLearn suksesvol was nie, tensy SUNLearn uitdruklik aantoon dat jou inlewering aanvaar is. Daarna moet jy alle rekenaarprogramme of -applikasies toemaak en op die rekenaar uitteken, tensy daar ander instruksies is.
- 6.6.122 Geen ekstra tyd word toegestaan indien jy laat opdaag of indien jy weens 'n defekte selfoon probleme met 'n aantekenprosedure in 'n aanlynassesseringslokaal ervaar nie. As jy meer as 45 minute nadat die assesseringsessie begin het, opdaag, sal jy toegang tot die assesseringslokaal geweier word.
- 6.6.123 Jy word nie toegelaat om die assesseringslokaal binne die eerste 45 minute van 'n assesseringsessie te verlaat nie, tensy die bepalinge van 6.2.10 van toepassing is. Nadat jy die assesseringslokaal verlaat het (na die eerste 45 minute), mag jy nie weer terugkom nie, en die toepaslike antwoordstel(le) sal gemerk word en ingesluit word by die berekening van jou finale punt.

6.7 Akkommodering van godsdienstige oorwegings

- 6.7.1 Indien jy nie van 'n assesseringsgeleentheid kan gebruik maak nie weens beperkings wat jou godsdiens opleë, word jy geakkommodeer op soortgelyke wyse as studente wat tydens daardie assesseringsgeleentheid siek was, aan sportgeleenthede deelgeneem het of trauma van enige aard beleef het.
- 6.7.2 Geen assesseringsgeleenthede buiten dié wat normaalweg geskeduleer is, sal aan jou verskaf word as jy 'n assesseringsgeleentheid nie benut nie weens beperkings wat deur jou godsdiens opgelê word.
- 6.7.3 Die Roosterkantoor probeer dit vermy, wanneer assesseringsroosters opgestel word, om meer as een van die A1-, A2- of A3-assesserings (of ooreenstemmende assesserings vir jaarmodules) te skeduleer op dae wat in die algemeen aan godsdienstige beperkings onderhewig is.

6.8 Akkommodering van spesiale behoeftes gedurende hoofassesserings

- 6.8.1 Assesseringstoegewings kan ekstra skryftyd, speltoegewings, afneming in 'n afsonderlike lokaal, handskriftoegewings, mondelinge assesserings, 'n rekenaarlokaal of ondersteunende tegnologie, 'n skribent, leesbystand of 'n amanuensis (lees vraag en skryf antwoord neer), 'n goed beligte lokaal, 'n braille-vertrek, gebruik van 'n rolstoel, vergrote teks, 'n voorleser of SA Gebaretaal-tolke insluit.
- 6.8.2 Indien jy vir assesseringstoegewings weens spesiale behoeftes wil aansoek doen, kan jy onder "Ekstra skryftyd" op die aanlyn studenteportaal my.sun.ac.za kyk (die onderwerp kan ook met die soekfunksie opgespoor word). Die vorms is daar beskikbaar, en 'n uiteensetting van die aansoekprosedure en die ondersteunende dokumentasie wat die aansoek moet vergesel.
- 6.8.3 Aansoeke om assesseringstoegewings moet gedoen word lank voordat die assessering plaasvind, en verkieslik so vroeg as moontlik tydens jou eerste studiejaar. Sperdatums vir aansoeke word verskaf saam met die aansoekvorms op die aanlyn studenteportaal. Weens die proses wat dit verg om sulke aansoeke te oorweeg, en die reëlins wat nodig is om die assesserings af te neem, word 'n geslaagde aansoek gewoonlik eers twee maande nadat die aansoek ingedien is, deurgevoer.
- 6.8.4 Assesseringstoegewings word vir 'n sekere tydperk toegestaan en dit is onnodig om weer om toegewings aansoek te doen totdat die tydperk verstryk het.
- 6.8.5 Assesseringstoegewings is op handgeskrewe en RGA-assesserings in die A2- en die A3-tydperk van toepassing. Verwys asseblief na par. 4.1.9 en 4.2.4 vir akkommodering van spesiale behoeftes tydens die A1- en AV-tydperke, wanneer praktiese beperkings die akkommodering van toegewings kan beperk.
- 6.8.6 Praktiese beperkings mag tot gevolg hê dat jy as student met spesiale behoeftes in 'n mindere mate tydens assesserings in 'n elektroniese klaskamer geakkommodeer kan word as in lokale vir handgeskrewe assesserings.

6.9 Moderering

- 6.9.1 Assesserings moet intern sowel as ekstern gemodereer word ooreenkomstig die US Regulasie vir Interne en Eksterne Moderering en die Afhandeling van Uitslae en, waar toepaslik, fakulteite en sentrums se eie verbandhoudende reëlins.

6.10 Aanstelling van assessors en moderators

- 6.10.1 Alle assessors – dit sluit alle persone in wat tot die goedkeuring van vraestelle vir summatiewe assesserings en die nasien van daardie assesserings bydra – moet vooraf deur die voorsitter, hoof of direkteur van die tuisdepartement of -sentrum goedgekeur word of, in die geval van modules wat gesamentlik deur meer as een departement aangebied word (bv. binne die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe), deur die modulevoorsitter.
- 6.10.2 Bogenoemde persone wat die assessors goedkeur, is daarvoor verantwoordelik om te sorg dat die assessors en hulle toegewese pligte voldoen aan die US en die tuisfakulteit of -sentrum se reëls in hierdie verband; byvoorbeeld, reëls in verband met die betrokkenheid van studenteassistentie, nasien-assistentie of tutors by assesserings.
- 6.10.3 Dit is bogenoemde persone wat die assessors goedkeur se verantwoordelikheid om te sorg dat die assessors oor die nodige bekwaamheid beskik wat die US se Assesseringsbeleid vereis.
- 6.10.4 Alle interne en eksterne moderators moet aangestel word soos in die US Reglement vir Interne en Eksterne Moderering en die Afhandeling van Uitslae voorgeskryf.

6.11 Assesserings om 'n onderskeiding te bevestig

- 6.11.1 Indien daar enige twyfel daaroor bestaan of jy 'n module met onderskeiding geslaag het of nie, kan die voorsitter, hoof of direkteur van die betrokke departement of sentrum jou 'n geleentheid bied om 'n aanvullende mondelinge assessering vir die tersaaklike module af te lê. Let op dat dit geld vir situasies waarin jou finale punt voor die aanvullende assessering hoër of laer as 75 is.
- 6.11.2 Die mondelinge assessering sal afgeneem word slegs nadat alle assesserings van die tersaaklike assesseringstydperke vir jou afgehandel is.
- 6.11.3 Die mondelinge assessering moet sonder uitsondering deur minstens twee eksaminators afgeneem word.
- 6.11.4 Die mondelinge assessering moet ekstern gemodereer word. Eksterne moderering van die mondelinge assessering is egter nie nodig as jy die module geslaag het voordat die mondelinge assessering afgeneem is nie. Voorbeelde van hoe die eksterne moderering kan plaasvind is deurdat die eksterne moderator teenwoordig is tydens die mondeling (in persoon of

deur gebruik van MS Teams) of later na 'n video-opname van die mondeling kyk.

7. Dekaaansvergunningsassessering

7.1 Fakulteitsreëls

- 7.1.1 Elke fakulteit het die reg, onderworpe aan die reëls wat in hierdie gedeelte gestel word, om fakulteitspesifieke reëls rakende dekaansvergunningsassessering (DVA's) te maak, en sodanige fakulteitspesifieke reëls moet in die relevante fakulteitassesseringsreëls verduidelik word. Nie alle modules bied DVA's nie. Konsulteer asseblief die fakulteitassesseringsreëls in die betrokke fakulteit om uit te vind of 'n DVA toegelaat word.

7.2 Toelating

- 7.2.1 As 'n student in 'n voorgraadsegraadprogram of 'n diplomaprogram van drie jaar (of meer) kan jy vir toelating tot DVA's oorweeg word:
- 7.2.1.1 indien jy 'n finalejaarstudent is wat minder as 33 krediete, in hoogstens twee modules, vir 'n graad- of 'n diplomaprogram van drie jaar (of meer) agterstallig is, nadat die A3-tydperk in die tweede semester afgesluit het;
- 7.2.1.2 indien jy tydens daardie akademiese jaar 'n finale punt van minstens 40 in elkeen van die agterstallige modules behaal het;
- 7.2.1.3 slegs met die goedkeuring van die Dekaan van die fakulteit waarin jou program geregistreer is. Onder geen omstandighede sal jy direk deur enige departement tot 'n DVA toegelaat word nie en geen dosent kan 'n belofte in hierdie verband aan jou doen nie;
- 7.2.1.4 indien jy voldoen aan die vereistes vir toelating tot die DVA's wat in die assesseringsreëls van jou program se tuisfakulteit vermeld word;
- 7.2.1.5 indien die tuisdepartemente of -sentra van al die agterstallige modules teenoor die dekaan aantoon dat dit vir jou as student redelikerwys uitvoerbaar is om die module(s) by wyse van 'n DVA te slaag (met inagneming daarvan dat dit onprakties mag wees om sekere verpligte module-uitkomst in 'n DVA te assesser); en
- 7.2.1.6 indien jy vir die module(s) geregistreer was in die pasvoorafgaande jaar van jou skrywe van die DVA.
- 7.2.2 Die fakulteitsadministrateur in die fakulteit waarin jy geregistreer is, sal verantwoordelik wees daarvoor om die relevante departement in te lig dat dit nodig is om 'n DVA te reël. Die reëlings vir die DVA sal deur die fakulteit waarin die module aangebied word verskaf word.

7.3 Aansoekprosedure

- 7.3.1 Jy moet via die fakulteitsadministrateur in die fakulteit waarin jou program geregistreer is aansoek doen vir 'n DVA en wel binne een week na die laaste datum waarteen intern gemodererde finale punte na die A3-tydperk in die tweede semester gelaai moet word; of, indien 'n A4-assessering aangebied word en die toepaslike assesseringsreëls vir beide 'n A4-assessering en 'n DVA voorsien, binne een week nadat die A4-uitslae aan studente bekendgemaak is.
- 7.3.2 Let daarop dat, wanneer toegang tot 'n DVA verleen word, die bedrag vir DVA's wat in die Studentegelde-deel van die Jaarboek (Deel 3) vermeld word by jou rekening getel word.

7.4 Bepaling van 'n finale punt na 'n dekaansvergunningsassessering

- 7.4.1 Jou punt in die DVA sal gebruik word om 'n finale punt ooreenkomstig die assesseringsreëls van die module se tuisfakulteit te bepaal.
- 7.4.2 DVA's moet intern en ekstern gemoderer word in ooreenstemming met die Universiteit se Regulasie vir Interne en Eksterne Moderering en die Verwerking van Uitslae en die verwante reëlings van die program se tuisfakulteit of -sentrum.
- 7.4.3 DVA's is nie aan herevaluering onderworpe nie.

8. Herberekening van finale punte en herevaluering van A2-, A2S2- en A3-assesseringskrifte

Sekere modules in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe is aan 'n stelsel van herassessering onderworpe. Die bepalings in hierdie afdeling is nie op daardie modules van toepassing nie. Raadpleeg Deel 12 van die US Jaarboek (Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe) daarvoor.

8.1 Aansoekprosedure

- 8.1.1 Daar is twee opsies vir jou om jou finale uitslae te herbeoordeel:
- 8.1.1.1 **Herberekening van 'n finale punt;** 'n Interne proses uitgevoer deur die relevante dosent of

departement om jou finale punt te bevestig en te herbereken om akkuraatheid in die toekenning en optelling van alle assesseringskomponente volgens die voorgeskrewe aanpassings (weightings) te verseker.

- 8.1.1.2 **Herevaluering van 'n finale punt:** 'n Formele eksterne evaluering van jou geassesseerde werk om die gehalte daarvan te herassesseer en te bevestig of die toegekende punt geregverdig is en ooreenstem met die vasgestelde kriteria.
- 8.1.2 Jy moet enige aansoek vir herberekening of herevaluering indien deur van die relevante prosedure gebruik te maak, saam met die betaling van die gespesifiseerde bedrag (te vinde in die Studentegelde-deel van die Jaarboek (Deel 3)), teen die Vrydag van die eerste week van klasse in die semester wat volg op die betrokke assesseringstydperk. Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe het egter sy eie programspesifieke sluitings-datums, wat jaarliks aan studente gekommunikeer sal word.
- 8.1.3 Daar word streng aanbeveel dat jy jou assesseringsantwoordstelle nagaan voordat jy aansoek doen vir herberekening of herevaluering (sien par 6.5).
- 8.1.4 Indien jy 'n module druipe en van mening is dat jou finale punt verkeerd bereken is, kan jy aansoek doen om die finale punt deur die relevante departement of sentrum te laat herbereken, onderworpe aan die bepalings in hierdie afdeling van die Jaarboek.
- 8.1.5 Indien jy, na herberekening, steeds die module druipe, maar jou finale punt is ten minste 45%, en jy van mening is dat die punte vir jou A2-, A2S2- of A3-assesserings steeds verkeerd is, kan jy aansoek doen vir die herevaluering van die onderskeie assesseringsantwoordstelle. Dit is net van toepassing op die genoemde antwoordstelle in voorgraadse en nagraadse modules, en nie op ander assesseringsgeleenthede nie, hoewel appèlle vir ander assesserings onder toepaslike reëls toegelaat kan word.
- 8.1.6 Aansoeke vir herberekening van 'n finale punt, of herevaluering van 'n A2-assesseringsantwoordstel sal nie oorweeg word met die verkryging van toegang tot die A3-assesserings ten doel nie. Indien 'n herberekening of herevaluering toon dat jy verkeerdelik toegang tot 'n A3-assessering geweier is, moet die betrokke departement of sentrum 'n assesseringsgeleentheid ekwivalent aan die A3 binne vier weke van die bevinding verskaf.
- 8.1.7 Herevaluering van 'n finale punt sal nie oorweeg word tensy die herberekeningsprosedure eerste gevolg is nie, of die finale uitslag na herberekening nie ten minste 45% is nie.
- 8.1.8 Indien die herberekening of herevaluering bevind dat jy die module moes geslaag het, korrigeer die betrokke fakulteitsadministrateur die spesifieke finale punt en reël dat jou deposito terugbetaal word.

8.2 Prosedure vir die herberekening van 'n finale punt

- 8.2.1 Die tersaaklike fakulteitsadministrateur sal die voorsitter, hoof of direkteur van die module se tuisdepartement of -sentrum sowel as die interne eksaminator van die aansoek inlig.
- 8.2.2 Indien die interne eksaminator of interne moderator vir die betrokke module die voorsitter, hoof of direkteur van die departement of sentrum is, moet die visedekaan, dekaan of afdelingshoof wat oor die departement of sentrum toesig hou 'n senior lid van die akademiese personeel aanwys wat vir die doeleindes van die res van hierdie prosedure die rol van voorsitter, hoof of direkteur van die departement of sentrum moet vervul. Andersins mag die voorsitter, hoof of direkteur hulle gesag vir hierdie verrigtinge aan 'n ander senior lid van die akademiese personeel – byvoorbeeld 'n programkoördineerder – delegeer.
- 8.2.3 Indien jy 'n module druipe weens oorwegings wat nie deur A2- of A3-assesserings geraak word nie (bv. omdat voorgeskrewe praktiese werk nie afgehandel is nie), is hierdie prosedure daartoe beperk dat die betrokke lid van die akademiese personeel (normaalweg die persoon wat daarvoor verantwoordelik is om die finale punt vir die module te bereken) die tersaaklike fakulteitsadministrateur sowel as die voorsitter, hoof of direkteur van die module se tuisdepartement of -sentrum van die besondere oorwegings sal inlig.
- 8.2.4 Die interne eksaminator stel, in oorleg met die betrokke interne moderator, ondersoek in of foute in die berekening van jou finale punt begaan is en lig die fakulteitsadministrateur sowel as die betrokke voorsitter, hoof of direkteur van die uitslag van die herberekening in.
- 8.2.5 Bogenoemde persone moet skriftelik van die uitslag van die herberekening ingelig word, gewoonlik binne een week nadat jou versoek om herberekening ontvang is.
- 8.2.6 Indien die besondere module aan eksterne moderering onderwerp is en die konsensus tydens voorgenoemde herberekening was dat jy die module moes geslaag het, moet die eksterne moderator se ondersteuning van die konsensus ook bekom word.
- 8.2.7 Indien die uitslag van die herberekening toon dat jy die module moes geslaag het, moet die tersaaklike fakulteitsadministrateur die betrokke finale punt regstel en reël dat jou deposito terugbetaal word.

8.3 Prosedure vir herevaluering

- 8.3.1 Indien, na die herberekening, jy steeds die module druip, maar jou finale punt is ten minste 45%, en jy van mening is dat die punte vir jou A2-, A2S2- of A3-assesserings steeds verkeerd is, kan jy aansoek doen vir die herevaluering van die onderskeie assesseringsantwoordstelsel(le). Dit is net van toepassing op die genoemde antwoordstelsel in voorgraadse en na-graadse modules, en nie op ander assesseringsgeleenthede nie, hoewel appèlle vir ander assesserings onder toepaslike reëls toegelaat kan word.
- 8.3.2 Herevaluering van 'n finale punt sal nie oorweeg word tensy die herberekeningsprosedure eerste gevolg is nie, of die finale uitslag na herberekening nie ten minste 45% is nie.
- 8.3.3 Die tersaaklike assesseringskantoor moet die interne eksaminator sowel as die voorsitter, hoof of direkteur van die module se tuisdepartement of -sentrum van die aansoek inlig.
- 8.3.4 Indien die interne eksaminator of interne moderator vir die betrokke module die voorsitter, hoof of direkteur van die tuisdepartement of -sentrum is, moet die visedekaan, dekaan of afdelingshoof wat oor die departement of sentrum toesig hou 'n senior personeellid aanwys wat vir die doeleindes van die res van hierdie prosedure die rol van die voorsitter, hoof of direkteur van die tuisdepartement of -sentrum kan vervul. Andersins mag die voorsitter, hoof of direkteur hulle gesag rakende hierdie verrigtinge aan 'n ander senior lid van die akademiese personeel – byvoorbeeld 'n programkoördineerder – delegeer.
- 8.3.5 Indien die antwoordskrif waarvoor jy as die betrokke student herevaluering aangevra het, alreeds deur 'n eksterne moderator oorweeg is, is hierdie prosedure daartoe beperk dat die tersaaklike lid van die akademiese personeel (normaalweg die persoon wat daarvoor verantwoordelik is om die finale punt vir die module te bereken) bewys van sodanige eksterne moderering aan die tersaaklike fakulteitsadministrateur sowel as die voorsitter, hoof of direkteur van die module se tuisdepartement of -sentrum van die besondere oorwegings sal verskaf.
- 8.3.6 Die interne eksaminator en interne moderator verrig die herevaluering met óf sonder die betrokkenheid van die eksterne eksaminator. Die betrokkenheid van die eksterne eksaminator is verpligtend wanneer die toepaslike assesseringsreëls of die voorsitter, hoof of direkteur van die module se tuisdepartement of -sentrum dit vereis (bv. waar die interne eksaminator en die interne moderator beduidend van mekaar sou verskil).
- 8.3.7 Indien 'n eksterne eksaminator betrek word sonder dat een al vantevore vir die module aangewys is, moet die voorsitter, hoof of direkteur 'n eksterne moderator aanwys wat geskik en beskikbaar is.
- 8.3.8 Die interne eksaminator en interne moderator moet, ongeag of 'n eksterne moderator betrek word of nie, eerstens seker maak dat geen foute in die berekening van jou finale punt begaan is nie en dan, as afsonderlike kwessie, jou antwoordskrif heroorweeg. Daarna word die uitslag van die interne proses en die bevinding oor die besondere antwoordskrif, tesame met die vraestel en die assesseringskema (bv. memorandum of rubriek), aan die eksterne moderator verskaf indien 'n eksterne moderator betrek word.
- 8.3.9 Indien die konsensus uit die bostaande herevalueringsproses is dat jy die module moes geslaag het, en indien die besondere assesseringsgeleentheid in die normale verloop van sake aan eksterne moderering onderwerp is maar geen eksterne moderator by die herevaluering betrokke was nie, moet die eksterne moderator se steun vir die konsensusbesluit ook bekom word.
- 8.3.10 Indien voorgenoemde proses 'n konsensus oplewer, moet die interne eksaminator die skriftelike uitslag van die herevaluering aan die betrokke fakulteitsadministrateur sowel as die voorsitter, hoof of direkteur van die module se tuisdepartement of -sentrum verskaf, gewoonlik binne twee weke nadat jou versoek om herevaluering ontvang is. Indien die herevalueringskonsensus is dat jy die module moes geslaag het, moet die betrokke fakulteitsadministrateur die tersaaklike finale punt regstel.
- 8.3.11 Indien bogenoemde drie persone nie konsensus bereik nie, moet die geskilbeslegtingsprosedure hier onder gevolg word.

8.4 Geskilbeslegting

- 8.4.1 In geval van beduidende meningsverskil tussen die betrokke eksaminators en moderators (dermate dat die vraag of jy geslaag of gedruip het, onbeslis bly), moet die voorsitter, hoof of direkteur van die module se tuisdepartement of -sentrum 'n vergadering belê met die dekaan of die afdelingshoof van die sentrum en 'n senior lid van die akademiese personeel wat deur die dekaan of sentrumhoof aangewys is. In die geval van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe moet die betrokke eksamenkomitee ook betrek word.
- 8.4.2 Hierdie ad hoc-komitee, waarvan die dekaan of die afdelingshoof van die sentrum as voorsitter sal dien 'n finale en bindende besluit neem wat skriftelik aan die betrokke fakulteitsadministrateur oorgedra moet word. Laasgenoemde moet die betrokke finale punt regstel indien die ad hoc-komitee so beslis het.

8.5 Kondonering van finale punt

- 8.5.1 Behalwe in die omstandighede soos hier bo beskryf, moet die finale punt wat jy behaal (asook kondonering van die punt), bepaal en bevestig word deur die dekaan of die afdelingshoof van die sentrum in oorleg met óf die tersaaklike voorsitter, hoof of direkteur van die departement of sentrum óf die eksamenkomitee. Dekane mag hulle pligte in hierdie verband aan 'n visedekaan delegeer.

9. Herhaling van 'n module

- 9.1 Wanneer jy 'n module herhaal, verval alle vorige punte wat vir die spesifieke module vir jou in ag geneem is. Jy moet dus alle kontaksessies vir die module weer bywoon en alle assesserings vir die module herhaal asof jy dit vir die eerste keer volg. Die voorsitter, hoof of direkteur van die module se tuisdepartement of -sentrum (of hulle gevolmagtigde) mag nietemin vrystelling van enige bywonings- of ander vereistes verleen, onderhewig aan die tuisfakulteit of -sentrum se assesseringsreëls. Sodanige vergunning mag behels dat punte uit 'n vorige poging gebruik word vir elemente waarvan vrystelling verleen is vir doeleindes daarvan om die module te herhaal. Wanneer sodanige vergunnings toegestaan word, moet dit skriftelik aan jou oorgedra word.
- 9.2 Let wel: Sodanige vrystelling van bywonings- of ander vereistes vir 'n module stel jou geensins vry van die vereiste om as voltydse student vir die module te registreer óf om die normale gelde en heffings te betaal wat met die module gepaardgaan nie.
- 9.3 Jou studierekord moet alle registrasies vir modules en die ooreenstemmende finale punte vertoon. Jy mag 'n module wat jy vantevore geslaag het, herhaal slegs as die dekaan of direkteur van die betrokke program se tuisfakulteit of -sentrum (of hulle gevolmagtigde) dit goedgekeur het na oorlegpleging met die voorsitter, hoof of direkteur van die module se tuisdepartement of -sentrum.

10. Promovering

10.1 Verwerwing van 'n graad, sertifikaat of diploma

- 10.1.1 Vir die doeleindes daarvan om te bepaal of 'n graad, sertifikaat of diploma aan jou toegeken word, moet jy aan die residensiële en klasbywoningsvereistes voldoen en alle modules slaag wat deel van die kurrikulum vir die tersaaklike graad, sertifikaat of diploma uitmaak.
- 10.1.2 Geen nagraadse graad, diploma of sertifikaat sal by die Desember-gradeplegtighede of dié in Maart en April van die daaropvolgende jaar aan jou toegeken word as jy teen Junie in die betrokke jaar nog nie geregistreer het nie. As jy nie voor Junie in die betrokke jaar geregistreer het nie, mag jy 'n verklaring bekom wat bevestig dat jy aan alle vereistes vir die toekenning van die kwalifikasie voldoen het en dat dit in die Desember van die daaropvolgende jaar toegeken sal word – op voorwaarde dat jy betyds geregistreer het vir die jaar waarin die kwalifikasie toegeken moet word en alle tersaaklike gelde betaal het.

10.2 Erkenning van krediete verwerf aan ander universiteite

- 10.2.1 Die US sou modules wat jy aan 'n ander universiteit geslaag het, kon erken, onderhewig aan die voorwaardes in die US Beleid oor die Erkenning van Voorafleer (EVL) en Kredietakkumulاسie en -oordrag (KAO), die tersaaklike fakulteit se EVL/KAO-prosedures en die tersaaklike fakulteit se Jaarboekdeel.
- 10.2.2 Elke aansoek om sodanige erkenning word op eie meriete beoordeel.

10.3 Verwerwing van 'n graad, sertifikaat of diploma met onderskeiding

- 10.3.1 Vir doeleindes daarvan om te bepaal of jy 'n graad, sertifikaat of diploma met onderskeiding (cum laude) verwerf het, moet jou prestasiegemiddeld (P) vir die normale duur van die program ooreenkomstig die volgende formule bereken word:
- $$P = [A(1) + A(2) + \dots + A(n)]/n$$
- waar P jou prestasiegemiddeld oor die normale duur van die program heen uitdruk, n die getal studiejare wat vir die betrokke onderrigprogram voorgeskryf is en die reeks A(1), A(2) ... jou onderskeie gemiddeldes, gewoog volgens krediete, van die verskillende stelle finale punte van al die voorgeskrewe modules wat jy in die eerste, tweede, ... en nde studiejaar behaal het; met dien verstande dat:
- 10.3.1.1 indien jy 'n module herhaal het, slegs jou laaste poging vir 'n sekere module in ag geneem moet word;
- 10.3.1.2 indien jy krediete elders of vir 'n vorige program verwerf het en erkenning daarvoor ooreenkomstig die tersaaklike KAO-prosedures (rakende kredietakkumulاسie en -oordrag) aan jou toegestaan is in die plek van 'n module in die program wat vir die huidige doeleindes oorweeg word, sal die punt gebruik word wat jy vir jou betrokke voorafstudies behaal het; en

- 10.3.1.3 indien jy van 'n module vrygestel is op grond van voorafleer waarvoor geen punt toegeken is nie, of vrygestel is om ander redes, die vrygestelde module uit die berekening gelaat moet word.
- 10.3.2 Buiten in die omstandighede soos hier onder uiteengesit, sal jy 'n graad, sertifikaat of diploma met onderskeiding behaal indien:
- 10.3.2.1 die waarde van P minstens 75 is,
- 10.3.2.2 die waarde van A(n) minstens 75 is, en
- 10.3.2.3 jy alle vereise modules in die minimum getal jare voorgeskryf geslaag het.
- 10.3.3 Vir die toekenning van 'n kwalifikasie met onderskeiding, indien jy nie 'n geweegde gemiddeld van 75% of hoër behaal het nie, kan daar deur 'n eksamenkomitee oorweeg word om 'n gemiddeld tussen 74 en 75 tot 75 af te rond. Daar moet regverdiging en motivering vir die besluit wees, en dit moet gedokumenteer word. Die eksamenkomitee moet bestaan uit die Visedekaan: Leer en Onderrig, die departementshoof en programleier.
- 10.3.4 Behoorlik afgehandelde modules word nie in die berekening van die geweegde gemiddeld vir 'n jaar in ag geneem nie.
- 10.3.5 Verwys asseblief na par. 2.12.7 oor geleentheidsmodules wanneer bepaal word of 'n graad met onderskeiding toegeken moet word.
- 10.3.6 As student in die Fakulteit AgriWetenskappe sal jy jou graad met onderskeiding verwerf indien:
- 10.3.6.1 die waarde van P minstens 75 is en
- 10.3.6.2 die gemiddeld van jou onderskeie finale punte vir jou verskillende hoofvakke minstens 75 is, ongeag die studiejaar waarin jy daardie vakke geneem het.
- 10.3.7 Wat die nagraadse LLB-graad betref, word slegs die punte van modules wat vir LLB II en LLB III voorgeskryf is, in ag geneem in berekenings om te bepaal of jy met onderskeiding geslaag het, en jou geweegde minimum gemiddeld moet 75% wees.
- 10.3.8 Wat honneursbaccalaureus- en magistergrade (buiten die MMed) betref, verwerf jy 'n graad met onderskeiding indien jy 'n finale punt van minstens 75% in jou gesamentlike finale punt vir die program behaal het.
- 10.3.9 In die geval van die MMed-graad moet jy 'n finale punt van minstens 75 in jou hoofvak behaal om die graad met onderskeiding te verwerf.
- 10.3.10 Wat die HonsBEd-graad betref, slaag jy met onderskeiding indien jy 'n geweegde gemiddelde finale punt van minstens 75 behaal het, en 'n finale punt van minstens 75 in minstens vier modules.
- 10.3.11 Wat die Nagraadse Onderwysertifikaat in Verdere Onderwys en Opleiding (NOS [VOO]) betref, moet die onderstaande modulêre gewigte gebruik word om te bereken of jy met onderskeiding geslaag het:
- | | |
|--|------|
| Akademiese Taalontwikkeling en -bewusmaking (8) | 0,06 |
| Kurrikulumstudie (8) | 0,06 |
| Akademiese Leierskap en Bestuur (6) | 0,04 |
| Opvoedkundige Sielkunde (8) | 0,06 |
| Geskiedenis en Sosiologie van Opvoeding (8) | 0,06 |
| Filosofie van die Opvoeding (8) | 0,06 |
| Praktiese Leer (32) | 0,3 |
| Volhoubare Leefwyse (6) | 0,04 |
| Onderwysspesialisering 1 (20) | 0,16 |
| Onderwysspesialisering 2 / Gevorderde Studie-module (20) | 0,16 |
| Totaal | 1,00 |
- 10.3.12 Jy slaag met onderskeiding indien jy, buiten dat jy aan al die ander voorgeskrewe vereistes voldoen het, 'n finale punt van minstens 70 in Praktiese Leer (32) behaal.
- 10.3.13 Doktorsgrade word nie met onderskeiding toegeken nie.

Nagraadse kwalifikasies

1. Oorskakeling van een studierigting na 'n ander

1.1 Algemeen

In gevalle waarvoor daar nie duidelike bepalings of voorskrifte in die Jaarboek bestaan nie, geld die volgende reëlings:

- 1.1.1 Dat indien jy 'n honneursgraad in 'n bepaalde vak/vakrigting verwerf het, jy wel tot 'n magisterprogram in 'n ander vak/vakrigting toegelaat kan word, mits jy die betrokke vak/vakrigting wat jy vir die magisterprogram wil volg ter verwerwing van die eerste baccalaureusgraad op hoofvakbasis aangebied het, en met dien verstande dat die vak/vakrigting waarin jy die magisterprogram volg na die oordeel van die betrokke fakulteitsraad genoegsaam verwant is aan die vak/vakrigting wat jy vir die honneursgraad gevolg het. In die geval dat jy van een studierigting na 'n ander oorskakel, moet daarmee rekening gehou word dat die veronderstelling van magisterstudie (tesisbenadering) is dat dit 'n verdieping of verbreding t.o.v. vorige studie sal behels.
- 1.1.2 Dat, wat doktorsgrade betref, die aanvaarbaarheid al dan nie van 'n oorskakeling van een vak/vakrigting na 'n ander op 'n ad hoc-basis aan die oordeel van die Senaat oorgelaat word, met dien verstande dat in gedagte gehou word in watter mate die uiteindelijke kwalifikasie wat verwerf word misleidend vir 'n werkgewer kan wees, en dat daar sover moontlik daarna gestreef word om doktorsgrade toe te ken in dié vak/vakrigting waarin voorafgaande nagraadse grade verwerf is.
- 1.1.3 Dat, in gevalle waar jy as magister- of doktorsstudent vir kwalifikasies wil registreer in 'n ander fakulteit as dié waarin jy jou voorgraadse studie gedoen het, daar van die historiese konvensie aan die Universiteit, n.l. dat jy vir nagraadse grade moet registreer in die fakulteit waarin jy vroeëre kwalifikasie(s) verwerf het, afgewyk kan word en dat jy as nagraadse student voortaan kan registreer in die fakulteit of die departement wat die studie vir die nagraadse grade begelei. Jy kan in uitsonderlike omstandighede met motivering en met aanbeveling van 'n fakulteitsraad deur die Senaat toegelaat word om wel vir ('n) nagraadse grade (grade) te registreer in die fakulteit waarin jou vroeëre kwalifikasie(s) verwerf is.

1.2 Omskakeling van magistergraad na doktorsgraad

Die volgende reëls geld vir die omskakeling van registrasie vir 'n magistergraad na 'n doktorsgraad en sal konsekwent regdeur die Universiteit toegepas word:

Dat, in verdienstelike gevalle, en met behoorlike inagneming van jou beste belange as die betrokke student, die omskakeling van jou registrasie vir 'n magistergraad waarvoor 'n volle tesis vereis word na 'n registrasie vir 'n doktorsgraad deur die fakulteitsraad van die betrokke fakulteit oorweeg en aan die UK(S) en die Senaat meegedeel kan word, met dien verstande:

- 1.2.1 dat jy al reeds vir die magisterstudie vir nie minder as die minimum duur (een jaar) vir die magistergraad geregistreer is nie;
- 1.2.2 dat jy uitsonderlike vordering met jou navorsing getoon het;
- 1.2.3 dat, in die loop van die werk vir jou M-studie, daar nuwe en oorspronklike insigte na vore gekom het wat verdere ondersoek op doktorsvlak regverdig;
- 1.2.4 dat die werk gedoen vir jou M-studie sodanig is dat dit die omvang van 'n konvensionele M-studie oorskry en verdere ondersoek op doktorsvlak regverdig;
- 1.2.5 dat die resultate van die werk gedoen vir jou M-studie verkieslik reeds vir publikasie in 'n vaktydskrif van hoogstaande gehalte ingedien is;
- 1.2.6 dat die tydlyn vir die studieleier om die omskakeling te inisieer na goeddunke van elke fakulteit, is op voorwaarde dat die tydraamwerk vir die voltooiing van 'n doktorsgraadprogram waarvoor geregistreer is na 'n suksesvolle omskakeling nie die totale kumulatiewe tyd toegelaat vir 'n magistergraad plus 'n doktorsgraad, naamlik vyf jaar, sal oorskry nie.
- 1.2.7 dat die voorstel vir sodanige omskakeling deur jou studieleier geïnisieer moet word, wat 'n versoek aan die departementele voorsitter moet rig. Indien die voorsitter die versoek ondersteun, stuur die voorsitter die versoek aan die dekaan. (Waar jou studieleier ook die departementele voorsitter is, moet die studieleier die versoek direk aan die dekaan stuur.) Die dekaan of die afgevaardigde visedekaan) moet 'n komitee van drie of vier lede aanbeveel wie se vakkundigheid hulle in staat stel om die versoek te beoordeel. Een van die lede moet nie 'n personeellid van die Universiteit Stellenbosch wees nie. Jy, as die student, stel, na oorleg met jou studieleier, 'n kort verslag op waarin (i) die vordering wat jy met die M-studie gemaak het, gerapporteer word, en (ii) jy 'n voorlegging oor jou beoogde D-studie maak, bestaande uit onder andere 'n gedetailleerde protokol, wat volledige inligting bevat oor die hipotese(s), literatuuroorsig, materiaal vir en tegniek van die studie, lewensvatbaarheid en etiese

- implikasies van die studie. Die komitee oorweeg die verslag en maak 'n aanbeveling vir oorweging deur die fakulteitsraad;
- 1.2.8 dat geen voorstel vir die omskakeling van magisterstudie na doktorsale studie na die inisiëring van die eksamineringsproses vir die magistertesis oorweeg sal word nie;
- 1.2.9 dat, omdat omskakeling 'n keuse is, jy as student die aanbod van omskakeling moet aanvaar voordat jy registrasie dienooreenkomstig aangepas sal word;
- 1.2.10 dat, indien jy na die omskakeling na doktorsale studie nie die doktorsale graadprogram voltooi nie, geen omkering na magisterstudie toegelaat sal word nie. Jy sal verplig word om te deregistreer vir die doktorsale studie en opnuut vir toegang tot 'n magistergraadprogram moet aansoek doen.
- 1.2.11 dat jy, voordat die doktorsgraad aan jou toegeken mag word, vir 'n totale gesamentlike tydperk van nie minder as drie jaar vir die magistergraad en doktorsgraad geregistreer moet wees nie, waarvan minstens een jaar vir die doktorsgraad moet wees;
- 1.2.12 dat indien skriftelike eksamens vir die jou M-studie vereis word, jy al sodanige eksamens moet aflê en slaag alvorens die D-graad aan jou toegeken kan word;
- 1.2.13 dat die omskakeling deurgaans slegs met ingang van 'n nuwe akademiese jaar, voor die sluitingsdatum vir doktorsgraadprogramme se registrasie, soos gepubliseer in die Universiteitsalmanak, sal geskied.

2. Honneurs-Baccalaureusgrade en nagraadse diplomas

2.1 Statutêre vereistes

Die Universiteit kan 'n honneurs-baccalaureusgraad of 'n nagraadse diploma aan jou toeken indien jy vir minstens een jaar, nadat 'n baccalaureusgraad wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het aan jou toegeken is, as student vir die betrokke honneurs-baccalaureusgraad of nagraadse diploma aan die Universiteit ingeskryf was.

In die geval van 'n nagraadse diploma, kan jy – in plaas van 'n baccalaureusgraad – op 'n ander wyse 'n standaard van bekwaamheid bereik en via 'n fakulteit se beleid oor die Assessering en Erkenning van Vorige Leer (AEVL) vir toelating tot 'n nagraadse diploma oorweeg word.

2.2 Toelating

Jy moet skriftelik aansoek doen om toelating tot die studie vir die honneurs-baccalaureusgraad of nagraadse diploma.

2.3 Verdere vereistes

Raadpleeg die betrokke fakulteitsjaarboekdele.

3. Die graad HonsBEd

3.1 Statutêre vereistes

Die Universiteit kan die graad Honneurs-Baccalaureus in die Opvoedkunde aan jou toeken indien jy, na jou eerste inskrywing as 'n gematrikuleerde student van die Universiteit, 'n bywoningstydperk van minstens vyf jaar vir die graad voltooi het (een jaar vir die honneurs en vier jaar vir die kwalifikasie(s) wat toelating tot die honneurs verleen), met dien verstande dat jy as kandidaat ook aan een van die volgende vereistes moet voldoen:

- 3.1.1 Die graad Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte of die Natuurwetenskappe of 'n graad wat deur die Senaat as gelykwaardig daarmee aanvaar is, asook 'n goedgekeurde diploma of sertifikaat in die Opvoedkunde, moet minstens een jaar voor die voltooiing van voormelde tydperk van bywoning aan jou toegeken gewees het. As kandidaat kan jy voor toelating ook aan keuring onderwerp word.
- 3.1.2 'n Erkende vierjarige naskoolse kwalifikasie, wat 'n professionele onderwyskwalifikasie insluit, en die suksesvolle afhandeling van aanvullende Opvoedkundestudie, indien nodig geag. As kandidaat kan jy voor toelating ook aan keuring onderwerp word.

3.2 Verdere vereistes

Raadpleeg die Jaarboekdeel van die Fakulteit Opvoedkunde.

4. Die graad LLB

4.1 Statutêre vereistes

Die Universiteit kan die graad Baccalaureus in die Regsgeleerdheid aan jou toeken indien jy, na jou eerste inskrywing as gematrikuleerde student aan die Universiteit, 'n bywoningstydperk van minstens vier jaar vir die graad voltooi het.

4.2 Toelating

Jy moet skriftelik aansoek doen om toelating tot die studie vir die LLB-graad. Elke aansoek word op meriete op grond van 'n keuringsproses oorweeg.

4.3 Verdere vereistes

Raadpleeg die Jaarboekdeel van die Fakulteit Regsgeleerdheid.

5. Magistergrade

5.1 Statutêre vereistes

(*Let wel:* Hierdie vereistes is gebaseer op die **Hoëronderwyskwalifikasiesubraamwerk** (HEQSF), maar vir sommige magisterprogramme wat besig is om uit te faseer mag dit nodig wees om die vorige reëls as oorbrugging vir 'n sekere tydperk toe te pas.)

- 5.1.1 Die Universiteit kan die graad magister aan jou toeken indien jy minstens een jaar lank, nadat 'n vierjarige baccalaureusgraad op NKR-vlak 8 of 'n honneurs-baccalaureusgraad of 'n nagraadse diploma op NKR-vlak 8 wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het aan jou toegeken is, of nadat jy op 'n ander wyse 'n standaard van bekwaamheid in jou bepaalde studierigting bereik het wat na die oordeel van die Senaat vir dié doel toereikend is, as student aan die Universiteit vir die betrokke magistergraad ingeskryf was en aan die slaagvereistes voldoen het, met die volgende uitsondering:
 - 5.1.1.1 In die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe kan die Universiteit die graad Magister in die Geneeskunde (MMed) aan jou toeken indien daar minstens vier of vyf jaar (na gelang van jou hoofvak) verloop het na jou eerste inskrywing vir dié graad, met dien verstande dat sodanige eerste inskrywing geskied het nadat minstens een of twee jaar (na gelang van jou hoofvak) verloop het:
 - 8 sedert die grade Baccalaureus in die Geneeskunde en Baccalaureus in die Snykunde van die Universiteit aan jou toegeken is, of
 - 9 sedert jy 'n ander graad of kwalifikasie behaal het wat na die oordeel van die Senaat van 'n toereikende standaard is; en
 - 10 nadat jy by die Raad vir Gesondheidsberoep van Suid-Afrika as mediese praktisyn geregistreer is.
- 5.1.2 Die volledige toelatingsvereistes vir alle magisterprogramme word in die fakulteits-jaarboekdele verstrek.

5.2 Toelating

5.2.1 Algemeen

Jy moet skriftelik aansoek doen om toelating tot die studie vir die magistergraad.

Die Universiteit aanvaar dat indien jy as voornemende student in diens van 'n organisasie buite die Universiteit staan, jy voor toelating tot 'n magisterprogram toestemming van die betrokke organisasie sal verkry om vir die bepaalde magisterprogram te registreer.

5.2.2 Publikasie van werkstukke en tesisse

As ingeskrewe magisterstudent is jy onderhewig aan die Universiteit se reëls vir die publiseer van werkstukke en tesisse (kyk par. 5.10 verder aan vir die bepalings in dié verband).

5.2.3 Inligting uit eksterne bronne

Waar jy as voornemende kandidaat beoog om in jou magisterprogram gebruik te maak van gegewens uit bronne buite beheer van die Universiteit, moet jy – in gevalle waar die Universiteit dit vereis – vóór toelating tot sodanige program 'n verklaring van die betrokke instansie voorlê insake die voorwaardes waarop jy die gegewens mag gebruik.

5.2.4 Gedragskode vir die verhouding tussen studieleier en navorsings-gebaseerde magisterstudent

Kyk par. 7 verder in hierdie hoofstuk.

5.3 Jaarlikse verslagdoening

5.3.1 Kandidaat se verpligting

Daar rus 'n verpligting op jou om jou studieleier op hoogte te hou van die vordering van jou navorsing.

5.3.2 Skriftelike verslae

In gevalle waar jou studieleier dit nodig ag (byvoorbeeld waar deurlopende kontak met jou onmoontlik is), kan die studieleier 'n skriftelike verslag of verslae, soos hulle goed vind, van jou vereis.

5.3.3 Departementele verslag

Departemente moet jaarliks aan die fakulteit rapporteer oor die vordering van studente wat met navorsing vir graaddoeleindes besig is.

5.3.4 Aanmaning deur dekaan

Indien die departement se jaarlikse verslag toon dat hierdie vordering van jou nie na wense is nie, of dat jy as die student in gebreke gebly het om verslag te doen, moet die dekaan jou in 'n amptelike skrywe herinner aan jou verpligtinge in dié verband.

5.4 Algemene bepalinge vir magisterwerkstukke en magistertesise

Die volgende algemene reëls en vereistes geld vir magisterwerkstukke en -tesisse:

5.4.1 Die enigste aanvaarde terminologie vir tesis/navorsingswerkstuk

- a) Die terme "tesis" en "navorsingswerkstuk" is die enigste amptelik aanvaarde terme waar dit oor die produk van navorsing vir magisterstudie handel.
- b) In gevalle waar bykomende studie naas 'n verhandeling voorgeskryf word en die verhandeling (met inbegrip van die mondelinge aanbieding daaroor):
 - 11 'n gewig van 50% of meer van die prestasiepunt bedra, sal die verhandeling as 'n "tesis" bekend staan en as sodanig gehanteer word;
 - 12 daarteenoor sal 'n verhandeling as 'n "navorsingswerkstuk" bekend staan indien dit (met inbegrip van die mondelinge aanbieding daaroor) minder as 50% van die prestasiepunt bedra.
 - 13 Die navorsingswerkstuk mag nie 'n gewig van minder as een derde van die magisterstudie – of minder as 25% in hoogs uitsonderlike en spesiaal goedgekeurde gevalle – en gevolglik die prestasiepunt, bedra nie.
- c) Dit is 'n vereiste dat alle tesisse na eksaminering en voor graduering elektronies ingelewer moet word d.m.v. SUNScholar (<http://scholar.sun.ac.za>), die digitale navorsingsbewaarplek van die US (kyk par. 5.6 en 5.7 verder aan vir die bepalinge oor eksaminering en finale inlewering van die tesisse). Die instruksies vir inlewering van die finale produk d.m.v. SUNScholar, nadat die eksamineringsproses voltooi is, is beskikbaar by <http://library.sun.ac.za>.

5.4.2 Fakulteitspesifieke bepalinge

Naas die bepalinge en vereistes in hierdie Jaarboekdeel, kan 'n fakulteit spesifieke eie bepalinge en vereistes vir magister-navorsingswerkstukke en -tesisse hê. Sulke fakulteitspesifieke bepalinge en vereistes word uiteengesit in die betrokke fakulteit se deel van die Jaarboek en/of die fakulteit se handleiding *Riglyne vir Nagraadse Opleiding*, indien 'n fakulteit oor laasgenoemde dokument beskik. Raadpleeg die betrokke fakulteitsadministrateur in die Admin A-gebou (Stellenbosch-kampus) in dié verband.

5.4.3 Samestelling van die Magistergraad

Die magistergraad ná 'n honneursgraad of nagraadse diploma mag toegeken word op grond van 'n tesis of 'n navorsingswerkstuk, plus nagraadse submodules en, indien nodig, sodanige bykomende studie as wat 'n bepaalde departement mag voorskryf. Kyk par. 5.6.7 verder aan in verband met die mondelinge aanbieding.

5.4.3.1 Magistergraad op grond van 'n tesis

In gevalle waar slegs 'n tesis en geen verdere nagraadse submodules nie vereis word, word die prestasiepunt vir die M-graad bepaal op grond van die tesis en 'n mondelinge aanbieding.

5.4.3.2 Magistergraad op grond van teoretiese werk en 'n tesis

In gevalle waar teoretiese werk – in die vorm van nagraadse submodules en na gelang van die situasie dalk ook bykomende leeswerk/opdragte – en 'n tesis voorgeskryf word, moet die tesis (met inbegrip van die mondelinge aanbieding daaroor) 'n gewig van minstens 50% van die prestasiepunt bedra.

5.4.3.3 Magistergraad op grond van teoretiese werk en 'n navorsingswerkstuk

In gevalle waar teoretiese werk – in die vorm van nagraadse submodules en na gelang van die situasie dalk ook bykomende leeswerk/opdragte – en 'n navorsingswerkstuk voorgeskryf word, moet die navorsingswerkstuk (met inbegrip van die mondelinge aanbieding daaroor) 'n gewig van minder as 50% – maar minstens een derde, of minstens 25% in hoogs-uitsonderlike en spesiaal goedgekeurde gevalle – van die prestasiepunt bedra.

5.5 Studieleier/medestudieleier(s), eksaminatore en moderator

5.5.1 Woordomskrywing

5.5.1.1 Intern en ekstern

'n Persoon is intern indien hulle 'n werknemer van die Universiteit Stellenbosch is. 'n Persoon is ekstern indien hulle nie 'n werknemer van die Universiteit Stellenbosch is nie, met dien verstande dat buitengewone professore en ereprofessore van die Universiteit nie vir benoeming tot eksterne eksaminatore kwalifiseer nie, maar wel teen vergoeding tot interne eksaminatore benoem kan word. Daar moet in alle gevalle 'n minimum van twee jaar verloop ná aftrede, of ná vervroegde aftrede, of ná uitdienstrede by die US, voordat 'n persoon as eksterne eksaminator of moderator benoem kan word.

5.5.1.2 Onverbonde

'n Persoon is onverbonde indien hulle nie by die totstandkoming van die spesifieke tesis betrokke was nie.

5.5.1.3 Eksaminatore en moderatore

- a) Die eksaminatore is die onverbonde persone wat by die eksaminering van 'n magisterprogram waar 'n tesis (kyk par. 5.4.1 vir omskrywing van tesis) vereis word, betrokke is. (Kyk ook par. 5.5.3 in dié verband.)
- b) In geval van 'n magisterprogram waar teoretiese modules en ('n) navorsingswerkstuk(ke) vereis word, word die term moderatore in plaas van eksaminatore gebruik en geskied die benoeming van moderatore en die assessering van modules en navorsingswerkstukke ingevolge die 'Reglement vir Interne en Eksterne Moderering', wat op die webblad van die Afdeling Institusionele Navorsing en Beplanning beskikbaar is.
- c) In geval van 'n magisterprogram waar teoretiese modules en 'n tesis vereis word, word die teoretiese modules deur ('n) moderator(e) geassesseer en die tesis deur eksaminatore geëksamineer.

5.5.1.4 Studieleiersverslag

'n Verslag wat deur jou studieleier, en waar toepaslik medestudieleier(s), opgestel word ten einde aan die paneel wat die verslae van die eksaminatore moet beoordeel (kyk par. 5.6.6) insae te verleen in die verloop van die proses wat in die totstandkoming van jou tesis gekulmineer het. Die volgende aspekte kan in die verslag aan die orde kom:

- 14 Die konteks waarin jou studie onderneem is;
- 15 Die metodologiese opset in terme waarvan jou studie onderneem is en waarin die tesis finaal beoordeel behoort te word;
- 16 Hoe selfstandig jy as kandidaat gewerk het;
- 17 Probleme wat jy as kandidaat met betrekking tot die insameling van inligting ervaar het;
- 18 Enige ander aspek wat implikasies vir die finale beoordeling en bepunting van jou tesis inhou, veral waar slaag met onderskeiding 'n moontlikheid is.

Die studieleiersverslag word eers beskikbaar gestel nadat die eksaminatore hulle eie verslae, insluitende voorstelle oor bepunting, voorgelê het. (Kyk ook par. 5.6.6 verder aan.)

5.5.2 Studieleier/medestudieleier(s)

By toelating tot magisterstudie moet 'n departement 'n studieleier vir jou as magisterskandidaat aanwys. Jou studieleier hoef nie 'n personeellid van die Universiteit te wees nie, met dien verstande dat, indien hulle dit nie is nie, daar 'n medestudieleier moet wees wat 'n personeellid van die Universiteit is. Indien jou studieleier 'n personeellid van die Universiteit is, kan óf 'n ander personeellid van die Universiteit óf 'n eksterne persoon tot medestudieleier benoem word, indien 'n medestudieleier vir die studie benodig word.

Jou studieleier/medestudieleier(s) tree nie as eksaminatore van jou magisterstesis op nie. Jou studieleier/medestudieleier(s) dien wel 'n studieleiersverslag (kyk par. 5.5.1.4) in en neem in toeligtende hoedanigheid aan die beoordelingspaneel-bespreking (kyk par. 5.6.6) en die mondelinge aanbieding (kyk par. 5.6.7) deel.

5.5.3 Eksaminatore

- a) Daar moet minstens twee eksaminatore vir 'n magisterstesis wees.
- b) Die eksaminatore bestaan uit 'n onverbonde interne eksaminator en 'n onverbonde eksterne eksaminator, of alternatiewelik twee onverbonde eksterne eksaminatore, indien 'n fakulteitsraad die laasgenoemde opsie aanvaarbaar vind. (Kyk par. 5.5.1 vir beskrywing van "intern",

- "ekstern" en "onverbonde".)
- c) Die eksaminatore word deur 'n fakulteitsraad op aanbeveling van 'n departement benoem.
 - d) Die departementele voorsitter moet die name van die eksaminatore, in oorleg met jou interne studieleier of, in die geval van 'n eksterne studieleier, jou interne medestudieleier, gesamentlik en vroegetydig aan die betrokke fakulteitsraad vir goedkeuring voorlê.
 - e) Die fakulteitsraad rapporteer die benoeming deur middel van die Mededelingsrapport aan die Senaat, met inbegrip van die naam(e) van jou studieleier, asook medestudieleier(s), waar van toepassing.
 - f) Elke eksaminator dien ooreenkomstig die betrokke fakulteitspesifieke riglyne vir eksaminatore van magisterstesisse 'n verslag oor die tesis in.

As magisterskandidaat mag jy onder geen omstandighede met jou onverbonde eksaminatore oor jou tesis kommunikeer nie.

5.6 Eksaminering (uitgesonderd MMed)

5.6.1 Aantal eksemplare vir eksaminering

- a) Wanneer jy as kandidaat jou vir eksaminering aanmeld, moet jy een losweg gebonde eksemplaar en/of 'n elektroniese eksemplaar, afhangende van wat die betrokke individuele studieleier(s)/eksaminatore verkies, van jou tesis vir elk van die betrokke studieleier/medestudieleier(s) en eksaminatore by hul fakulteit inlewer.
- b) Die eksemplaar(e) vir die eksterne eksaminator(e) sal op koste van jou, die kandidaat, versend word, indien hulle 'n hardekopie verkies.

5.6.2 Tegnieë vereistes vir eksemplare vir eksaminering

Sowel die tikwerk as die eerste bladsy van bogenoemde eksemplare vir eksaminering moet voldoen aan die vereistes in par. 5.7 hieronder uiteengesit.

5.6.3 Illustrasies

Indien jou tesis illustrasies (kaarte, tekeninge, ens.) bevat, kan jou studieleier en eksaminatore vereis dat een eksemplaar met oorspronklike illustrasies ingelewer word.

5.6.4 Fakulteitspesifieke reëlings

As kandidaat moet jy self op hoogte kom van fakulteitspesifieke reëlings vir die inlewering van 'n navorsingswerkstuk of tesis vir eksaminering. Sulke reëlings word uiteengesit in die betrokke fakulteit se deel van die Jaarboek en/of die fakulteit se handleiding "Riglyne vir Nagraadse Opleiding", indien 'n fakulteit oor laasgenoemde dokument beskik. Raadpleeg die betrokke fakulteitsadministrateur in die Admin A-gebou (Stellenbosch-kampus) in dié verband.

5.6.5 Keerdatums vir inlewering vir eksaminering

Om in aanmerking te kom vir die tydige afhandeling van die eksamineringsproses moet jy die vereiste getal eksemplare van jou navorsingswerkstuk of tesis, behoudens fakulteitspesifieke bepalings (kyk par. 5.6.4 hierbo), soos volg vir eksaminering inlewer:

- 5.6.5.1 met die oog op die Desember-gradeplegtighede, voor 1 September; en
- 5.6.5.2 met die oog op die Maart-gradeplegtighede, voor 1 November.

5.6.6 Behandeling van verslae van eksaminatore

Die behandeling van die verslae van die eksaminatore en die verslag van jou studieleier/medestudieleier(s) (kyk par. 5.5.1.4 vir omskrywing van die studieleiersverslag) word gehanteer deur 'n beoordelingspaneel wat aangewys word, en ingevolge 'n prosedure, soos deur elke fakulteitsraad bepaal. Jou studieleier, en/of medestudieleier(s) waar toepaslik, is normaalweg in toeligtende hoedanigheid betrokke, maar is nie lede van die beoordelingspaneel nie, en die finale besluit word in die afwesigheid van jou studieleier(s) geneem. Jou studieleier se verslag word eers beskikbaar gestel nadat die eksaminatore hulle eie verslae, insluitende voorstelle oor bepunting, voorgelê het.

5.6.7 Mondelinge aanbieding

- a) As magisterskandidaat moet jy 'n mondelinge aanbieding lewer, met as uitsondering waar 'n departement, met die goedkeuring van die betrokke fakulteitsraad, of die fakulteitsraad se gedelegeerde, 'n mondelinge aanbieding as oorbodig beskou.
- b) Die mondelinge aanbieding kan handel oor jou tesis/navorsingswerkstuk, of oor jou kennis van die vak in die algemeen, of oor albei.
- c) Die mondelinge aanbieding word normaalweg bygewoon deur minstens die lede van die beoordelingspaneel; die beskikbare eksaminatore/moderatore; jou studieleier, asook jou medestudieleier(s) waar toepaslik.

5.6.8 Bepaling van finale prestasiepunt vir tesis/magisterprogram

- a) By die bepaling van jou finale prestasiepunt vir 'n tesis/magisterprogram deur die beoordelingspaneel moet:
 - o die punte toegeken vir die tesis deur die interne en eksterne eksaminatore,
 - o die mondelinge aanbieding indien toepaslik, asook die punte toegeken vir teoretiese modules waar van toepassing, in aanmerking geneem word, en
 - o die inhoud van die studieleiersverslag word ook in ag geneem.
- b) Die Dekaan moet verseker dat die eksaminatore en jou studieleier(s) skriftelike terugvoering oor die uitslag ontvang.
- c) Elke fakulteitsraad bepaal 'n eie meganisme vir die hantering van moontlike dispute.

5.7 Bepalings vir die formaat, finale inlewering, druk en bind van magistertesisse (uitgesonderd MMed)

AFRICAN SUN MeDIA

Fasiliteite vir die druk en bind van tesisse is op die kampus beskikbaar. Volledige inligting hieroor is by AFRICAN SUN MeDIA in die Admin A-gebou (ABA 1081) op die Stellenbosch-kampus verkrygbaar, asook by www.africansunmedia.co.za.

5.7.1 Produk wat ingelewer moet word

- a) Dit is 'n vereiste dat elke magistertesis na eksaminering en voor graduering elektronies ingelewer moet word d.m.v. SUNScholar (<http://scholar.sun.ac.za>), die digitale navorsings-bewaarplek van die US. Die instruksies vir inlewering van die finale produk is beskikbaar op die webwerf van die Universiteit Stellenbosch Biblioteek by <http://library.sun.ac.za> (Kyk par. 5.4.1 in hierdie hoofstuk vir die definisie van 'n magistertesis.)
- b) As daar aan jou tesis by eksaminering minstens 'n slaagpunt toegeken is, moet jy daarna finaal sorg dat die teks daarvan voldoen aan al die toepaslike vereistes soos vervat in hierdie gedeelte (5.7). Eers dan kan jou studieleier/medestudieleier die teks as finaal sertifiseer. 'n Teks wat aan die vereistes voldoen en as sodanig gesertifiseer is, staan bekend as "die meesterkopie vir inlewering".

5.7.2 Wysigings verpligtend in meesterkopie

Voordat jou studieleier/medestudieleier jou tesis finaal vir elektroniese inlewering d.m.v. SUNScholar kan goedkeur, moet jy al die wysigings wat jou studieleier/ medestudieleier(s) en eksaminatore nodig ag, tot jou studieleier/medestudieleier se tevredenheid aanbring of laat aanbring in die meesterkopie.

5.7.3 Opsommings verpligtend

Sien par. 5.4.1 vir die definisies van tesisse en navorsingswerkstukke.

- 5.7.3.1 Alle magistertesisse moet elektronies by SUNScholar ingedien word (sien par. 5.4.1, par. 5.7.1), en moet 'n opsomming van maksimum 500 woorde in die taal van die tesis bevat. Jy mag bykomende opsommings van maksimum 500 woorde elk in ander tale insluit – in die geval van gesamentlike grade met internasionale vennootinstellings in die taal (of tale) voorgeskryf deur 'n ooreenkoms. Die opsomming(s) moet op die blad (of blaaie) onmiddellik na die titelblad of (titelblaaie) en die skrywersverklaring geplaas word. Indien 'n tesis nie opsommings in óf Afrikaans óf Engels bevat nie, sal die Taalsentrum die vertaalde opsomming (of opsommings) aan SUNScholar voorsien om voor of na graduering saam met die bestaande opsomming (of opsommings) opgelaaai te word.
- 5.7.3.2 Magisternavorsingswerkstukke mag elektronies by SUNScholar ingedien word. Navorsingswerkstukke wat by SUNScholar ingedien word, moet aan die bepalings in par. 5.7.31 voldoen.

5.7.4 Vereistes vir tikwerk

Jou magistertesis moet soos volg getik word:

- 5.7.4.1 in die Cambria- of Calibri-lettertipe, in letters van minstens 10 lettergrootte (*font size*) en hoogstens 12 lettergrootte,
- 5.7.4.2 met óf dubbellynwydte óf een-en-'n-halfspasiëring óf enkelspasiëring,
- 5.7.4.3 met 'n blanko ruimte minstens 2 cm breed om die hele getikte gedeelte.

5.7.5 Verpligte inligting op eerste vier bladsye van tesis

Die eerste bladsy van jou tesis moet volgens par. 5.7.5.1 tot 5.7.5.3 saamgestel word en die tweede bladsy volgens par. 5.7.5.4 tot 5.7.5.5. Daarna volg die Afrikaanse en Engelse opsommings van hoogstens 500 woorde elk op bladsye drie en vier.

Let wel: Vir jou finale tesis (na die eksamineringsproses), moet jy die amptelike US-tesistitelbladsytemplaot wat die Universiteit se primêre logo/handelsmerk en handelsmerkontwerp bevat en by <https://library.sun.ac.za/af-za/Help/Pages/online-thesis-submission.aspx> beskikbaar is, gebruik.

Die Universiteit se korporatiewe logo verskyn op die titelbladsy van die finale tesis om die instelling se toekenning van die graad te bevestig en mag nie op enige ander bladsy van die tesis geplaas word nie. Die Universiteit se eienaarskap van intellektuele eiendom word deur die verklaring en kopieregkennisgewing op die tweede bladsy van die tesis bevestig (sien par. 5.7.5.4 en 5.7.5.5).

5.7.5.1 In die boonste derde van die eerste bladsy

die titel van die tesis en, direk daaronder, jou, die skrywer, se volle voorname en van;

5.7.5.2 Onder die skrywer se naam en van op die eerste bladsy

'n paslik vervulde weergawe van die tesis-formule hieronder aangedui:

Afrikaanse formule:

"Tesis ingelewer ter gedeeltelike (*Let wel:* Die term "gedeeltelike" word slegs in hierdie formule gebruik indien dit nie 'n 100%-tesis is nie, of wanneer dit wel 'n 100%-tesis is en daar ook 'n mondelinge eksamen ter voltooiing van die studie vereis word) voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in (bv. die Lettere en Wysbegeerte) in die Fakulteit (naam van Fakulteit) aan die Universiteit Stellenbosch." (*Let wel:* Indien die tesis deel van 'n gesamentlike- of dubbelegraadooreenkoms met 'n ander universiteit vorm, moet die volgende sin bygevoeg word: "Hierdie tesis is ook ingedien by die (voeg die naam van die ander universiteit hier in) in terme van 'n gesamentlike-/dubbelegraadooreenkoms.")

Engelse formule:

"Thesis presented in partial (*Let wel:* Die term "partial" word slegs in hierdie formule gebruik indien dit nie 'n 100%-tesis is nie, of wanneer dit wel 'n 100%-tesis is en daar ook 'n mondelinge eksamen ter voltooiing van die studie vereis word) fulfilment of the requirements for the degree of Master of (e.g. Arts) in the Faculty of (naam van Fakulteit) at Stellenbosch University." (*Let wel:* Indien die tesis deel van 'n gesamentlike- of dubbelegraadooreenkoms met 'n ander universiteit vorm, moet die volgende sin bygevoeg word: "This thesis has also been presented at (voeg die naam van die ander universiteit hier in) in terms of a joint-/double-degree agreement.");

en

Indien jy 'n beurs vir jou studie van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) gekry het, vereis die NNS dat die onderstaande inskrywing op die titelblad, net onder die bostaande formule, aangebring word:

"Die finansiële ondersteuning van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings wat uitgespreek word en gevolgtrekkings wat gemaak word is dié van die outeur en kan nie noodwendig aan die NNS toegeskryf word nie."

Die Engelse inskrywing moet soos volg lui:

"The financial assistance of the National Research Foundation (NRF) towards this research is hereby acknowledged. Opinions expressed and conclusions arrived at are those of the author and are not necessarily to be attributed to the NRF."

5.7.5.3 Onderaan die eerste bladsy

die naam/name van jou studieleier/medestudieleier(s) en die jaar en maand waarin die graad ontvang sal word, bv. óf Desember óf Maart.

5.7.5.4 Verklaring op die tweede bladsy

As die kandidaat moet jy die onderstaande verklaring op die boonste helfte van die tweede bladsy van jou tesis aanbring (*Let wel:* Jy moet nie jou handtekening onder die verklaring aanbring nie, aangesien 'n handtekening in die openbare domein tot misbruik kan lei):

Afrikaanse formule:

"VERKLARING

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit Stellenbosch nie derdepartyrege sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie. (*Let wel:* Indien die tesis deel van 'n gesamentlike- of dubbelegraadooreenkoms met 'n ander universiteit vorm, moet die volgende sin bygevoeg word: "Hierdie tesis is ook ingedien by die (voeg die

naam van die ander universiteit hier in) in terme van 'n gesamentlike-/dubbelegraad-ooreenkoms.")

Datum:"

Engelse formule:

"DECLARATION

By submitting this thesis electronically, I declare that the entirety of the work contained therein is my own, original work, that I am the sole author thereof (save to the extent explicitly otherwise stated), that reproduction and publication thereof by Stellenbosch University will not infringe any third party rights and that I have not previously in its entirety or in part submitted it for obtaining any qualification. (*Let wel:* Indien die tesis deel van 'n gesamentlike-of dubbelegraadooreenkoms met 'n ander universiteit vorm, moet die volgende sin bygevoeg word: "This thesis has also been presented at(voeg die naam van die ander universiteit hier in) in terms of a joint-/ double-degree agreement.")

Date:....."

5.7.5.5 Kopiereg op tweede bladsy

Jy moet die onderstaande nota (met aanpassing van die jaar van elektroniese inlewering) op die onderste helfte van die tweede bladsy aanbring:

In Afrikaanse tesis:

Kopiereg © 2025 Universiteit Stellenbosch

Alle regte voorbehou

In Engelse tesis:

Copyright © 2025 Stellenbosch University

All rights reserved

5.7.5.6 Afrikaanse en Engelse opsommings op bladsye drie en vier

Die Afrikaanse en Engelse opsommings van hoogstens 500 woorde elk moet op bladsye drie en vier geplaas word.

5.7.6 Kandidaat en studieleier/medestudieleier se verantwoordelikheid t.o.v. die bepalinge van par. 5.7.5

Dit is jou as kandidaat se verantwoordelikheid om te sorg dat die eerste vier bladsye van jou tesis aan die bepalinge van par. 5.7.5 voldoen en dit is die verantwoordelikheid van jou studieleier/medestudieleier om dit te kontroleer, vóór finale goedkeuring vir elektroniese inlewering verleen word. (Kyk par. 5.7.8 vir elektroniese inlewering.)

5.7.7 Rugkant van gebonde kopie van tesis

- Op die rugkant van die gebonde tesis (vir jou persoonlike besit en/of waar jou studieleier/medestudieleier 'n gebonde kopie vereis) moet jou as die skrywer se voorletters en van die tesis se titel gedruk word.
- Indien die titel te lank is, kan daar op die rugkant óf 'n verkorte titel (maksimum 55 letters, spasies ingesluit) óf die maand waarin die graad ontvang word (d.w.s. Desember óf Maart) en die jaar gedruk word.
- Indien AFRICAN SUN MeDIA as verskaffer van die gebonde kopieë gebruik gaan word, moet hierdie inligting volledig tydens die elektroniese inlewering van die meesterkopie van die tesis verskaf word.

5.7.8 Inlewering in elektroniese formaat

- Die meesterkopie van die tesis vir SUNScholar (<http://scholar.sun.ac.za>) moet in PDF-formaat by wyse van 'n elektroniese proses ingelewer word.
- Tydens hierdie inleweringproses sal jou studieleier die opsie gebied word om die tesis vir 'n tydperk van hoogstens ses maande van beskikbaarstelling op die oop webblad te weerhou, ten einde geleentheid te bied vir publikasie.
- Volledige inligting aangaande die PDF-formaat vir inlewering, sowel as die proses wat gevolg moet word, word aangedui op die Universiteit Stellenbosch Biblioteek se webblad by <http://library.sun.ac.za>.

5.7.9 Kopieë vir studieleier/medestudieleiers

- a) Jy moet een eksemplaar van die meesterkopie van jou tesis aan elk van jou studieleier/medestudieleier(s) oorhandig, indien jou studieleier(s) 'n eksemplaar vereis.
- b) In plaas van 'n gebonde eksemplaar, kan jou studieleier(s) versoek dat 'n elektroniese eksemplaar voorsien word.
- c) Jy is self verantwoordelik vir die produksie, koste en oorhandiging van die gebonde eksemplaar aan die studieleier/medestudieleier(s), indien 'n gebonde eksemplaar vereis word.

5.7.10 Tekste elders gedruk en gebind

- a) Vir doeleindes van gehalteversekering, verkies die Universiteit dat die fasiliteite van AFRICAN SUN MeDIA gebruik word vir die druk en bind van kopieë van jou tesis vir jouself en waar gebonde kopieë deur jou studieleier/medestudieleier(s) vereis word.
- b) Indien jy as magisterskandidaat nie van AFRICAN SUN MeDIA se druk- en bindfasiliteite vir die druk van hierdie kopieë gebruik wil maak nie, is dit jou verantwoordelikheid om te verseker dat gehalte en korrektheid gehandhaaf word.

5.7.11 Datums vir inlewering

Die laaste datums vir die elektroniese inlewering van die meesterkopieë van tesisse met die oog op die Desember- en Maart-gradeplegtighede word jaarliks in die Universiteit se almanak voorgeskryf.

5.8 Gelde betaalbaar

Jy, die kandidaat, is aanspreeklik vir die koste verbonde aan die druk en bind van die gebonde kopieë van die tesis vir jouself en jou studieleier/medestudieleiers, waar laasgenoemde persone ('n) gebonde kopie(ë) vereis.

5.9 Prosedure vir sensitiewe navorsingswerkstukke en tesisse

Raadpleeg hieroor par. 6.13, Proefskrifte en tesisse onder embargo, verder aan in hierdie hoofstuk.

5.10 Publikasie van magister-navorsingswerkstukke en -tesis

Die geldende beleid betreffende die eienaarskap van intellektuele eiendom (bv. outeursregte) wat tydens die normale gang en bestek van jou studie aan die Universiteit geskep word, is ook op jou as meesters-gradstudent van toepassing.

Jy moet ter verwerwing van 'n M-graad 'n navorsingswerkstuk of 'n tesis voltooi, en indien die navorsingswerkstuk of die tesis binne drie jaar na verwerwing van die graad nie andersins gepubliseer is nie, het die Universiteit die reg om die navorsingswerkstuk of die tesis (of deel daarvan) te publiseer sonder vergoeding aan jou as die kandidaat. In die geval van 'n geklassifiseerde navorsingswerkstuk of tesis word die begin van bogenoemde driejaartydperk bereken vanaf die datum van deklassifisering.

Verlof tot publikasie

Verlof tot publikasie moet van jou studieleier verkry word. Bostaande reël geld binne die konteks van die Universiteit se beleid om jou as magisterskandidaat van die Universiteit aan te moedig om jou navorsingsresultate vóór of ná inlewering van jou navorsingswerkstuk of tesis te publiseer en/of andersins bekend te maak.

Departementele voorsitters moet outeurs en medeouteurs vra om tydskrifartikels sover doenlik onder die adres van die Universiteit te publiseer.

Gepubliseerde werkstuk of tesis

Wanneer 'n magister-navorsingswerkstuk of -tesis, soos deur die Universiteit goedgekeur, gepubliseer word, moet die volgende twee (2) items op die eerste bladsy verskyn:

Item 1:

óf die "navorsingswerkstuk"-formule óf die "tesis"-formule hieronder aangedui, na gelang van die geval, weergegee in 'n paslik vervulde vorm:

Afrikaanse formule:

"Navorsingswerkstuk/Tesis ingelewer ter gedeeltelike (*Let wel:* die term "gedeeltelike" word slegs in hierdie formule gebruik indien dit nie 'n 100%-tesis is nie, of wanneer dit wel 'n 100%-tesis is en daar ook 'n mondelinge eksamen ter voltooiing van die studie vereis word) voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in (bv. die Lettere en Wysbegeerte) in die Fakulteit (naam van Fakulteit) aan die Universiteit Stellenbosch."

Engelse formule:

"Thesis/Research assignment presented in partial (*Let wel*: die term "partial" word slegs in hierdie formule gebruik indien dit nie 'n 100%-tesis is nie, of wanneer dit wel 'n 100%-tesis is en daar ook 'n mondelinge eksamen ter voltooiing van die studie vereis word) fulfilment of the requirements for the degree of Master of (e.g. Arts) in the Faculty of (naam van Fakulteit) at Stellenbosch University";

en

Indien jy as die betrokke student 'n beurs vir jou studie van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) gekry het, vereis die NNS dat die onderstaande inskrywing op die titelblad, net onder die bostaande formule, aangebring word:

"Die finansiële ondersteuning van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings wat uitgespreek word en gevolgtrekkings wat gemaak word is dié van die outeur en kan nie noodwendig aan die NNS toegeskryf word nie."

Die Engelse inskrywing moet soos volg lui:

"The financial assistance of the National Research Foundation (NRF) towards this research is hereby acknowledged. Opinions expressed and conclusions arrived at are those of the author and are not necessarily to be attributed to the NRF."

Item 2:

die jaar en datum van inlewering.

Vermelding in voorwoord

In geval 'n tesis/navorsingswerkstuk soos dit gepubliseer word, na die oordeel van die betrokke departement wesenlik verander is, moet voornoemde formule op die eerste bladsy deur 'n geskikte vermelding in die voorwoord vervang word.

6. Doktorsgrade

- a) Let wel: Hierdie bepalings is gebaseer op die **Hoëronderwyskwalifikasiesubraamwerk** (HEQSF).
- b) Die navorsingsverslag soos vervat in jou doktorale proefskrif is die enigste dokument wat geëksamineer word met die oog op die toekenning van 'n doktorsgraad aan die US. Kursuswerk kan vereis word as deel van 'n doktorale studieprogram, maar dit is nie kredietdraend nie en word dus nie in ag geneem tydens die eksaminering van jou proefskrif en vasstelling van die finale uitslag nie.
- c) As doktorale kandidaat – en veral as kandidaat met 'n uitvoerings/kreatiewe komponent as deel van jou doktorale studie – moet jy te alle tye die betrokke fakulteitsjaarboekdeel raadpleeg vir fakulteitspesifieke reëls/vereistes.
- d) In die geval van senior doktorsgrade, waarna in par. 6.1 hieronder verwys word, word reeds gepubliseerde wetenskaplike werk(e) van 'n hoë standaard, wat 'n wesenlike en hoogstaande bydrae tot die verryking van die kennis in die betrokke vakgebied gelewer het, vereis (kyk ook par. 6.9, en spesifiek par. 6.9.5.4, verder aan, asook die betrokke fakulteitsjaarboekdeel in dié verband).

6.1 Basiese fakulteitspesifieke bepalings

Die Universiteit kan –

- 6.1.1 die graad Doktor in die Wysbegeerte (PhD) in die Fakulteite Lettere en Sosiale Wetenskappe, Natuurwetenskappe, Opvoedkunde, AgriWetenskappe, Teologie, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en Krygskunde aan jou toeken indien jy minstens twee jaar lank nadat 'n magistergraad wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het aan jou toegeken is, of nadat jy op 'n ander wyse 'n standaard van bekwaamheid in jou bepaalde studierigting bereik het wat na die oordeel van die Senaat vir dié doel toereikend is, as student vir die graad Doktor in die Wysbegeerte aan die Universiteit ingeskryf was;
- 6.1.2 die grade Doktor in die Wysbegeerte (DPhil) of Doktor in die Lettere (DLitt) (dit is senior doktorsgrade) in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe aan jou toeken indien jy minstens een jaar lank nadat die graad Doktor in die Wysbegeerte (PhD) (dit is die eerste doktorsgraad) in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe van die Universiteit, of 'n ander graad of kwalifikasie wat na die oordeel van die Senaat van 'n toereikende standaard is, aan jou toegeken is, as student vir die senior doktorsgraad aan die Universiteit ingeskryf was, en daar minstens vyf jaar verloop het nadat genoemde eerste graad Doktor in die Wysbegeerte (PhD), of 'n ander graad of kwalifikasie wat na die oordeel van die Senaat van 'n toereikende standaard is, aan jou toegeken is;
- 6.1.3 die graad Doktor in die Opvoedkunde (DEd) (dit is die senior doktorsgraad) in die Fakulteit Opvoedkunde aan jou toeken indien jy minstens een jaar lank nadat die graad Doktor in die Wysbegeerte in die Fakulteit Opvoedkunde van die Universiteit, of 'n ander graad of

kwalifikasie wat na die oordeel van die Senaat van 'n toereikende standaard is, aan jou toegeken is, as student vir die senior doktorsgraad aan die Universiteit ingeskryf was, en daar minstens vyf jaar verloop het nadat genoemde graad Doktor in die Wysbegeerte, of 'n ander graad of kwalifikasie wat na die oordeel van die Senaat van 'n toereikende standaard is, aan jou toegeken is;

- 6.1.4 die graad Doktor in die Natuurwetenskappe (DSc) (dit is die senior doktorsgraad) in die Fakulteit Natuurwetenskappe aan jou toeken indien –
- 6.1.4.1 jy minstens drie jaar lank nadat die graad Magister in die Natuurwetenskappe van die Universiteit, of 'n ander graad of kwalifikasie wat na die oordeel van die Senaat van 'n toereikende standaard is, aan jou toegeken is, as student vir die senior doktorsgraad aan die Universiteit ingeskryf was, en daar minstens sewe jaar verloop het nadat genoemde graad Magister in die Natuurwetenskappe of 'n ander graad of 'n kwalifikasie wat na die oordeel van die Senaat van 'n toereikende standaard is, aan jou toegeken is; of
- 6.1.4.2 jy minstens een jaar lank nadat die graad Doktor in die Wysbegeerte in die Fakulteit Natuurwetenskappe van die Universiteit, of 'n ander graad of kwalifikasie wat na die oordeel van die Senaat van 'n toereikende standaard is, aan jou toegeken is, as student vir die senior doktorsgraad aan die Universiteit ingeskryf was, en daar minstens vyf jaar verloop het nadat genoemde graad Doktor in die Wysbegeerte, of 'n ander graad of kwalifikasie wat na die oordeel van die Senaat van 'n toereikende standaard is, aan jou toegeken is;
- 6.1.5 die graad Doktor in die Natuurwetenskappe (DSc) (dit is die senior doktorsgraad) in die Fakulteit AgriWetenskappe aan jou toeken indien –
- 6.1.5.1 jy minstens een jaar lank nadat die graad Magister in die Natuurwetenskappe in Landbou van die Universiteit, of 'n ander magistergraad in die Fakulteit AgriWetenskappe, of 'n ander graad of kwalifikasie wat na die oordeel van die Senaat van 'n toereikende standaard is, aan jou toegeken is, as student vir die senior doktorsgraad aan die Universiteit ingeskryf was; en
- 6.1.5.2 daar minstens sewe jaar verloop het nadat die graad Magister in die Natuurwetenskappe in Landbou van die Universiteit, of 'n ander magistergraad in die Fakulteit AgriWetenskappe, of 'n ander graad of kwalifikasie wat na die oordeel van die Senaat van 'n toereikende standaard is, aan jou toegeken is, met dien verstande dat daar slegs vyf jaar hoef te verloop nadat die graad Doktor in die Wysbegeerte in die Fakulteit AgriWetenskappe van die Universiteit, of 'n ander graad of kwalifikasie wat na die oordeel van die Senaat van 'n toereikende standaard is, aan jou toegeken is;
- 6.1.6 die graad Doktor in die Regsgeleerdheid in die Fakulteit Regsgeleerdheid aan jou toeken indien jy minstens twee jaar lank nadat 'n graad Bacculaureus in die Regsgeleerdheid wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het, of 'n ander graad of kwalifikasie wat na die oordeel van die Senaat van 'n toereikende standaard is, aan jou toegeken is, as student vir die doktorsgraad aan die Universiteit ingeskryf was;
- 6.1.7 die graad Doktor in die Teologie (DTh) (dit is die senior doktorsgraad) in die Fakulteit Teologie aan jou toeken indien jy minstens een jaar lank nadat die graad Doktor in die Wysbegeerte in die Fakulteit Teologie van die Universiteit, of 'n ander graad of kwalifikasie wat na die oordeel van die Senaat van 'n toereikende standaard is, aan jou toegeken is, as student vir die senior doktorsgraad aan die Universiteit ingeskryf was, en daar minstens vyf jaar verloop het nadat genoemde graad Doktor in die Wysbegeerte, of 'n ander graad of kwalifikasie wat na die oordeel van die Senaat van 'n toereikende standaard is, aan jou toegeken is;
- 6.1.8 die graad Doktor in die Handelswetenskappe (DCom) (dit is die senior doktorsgraad) in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aan jou toeken indien –
- 6.1.8.1 jy minstens drie jaar lank nadat 'n magistergraad wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het, of 'n ander graad of kwalifikasie wat na die oordeel van die Senaat van 'n toereikende standaard is, aan jou toegeken is, as student vir die senior doktorsgraad aan die Universiteit ingeskryf was, en daar minstens sewe jaar verloop het nadat genoemde magistergraad, of 'n ander graad of 'n kwalifikasie wat na die oordeel van die Senaat van 'n toereikende standaard is, aan jou toegeken is; of
- 6.1.8.2 jy minstens een jaar lank nadat die graad Doktor in die Wysbegeerte in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe van die Universiteit, of 'n ander graad of kwalifikasie wat na die oordeel van die Senaat van 'n toereikende standaard is, aan jou toegeken is, as student vir die senior doktorsgraad aan die Universiteit ingeskryf was, en daar minstens vyf jaar verloop het nadat genoemde graad Doktor in die Wysbegeerte, of 'n ander graad of kwalifikasie wat na die oordeel van die Senaat van 'n toereikende standaard is, aan jou toegeken is;
- 6.1.9 die graad Doktor in die Wysbegeerte in die Fakulteit Ingenieurswese aan jou toeken indien jy as student vir die doktorsgraad aan hierdie Universiteit ingeskryf was:
- 6.1.9.1 vir minstens twee jaar lank nadat die graad Magister in die Ingenieurswese aan jou toegeken is, of nadat jy op 'n ander wyse 'n standaard van bekwaamheid in jou bepaalde studierigting bereik het wat na die oordeel van die Senaat vir dié doel toereikend is; of
- 6.1.9.2 vir minstens drie jaar lank nadat die graad Bacculaureus in die Ingenieurswese aan jou

- toegeken is, of nadat jy op 'n ander wyse 'n standaard van bekwaamheid in jou bepaalde studierigting bereik het wat na die oordeel van die Senaat vir dié doel toereikend is;
- 6.110 die graad Doktor in die Ingenieurswese (DIIng) (dit is die senior doktorsgraad) in die Fakulteit Ingenieurswese aan jou toeken indien jy vir minstens een jaar as 'n student vir die senior doktorsgraad aan die Universiteit ingeskryf was en indien –
- 6.110.1 daar 'n tydperk van minstens twee jaar verloop het nadat die graad Doktor in die Wysbegeerte in die Fakulteit Ingenieurswese aan jou toegeken is, of nadat jy op 'n ander wyse 'n standaard van bekwaamheid in jou bepaalde studierigting bereik het wat na die oordeel van die Senaat vir die doel toereikend is; of
- 6.110.2 daar 'n tydperk van minstens vyf jaar verloop het nadat die graad Magister in die Ingenieurswese aan jou toegeken is, of nadat jy op 'n ander wyse 'n standaard van bekwaamheid in jou bepaalde studierigting bereik het wat na die oordeel van die Senaat vir die doel toereikend is; of
- 6.110.3 daar 'n tydperk van minstens nege jaar verloop het nadat die graad Baccalaureus in die Ingenieurswese aan jou toegeken is, of nadat jy op 'n ander wyse 'n standaard van bekwaamheid in jou bepaalde studierigting bereik het wat na die oordeel van die Senaat vir dié doel toereikend is;
- 6.111 die graad Doktor in die Wysbegeerte in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aan jou toeken indien –
- 6.111.1 daar minstens vier jaar verloop het nadat die grade Baccalaureus in die Geneeskunde en Baccalaureus in die Snykunde van die Universiteit, of 'n ander kwalifikasie wat na die oordeel van die Senaat voldoende is, aan jou toegeken is; of
- 6.111.2 daar minstens twee jaar verloop het nadat die graad Magister in die Natuurwetenskappe van die Universiteit, of 'n ander graad of kwalifikasie wat na die oordeel van die Senaat van 'n toereikende standaard is, aan jou toegeken is; of
- 6.111.3 daar minstens twee jaar verloop het nadat 'n toepaslike Honneurs-BSc-graad direk na die grade Baccalaureus in die Geneeskunde en Baccalaureus in die Snykunde aan jou toegeken is;
- 6.112 die graad Doktor in die Natuurwetenskappe (DSc) (dit is die senior doktorsgraad) in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aan jou toeken indien –
- 6.112.1 jy minstens drie jaar lank, nadat die graad Magister in die Natuurwetenskappe van die Universiteit, of 'n ander graad of kwalifikasie wat na die oordeel van die Senaat van 'n toereikende standaard is, aan jou toegeken is, as student vir die doktorsgraad aan die Universiteit ingeskryf was, en daar minstens tien jaar verloop het nadat genoemde magistergraad of ander graad of kwalifikasie aan jou toegeken is; of
- 6.112.2 jy minstens een jaar lank nadat die graad Doktor in die Wysbegeerte in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe van die Universiteit, of 'n ander graad of kwalifikasie wat na die oordeel van die Senaat van 'n toereikende standaard is, aan jou toegeken is, as student vir die senior doktorsgraad aan die Universiteit ingeskryf was, en daar minstens vyf jaar verloop het nadat genoemde graad Doktor in die Wysbegeerte of ander graad of kwalifikasie aan jou toegeken is.
- 6.113 die graad Doktor in die Krygskunde (DMil) (dit is die senior doktorsgraad) in die Fakulteit Krygskunde aan jou toeken indien jy minstens een jaar lank nadat die graad Doktor in die Wysbegeerte in die Fakulteit Krygskunde van die Universiteit, of 'n ander graad of kwalifikasie wat na die oordeel van die Senaat van 'n toereikende standaard is, aan jou toegeken is, as student vir die senior doktorsgraad aan die Universiteit ingeskryf was, en daar minstens vyf jaar verloop het nadat genoemde graad Doktor in die Wysbegeerte, of 'n ander graad of kwalifikasie wat na die oordeel van die Senaat van 'n toereikende standaard is, aan jou toegeken is.

6.2 Toelating

- a) Jy moet skriftelik aansoek doen om toelating tot die doktorsgraadstudie. Elke aansoek word deur die betrokke fakulteitsraad vir mededeling aan die Senaat oorweeg.
- b) Die Universiteit aanvaar dat voornemende studente wat in diens van 'n organisasie buite die Universiteit staan, vóór toelating tot 'n doktorsgraadprogram toestemming van die betrokke organisasie sal verkry om vir die bepaalde doktorsgraadprogram in te skryf.
- c) Indien jy gebruik maak van bronne buite die beheer van die Universiteit, moet jy voor toelating tot 'n doktorsgraadprogram – in gevalle waar die Universiteit dit vereis – 'n skriftelike verklaring van die betrokke instansie voorlê insake die voorwaardes waarop jy die gewens mag gebruik.
- d) Verdere spesifieke toelatingsbesonderhede in verband met doktorsgrade word in die betrokke fakulteitsjaarboekdele aangegee.
- e) Kyk ook na die gedragskode vir die verhouding tussen promotor en doktorale student by par. 7 verder in hierdie hoofstuk.

6.3 Bywoning (residensie)

Die vereistes insake bywoning (residensie) is voorgeskryf soos in par. 6.1 hierbo aangegee, met dien verstande dat indien jy op 'n ander plek vir jou doktorsgraad navorsing doen, jy:

- 6.3.1 betyds jou voorgenome studie en navorsing met jou promotor moet bespreek sodat jou bevoegdheid en die bestek van jou voorgenome navorsing vasgestel kan word;
- 6.3.2 onderneem om tot tevredenheid van jou promotor van tyd tot tyd jou navorsing met jou promotor te bespreek; en
- 6.3.3 'n deel van jou navorsing op Stellenbosch moet doen indien dit deur jou promotor vereis word.

6.4 Jaarlikse verslagdoening

Die vereistes met betrekking tot jaarlikse verslagdoening van toepassing op magisterstudente, soos uiteengesit by par. 5.3 vorentoe in hierdie hoofstuk, geld *mutatis mutandis* vir doktorsstudente. Kyk ook par. 8.3 verder aan in hierdie hoofstuk vir bepalinge van toepassing op doktorsstudente.

6.5 Promotor/medepromotor(s)

- a) Wanneer die onderwerp van jou proefskrif goedgekeur is, moet 'n promotor vir jou as doktorskandidate benoem word. Indien benodig, kan daar ook ('n) medepromotor(s) vir jou benoem word. Jou proefskrifonderwerp, promotor, en waar benodig medepromotor(s), word deur die betrokke fakulteitsraad goedgekeur en deur middel van die Mededelingsrapport aan die UK(S) en Senaat meegedeel.
- b) Jou promotor hoef nie 'n permanente personeelid van die Universiteit te wees nie. Indien jou promotor dit nie is nie, moet daar 'n medepromotor wees wat 'n permanente personeelid van die Universiteit is. Indien jou promotor 'n personeelid van die Universiteit is, kan 'n ander personeelid van die Universiteit en/of 'n eksterne persoon tot medepromotor(s) benoem word.
- c) Jou promotor, en waar toepaslik medepromotor(s), tree nie as eksaminatore van jou proefskrif op nie en dien nie 'n eksamineringsverslag of -verslae oor jou as kandidaat en jou proefskrif in nie. Jou promotor/medepromotor(s) woon wel met waarnemerstatus die eksamen assesserings by.
- d) Wat betref gesamentlike grade wat in samewerking met buitelandse universiteite aangebied word, is daar sommige buitelandse universiteite wat vereis dat jou promotor lid van die gesamentlike eksamineringspaneel moet wees. In sodanige gevalle kan die US-promotors en US-medepromotors wel deel van die gesamentlike eksamineringspanele wees. Hierdie uitsonderings moet by die sluiting van ooreenkomste met buitelandse universiteite onderhandel word.

6.6 Eksaminatore

- 6.6.1 Daar moet minstens drie eksaminatore wees. Die paneel van eksaminatore bestaan uit drie onverbonde eksaminatore, waarvan minstens twee eksterne eksaminatore moet wees. 'n Persoon is onverbonde indien hulle nie by die totstandkoming van jou spesifieke proefskrif betrokke was nie. 'n Persoon is ekstern indien hulle nie 'n vaste of tydelike aanstelling aan die Universiteit het nie. Fakulteite kan bykomende vereistes ten opsigte van onverbonde eksterne eksaminatore stel, byvoorbeeld dat een eksterne eksaminator 'n buitelandse persoon moet wees. Vir die doeleindes van eksaminering, kwalifiseer buitengewone professore en ereprofessore van die Universiteit nie as eksterne eksaminatore nie, maar kan hulle wel teen vergoeding tot interne eksaminatore benoem word. Daar moet in alle gevalle 'n minimum van twee jaar verloop ná aftrede, of ná vervroegde aftrede, of ná uitdienstrede by die US, voordat 'n persoon as eksterne eksaminator benoem kan word.

Indien jou promotor 'n permanente personeelid van die Universiteit is, moet hulle vroegetydig geskikte eksaminatore nader en versoek om hulle te nomineer om die eksaminering van die proefskrif te behartig en aan jou die kandidaat se mondelingse eksamen deel te neem. Jou promotor moet die name van die beskikbare eksaminatore via die betrokke departementele voorsitter en toepaslike fakulteitskomitee(s) aan die betrokke fakulteitsraad voorlê; andersins moet dit deur jou interne medepromotor gedoen word. Die fakulteitsraad neem die finale besluit met betrekking tot die goedkeuring van die eksaminatore en deel dit, met inbegrip van die naam van jou promotor, asook medepromotor(s) waar toepaslik, deur middel van die Mededelingsrapport aan die UK(S) en Senaat mee. Daar moet ook 'n onverbonde nie-eksaminerende voorsitter ingevolge 'n fakulteitseie prosedure aangewys word. Hierdie voorsitter hoef nie in die Mededelingsrapport gerapporteer te word nie (kyk par. 6.7 vir die rol van die onverbonde nie-eksaminerende voorsitter).

Met betrekking tot gesamentlike graadprogramme, aangebied in samewerking met buitelandse universiteite, word die identifisering van die paneel van eksaminatore gesamentlik deur die promotors gedoen. Weens verskille in tydskedule, mag dit egter gebeur dat goedkeuring van 'n gesamentlike eksamineringspaneel by een van die vennote gebeur voor

die geleentheid vir die goedkeuring by die ander. In sodanige gevalle, kan die US die vennoot se goedkeuring van 'n gesamentlike eksamineringspaneel erken en op die gebruikelike wyse via die US se strukture rapporteer.

Jou promotor, en medepromotor(s) waar toepaslik, is nie besluitnemende lede van die onverbode eksamineringspaneel nie en dien nie assesseringsverslae in nie, maar het wel waarnermerstatus by die mondelinge eksamen. Raadpleeg par. 6.5 met betrekking tot die rol van jou promotor/medepromotor in die geval van die toekenning van gesamentlike grade in samewerking met buitelandse universiteite.

- 6.6.2 Daar sal van eksaminatore verwag word, as deel van hulle formele aanstelling as eksaminatore, om hulle onafhanklikheid te verklaar en om te onderneem om by die tydslyne vir die US-eksamineringsproses te hou.
- 6.6.3 Al die eksaminatore (ekstern sowel as intern) moet 'n skriftelike, ondertekende verslag oor die proefskrif ooreenkomstig die betrokke fakulteitspesifieke riglyne vir eksaminatore van doktorsale proefskrifte inlewer. Hierdie verslae word ingevolge die bepalinge van par. 6.7 hanteer.
- 6.6.4 As doktorskandidaat mag jy onder geen omstandighede oor jou proefskrif met jou onverbode eksaminatore kommunikeer nie.

6.7 Eksamineringsproses

- 6.7.1 Die geskrewe en ondertekende verslae van die eksaminatore word direk deur die toepaslike fakulteits- of departementele kantoor ontvang en nie deur jou promotor self nie.
- 6.7.2 Sodra die fakulteits- of departementele kantoor al die verslae van die eksaminatore ontvang het, word dit na die onverbode nie-eksaminerende voorsitter (kyk par. 6.6.1 vroeër vir die aanwysing van so 'n persoon) van die eksamineringspaneel gestuur.
- 6.7.3 'n Mondelinge eksamen is 'n integrale deel van die eksamineringsproses vir die doktorsgraad in alle fakulteite (met die uitsondering van senior doktorsgrade, waarna verwys word in par. 6.7.4 hieronder). Die eksamineringsproses is afgehandel na afloop van die mondelinge eksamen en voltooiing van die korreksies soos deur die eksamineringspaneel vereis.
- 6.7.4 Vir senior doktorsgrade, wat vereis dat jy, as kandidaat, een of meer senior reeds gepubliseerde wetenskaplike werk(e) van 'n hoë standaard, wat 'n wesentlike en hoogstaande bydrae tot die verryking van die kennis in die betrokke vakgebied gelewer het, indien, word 'n mondelinge eksamen nie vereis nie.
- 6.7.5 Indien die aanbevelings van die eksaminatore oor die slaag van jou proefskrif nie eenparig is nie, mag die nie-eksaminerende voorsitter jou as kandidaat versoek om die veranderinge/verbeteringe wat die eksaminatore aanbeveel het te maak voordat die mondelinge eksamen geskeduleer word. Jou verbeterde proefskrif word dan aan die eksaminatore teruggestuur vir herevaluering, wel met voldoende tyd voor die mondelinge eksamen vir die eksaminatore om die verbeteringe te kan evalueer.
- 6.7.6 Die eksamineringspaneel bestaan uit al die eksaminatore en die onverbode nie-eksaminerende voorsitter. Indien fisiese bywoning nie vir al die eksaminatore moontlik is nie, is virtuele bywoning via telefoon, Skype of soortgelyke virtuele vergaderingsprogrammatuur aanvaarbaar.
- 6.7.7 Waar bywoning in persoon gewens is, mag die eksterne eksaminatore op onkoste van die Universiteit na die Universiteit Stellenbosch gebring word, vanaf binne Suid-Afrika, met die mondelinge eksamen ten doel, maar nie op die Universiteit se onkoste van buite Suid-Afrika nie, tensy 'n departement bereid is om sodanige koste te dra nie.
- 6.7.8 Die onverbode nie-eksaminerende voorsitter is teenwoordig en in besit van al die eksaminatore se verslae en aanbevelings.
- 6.7.9 Jy, die kandidaat, is teenwoordig en het die geleentheid om 'n aanbieding (van tipies 20 tot 40 minute) oor jou navorsing te lewer. Die aanbieding mag publiek wees en algemene vrae kan aan jou aan die einde van jou aanbieding gevra word.
- 6.7.10 Die breë publiek mag verskoon word en slegs die lede van die eksamineringspaneel, jou promotor(s), in 'n waarnemingsbevoegdheid, en jy, as die kandidaat, bly vir die formele eksamineringsproses agter.
- 6.7.11 Die onverbode nie-eksaminerende voorsitter fasiliteer jou eksamen deur die eksaminatore. Jou promotor(s) neem nie aan die vraagsessie deel nie.
- 6.7.12 Aan die einde van die vraagsessie, word jy as kandidaat en jou promotor(s) verskoon, en die onverbode nie-eksaminerende voorsitter poog dan om konsensus oor die uitkoms onder die eksaminatore te bereik.
- 6.7.13 Die minimum kategorieë vir die uitslag van die doktorsale-eksamineringsproses is soos volg:
 - a) Die graad mag aan jou toegeken word, met dien verstande dat die hersiening (indien enige), in ooreenstemming met die aanbevelings van die eksaminatore, tot jou promotor se tevredenheid, afgehandel is.

- b) Die graad mag aan jou toegeken word, met dien verstande dat 'n wesentlike hersiening tot die tevredenheid van die eksaminator(e) afgehandel is, soos deur die eksamineringspaneel ooreengekom.
- c) Die graad mag nie aan jou toegeken word nie en die werk kan nie weer vir eksamen voorgelê word nie.

Fakulteite kan bykomende kategorieë byvoeg, met dien verstande dat dit deur die ABK en Senaat goedgekeur word. Fakulteite kan 'n beperking plaas op die aantal kere wat 'n doktorsale proefskrif geëksamineer mag word.

- 6.7.14 'n Finale verslag wat die bevindings van die eksamineringspaneel saamvat word deur die onverbonde nie-eksaminerende voorsitter aan die Departementshoof en aan die toepaslike fakulteitskomitee, belas met die evaluering van die eksamenuitslae, voorgelê.
- 6.7.15 Fakulteite het hulle eie strukture wat die eksaminatorsverslae deurgaan en besluit of die aksies wat in opvolging daarvan geneem is, voldoende is sodat die graad toegeken kan word. Hierdie strukture kan die akademiese- of navorsingskomitees van fakulteite wees, wat op hulle beurt die Fakulteitsraad oor die suksesvolle afhandeling van die eksamineringsproses adviseer. Dié komitees is egter nie besluitnemingsliggame nie, maar dien om die Fakulteitsraad te adviseer.
- 6.7.16 Die afhandelingsbevoegdheid vir die goedkeuring van 'n doktorsale-eksamineringsuitslag word soos volg hanteer:
 - 6.7.16.1 Indien die toekenning van die doktorsgraad eenparig deur die eksamineringspaneel aanbeveel word, neem die Fakulteitsraad 'n voorlopige besluit. Die Fakulteitsraad se besluit word in die Aanbevelingsrapport aan die UK(S) opgeneem vir finale goedkeuring namens die Senaat, en die UK(S) rapporteer hieroor aan die Senaat.
 - 6.7.16.2 Indien die toekenning van die doktorsgraad nie eenparig deur die eksamineringspaneel aanbeveel word nie, moet die Fakulteitsraad se besluit in die Aanbevelingsrapport aan die UK(S) en Senaat opgeneem word (kyk ook par. 6.8.1 verder aan vir die hantering van dispuut-gevalle).
 - 6.7.16.3 Indien die eksamineringspaneel eenparig aanbeveel dat die doktorsgraad nie aan jou toegeken mag word nie, moet die Fakulteitsraad se besluit in die Aanbevelingsrapport aan die UK(S) en Senaat opgeneem word. Die besluit is finaal en daar word geen dispuutproses gevolg nie. Die nietoekenning van die doktorsgraad word by die Aanbevelingsrapport van die fakulteitsraad aan die UK(S) en die Senaat ingesluit.

6.8 Dispuutgevalle

Fakulteite kan die dispuutprosedure, inaggenome hierdie reëls, verder uitbrei/verfyn, met dien verstande dat dit op dieselfde wyse as jaarboekwysigings goedgekeur moet word en ook in die betrokke fakulteitsjaarboekdeel opgeneem moet word.

Die volgende alternatiewe tot 'n eenparige doktorsgraadtoekenning bestaan:

- 6.8.1 Indien die toekenning van die doktorsgraad na afloop van die eksamineringsproses nie eenparig deur die eksamineringspaneel aanbeveel word nie, moet die betwiste uitkoms na 'n eksterne assessor of 'n paneel van eksterne assessore verwys word.
- 6.8.2 'n Eksterne assessor(e) word op grond van die assessor(e) se beduidende akademiese status en ervaring in die eksaminering van doktorsale proefskrifte en/of in die onderwerpdomein waaroor die proefskrif handel via die departementele voorsitter, 'n navorsings- of akademiese komitee of 'n persoon deur die dekaan aangewys (bv. die visedekaan vir navorsing of die visedekaan se funksionele ekwivalent) genomineer en deur die fakulteitsraad goedgekeur. Die fakulteitsraad neem die finale besluit rakende die aanstelling van 'n eksterne assessor(e) en dra dit deur middel van die Mededelingsrapport aan die UK(S) en die Senaat oor.
- 6.8.3 Fakulteite mag 'n poel van persone met geskikte ervaring aanstel om vir 'n driejaartermyn as assessore vir die betrokke fakulteit op te tree. Indien die dienste van 'n assessor benodig word en die beskikbare assessore is nie geskik om 'n spesifieke betwiste uitkoms te assessee nie (bv. waar die eksterne assessor 'n spesialis moet wees op die navorsingsveld van die eksaminator(e) wat nie 'n slaagaanbeveling gemaak het nie), word die moontlikheid om 'n ander assessor aan te stel wel met die nodige agting vir die prosedure in 6.8.2 toegelaat.
- 6.8.4 Die taak van die eksterne assessor of assessore is nie om as 'n addisionele eksaminator of eksaminatore te dien nie. Die eksterne assessor(e) moet die onverbonde nie-eksaminerende voorsitter se omvattende verslag (insluitende 'n opsomming van die verrigtinge van die mondelingse eksamen), wat die standpunte van die kandidaat insluit, die anonieme verslae van die eksaminatore en die doktorsale proefskrif deurwerk en die kritiek van die eksaminatore feitelik oorweeg.
- 6.8.5 Die eksterne assessor(e) se verslag of verslae, wat aandui op welke wyse die dispuut hanteer moet word, word aan die onverbonde nie-eksaminerende voorsitter beskikbaar gestel.

- 6.8.6 Die eksterne assessor(e) se verslag of verslae word aan die relevante fakulteitskomitee via die dekaanskantoor voorgelê vir oorweging. Die relevante fakulteitskomitee maak 'n aanbeveling aan die fakulteitsraad. Die fakulteitsraad se besluit word in die Aanbevelingsrapport aan die UK(S) en Senaat opgeneem.
- 6.8.7 Nadat die finale besluit oor die toekening van die betrokke doktorsgraad geneem is, lig die onverbonde nie-eksaminerende voorsitter van die eksamineringspaneel die eksaminatore en assessor(e) in oor die Senaatsbesluit.
- 6.8.8 Indien die assessor(e) nie die aanvaarding van die proefskrif aanbeveel nie, word die besluit aan die fakulteitsraad en die Senaat gerapporteer. Hierdie besluit is finaal en daar is geen verdere dispuutbeslegtingsmiddel beskikbaar nie.

6.9 Proefskrifvereistes

Die regulasies in afdeling 6.9 is van toepassing op alle proefskrifte in al die fakulteite aan die Universiteit. Verdere fakulteitspesifieke regulasies – wat nie sonder amptelike goedkeuring van hierdie algemene regulasies mag verskil nie – is vervat in die fakulteite se jaarboekdele.

- 6.9.1 'n Proefskrif word van elke kandidaat vir die doktorsgraad vereis.
- 6.9.2 Jou proefskrif is die verslag van navorsing wat jy onder studieleiding oor een sentrale en samehangende navorsingsvraagstuk gedoen het.
- 6.9.3 Jou proefskrif as geheel word as 'n enkele werk geëksamineer.
- 6.9.4 Slegs werk wat deur jou, die kandidaat, self gedoen is mag in jou proefskrif opgeneem word, met dien verstande dat:
- 6.9.4.1 'n Algemene verklaring voor in die proefskrif ingesluit word wat dit bevestig (kyk par. 6.11.5.4 verder aan vir plasing en bewoording van die verklaring), en
- 6.9.4.2 Indien artikels in jou proefskrif opgeneem word (ongeach of dit reeds gepubliseer is, aanvaar is vir publikasie, of finaal voorberei is met die oog op voorlegging vir publikasie), daar ten opsigte van elke artikel 'n verklaring in die formaat soos gespesifiseer in par. 6.9.15 in jou proefskrif ingesluit word, waarin die bydrae van jou as die kandidaat aangedui word.
- 6.9.5 Jou proefskrif kan in een van die volgende vier formate ingedien word:
- 6.9.5.1 'n Inleiding, gevolg deur 'n aantal hoofstukke, gevolg deur 'n samevatting van die navorsingsresultate wat die wetenskaplike bydrae van die studie aantoon, of
- 6.9.5.2 'n Inleiding, gevolg deur óf:
- (i) 'n aantal gepubliseerde en/of ongepubliseerde artikels, óf
- (ii) 'n kombinasie van hoofstukke en gepubliseerde en/of ongepubliseerde artikels, gevolg deur 'n samevatting van die navorsingsresultate wat die wetenskaplike bydrae van die studie aantoon, met dien verstande dat jy slegs artikels mag gebruik wat ontstaan het nadat jy vir die doktorsstudie geregistreer het (met die uitsondering van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe) of, indien jou magisterstudie omgeskakel word na doktorsstudie, artikels wat ontstaan het nadat jy vir daardie betrokke magisterstudie geregistreer het, of
- 6.9.5.3 'n Inleiding, gevolg deur óf:
- (i) 'n aantal hoofstukke, óf
- (ii) 'n kombinasie van hoofstukke en gepubliseerde en/of ongepubliseerde artikels, waar een of meer van die onderdele van die geïntegreerde en samehangende geheel die vorm kan aanneem van 'n kreatiewe uitset, gevolg deur 'n samevatting van die navorsingsresultate wat die wetenskaplike bydrae van die studie aantoon, met dien verstande dat jy slegs artikels en kreatiewe uitsette mag gebruik wat ontstaan het nadat jy vir die doktorsstudie geregistreer het of, indien jou magisterstudie omgeskakel word na doktorsstudie, artikels wat ontstaan het nadat jy vir daardie betrokke magisterstudie geregistreer het, of
- 6.9.5.4 In die geval van senior doktorsgrade, 'n inleiding, gevolg deur 'n aantal gepubliseerde artikels, gevolg deur 'n samevatting van die navorsingsresultate wat die wetenskaplike bydrae van die studie aantoon.
- 6.9.6 Jy as kandidaat is verantwoordelik om, wanneer gepubliseerde materiaal as deel van die proefskrif gebruik word, seker te maak dat dit op regmatige wyse gebruik word, in ag genome jou eie sowel as enige derde party(e) se outeursreg en kopiereg. Indien jy dus gedurende die verloop van jou doktorsstudie sekere materiaal wil publiseer, is dit noodsaaklik dat jy seker sal maak dat dit nie inbreuk sal maak op jou reg om dit in die proefskrif te gebruik en die voltooië proefskrif via die Universiteit se *SUNScholar* te publiseer nie.
- Die Universiteit is onder geen verpligting om enige regstappe namens jou, of enige derde party(e), in te stel in die geval van oortreding van intellektuele eiendomsreg, of enige ander reg, ten aansien van die ingehandigde of gepubliseerde proefskrif nie.
- 6.9.7 Jy moet deurlopend in voeling met jou promotor bly, en moet minstens al om die ses

- maande aan jou promotor berig hoe ver jy met jou navorsing gevorder het, anders kan die goedkeuring van die onderwerp van jou proefskrif en jou studie vir die doktorsgraad opgeskort word.
- 6.9.8 Jou proefskrif moet oorspronklike navorsing deur jou, die kandidaat, oor een sentrale en samehangende vraagstuk behels. Jy mag dit nie reeds aan 'n ander universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.
- 6.9.9 Na ontvangs van 'n aanbeveling van die departementele voorsitter, is die onderwerp van jou proefskrif onderworpe aan die goedkeuring van die Fakulteitsraad vir mededeling aan die Senaat, met dien verstande dat jy vir een jaar lank sonder 'n goedgekeurde proefskrifonderwerp vir die betrokke doktorale program geregistreer kan wees, op voorwaarde dat jou proefskrifonderwerp binne 'n jaar na eerste registrasie vir die betrokke doktorale program aan die betrokke Fakulteitsraad vir mededeling aan die Senaat voorgelê word. By gebreke van voldoening aan hierdie bepaling sal jy verdere registrasie vir die program ontsê word.
- 6.9.10 Jy mag nie jou proefskrif vir eksaminering inlewer voordat jy skriftelike toestemming daartoe van jou promotor verkry het nie.
- 6.9.11 Geskrewe toestemming tot inlewering beteken nie noodwendig dat jou promotor die idees wat in jou proefskrif uitgedruk word goedkeur nie, maar slegs (ten minste) dat die proefskrif formeel gereed is vir inlewering. Dienooreenkomstig is promotors verplig om geskrewe toestemming vir inlewering te verleen indien daar aan die formele vereistes ten opsigte van 6.9 voldoen is.
- 6.9.12 In die uitsonderlike geval dat jy nie in staat is om die toestemming vir inlewering te verkry nie, kan jy 'n motivering by die departementele voorsitter (of die Visedekaan vir Navorsing, of die visedekaan se funksionele ekwivalent in die betrokke fakulteit indien die departementele voorsitter die afwykende promotor is) indien vir toestemming om jou proefskrif vir eksaminering in te lewer teen die advies en sonder die toestemming van jou promotor.
- 6.9.13 Sodanige motivering word beskou as verskaf, indien:
- 6.9.13.1 jou promotor nagelaat het om hulle redes vir terughouding van die toestemming te kommunikeer en/of te substansieer of
- 6.9.13.2 daar geskrewe bewyse is dat die redes wel aan jou, die kandidaat, gekommunikeer is, met die spesifieke probleem/probleme duidelik gespesifiseer, maar dat daar 'n dispuut tussen jou en die promotor is oor hoe hierdie kwessies bygelê moet word.
- 6.9.14 Indien die departementele voorsitter of die persoon deur die voorsitter aangewys (of die Visedekaan vir navorsing, of die visedekaan se funksionele ekwivalent in die betrokke fakulteit indien die departementele voorsitter die afwykende promotor is) voldoende gronde in jou motivering vind, moet die persoon 'n onafhanklike paneel met ten minste twee lede daarstel om die gereedheid van die proefskrif vir eksaminering te assesseer.
- 6.9.15 Indien die onafhanklike paneel bevind dat jou proefskrif nie gereed is om vir eksaminering ingelewer te word nie, moet jy ingelig word dat jou versoek geweier is.
- 6.9.16 Indien die onafhanklike paneel bevind dat jou proefskrif gereed is om vir eksaminering ingedien te word, moet die departementele voorsitter of die persoon deur hulle aangewys:
- 6.9.16.1 Bevestig dat jou promotor steeds bereid is om in hierdie hoedanigheid op te tree. Indien die promotor weier, moet hulle dit op skrif stel, instem tot die aanstelling van 'n nuwe promotor en bevestig dat hulle enige erkenning vir die proefskrif prysgee indien dit suksesvol is.
- 6.9.16.2 Toesien dat toepaslik gekwalifiseerde eksaminatore aangestel word (indien sodanige eksaminatore nie reeds aangestel is nie).
- 6.9.16.3 Die kopieë vir eksaminering afteken (Indien die medepromotor eksamineringsinlewering sou steun, kan die medepromotor die proefskrif afteken in plaas van die departementele voorsitter of die persoon wat die voorsitter aangewys het.).
- 6.9.16.4 Die onverbonde nie-eksaminerende voorsitter inlig dat jou proefskrif vir eksaminering ingelewer is teen die advies van jou promotor.
- 6.9.17 Jy as kandidaat moet 'n verklaring onderteken dat jy die proefskrif sonder die instemming van jou promotor inlewer en dat jy die risiko in geval van mislukking verstaan en aanvaar. Hierdie verklaring moet deel uitmaak van die eksamineringsdokumentasie.
- 6.9.18 Indien die promotor nie verander het nie, mag die eksaminatore nie voor of gedurende die eksaminering ingelig word dat jou proefskrif teen die advies van jou promotor vir eksaminering ingelewer is nie. Indien jou promotor verander het (soos in 6.9.16.1) nadat die eksaminatore aangestel is, moet die eksaminatore ingelig word en hulle beskikbaarheid vir die eksaminering onder die nuwe promotor bevestig word. Indien hulle nie bereid is om voort te gaan nie, moet nuwe eksaminatore genomineer word.
- 6.9.19 Na die afhandeling van die eksamineringsproses (6.7 en 6.8) word die afhandelingsbevoegdheid vir die goedkeuring van 'n doktorale-eksamineringsuitslag gevolg (6.8.9).
- 6.9.20 Ongeag van die toestemming vir inlewering deur jou promotor(s), kan die departementele

voorsitter, 'n navorsings- of akademiese komitee of 'n persoon aangewys deur die dekaan (soos die Visedekaan: Navorsing of hulle funksionele ekwivalent) in die departement of fakulteit besluit om nie jou proefskrif vir eksaminering aan te stuur nie as gevolg van die volgende redes:

- 6.9.20.1 Daar bevind is dat enige vorm van oneerlikheid insluitende plagiaat tydens die studie plaasgevind het;
- 6.9.20.2 Etiese kwessies;
- 6.9.20.3 Nienakoming van 'n fakulteitsregulasie (bv. gepaste redigering van die proefskrif); en
- 6.9.20.4 Enigiets wat die potensiaal het om die goeie reputasie van die Universiteit skade te berokken.
- 6.9.21 Indien jou promotor geskrewe toestemming vir inlewering sou verleen sonder om die idees wat in die proefskrif uitgedruk word goed te keur, sal dit nie aan die eksaminatore gekommunikeer word voordat die eksaminatore hulle onafhanklike verslae ingelewer het nie.
- 6.9.22 As kandidaat kan jy jou proefskrif enige tyd gedurende die akademiese jaar vir eksaminering voorlê, onderworpe aan die toestemming van jou promotor (let op die laaste inlewering-datums met die oog op graduering by spesifieke gradeplegtighede by par. 6.9.23 hieronder).
- 6.9.23 Jou proefskrif word deur die goedgekeurde eksaminatore geëksamineer en vir dié doel moet 'n elektroniese eksemplaar van die proefskrif in finale vorm met die oog op eksaminering by jou fakulteit ingelewer word (tensy die onderwerp bepaal dat die proefskrif as 'n losweg gebonde hardekopie-eksemplaar voorsien moet word, in welke geval jy een kopie vir elk van die betrokke eksaminatore moet voorsien) wanneer jy aanmeld vir assessering, met dien verstande dat, behoudens spesifieke fakulteitsbepalings (die betrokke fakulteitsekretaris moet in dié verband geraadpleeg word), jy bogenoemde eksemplare voor 1 September, indien jy in Desember wil gradueer, of voor 1 November, indien jy in Maart wil gradueer, moet inlewer. Kyk ook par. 6.9.25 ten opsigte van inlewering vir eksaminering.
- 6.9.24 Beide die styl en formaat van die eerste bladsy van bogenoemde eksemplare vir eksaminering moet voldoen aan die vereistes in par. 6.10 hieronder uiteengesit. Indien jou doktrale-eksamineringuitslag goedgekeur is, moet jy daarna sorg dat die teks van jou proefskrif aan al die vereistes in par. 6.10 hieronder uiteengesit voldoen. Eers dan kan jou promotor die teks as finaal sertifiseer. 'n Teks wat aan die vereistes voldoen, staan bekend as die "meesterkopie vir inlewering".
- 6.9.25 Indien jou proefskrif illustrasies (kaarte, tekeninge, ens.) bevat, kan jou promotor / medepromotor(s) en eksaminatore vereis dat een eksemplaar met oorspronklike illustrasies vir assessering ingelewer word.
- 6.9.26 Verklaring ten opsigte van onderdele van die proefskrif waarby daar, benewens jou as die kandidaat, ook ander outeurs betrokke was (kyk ook par. 6.9.4.2 vir verduideliking van hierdie verklaring):

Let wel: Ten einde die handtekeninge van individue uit die openbare domein te hou, moet – indien 'n verklaring soos hierdie by jou proefskrif ingesluit moet word – dit sonder handtekeninge in die proefskrif ingesluit word en moet die volgende stukkie teks in die plek van die handtekeninge geplaas word: "Verklaring met handtekening in besit van kandidaat en promotor." Jy en jou promotor moet dan toesien dat die verklaring met handtekeninge vir moontlike toekomstige navrae bewaar word.

Verklaring deur die kandidaat:

Ten opsigte van [spesifiseer hoofstuk of gedeelte van 'n hoofstuk en bladsynommers in die proefskrif] was die aard en omvang van my bydrae soos volg:

Aard van bydrae	Omvang van bydrae (%)

Die volgende mede-outeurs het tot [spesifiseer hoofstuk of gedeelte van 'n hoofstuk en bladsynommers in die proefskrif] bygedra:

Naam	e-posadres	Aard van bydrae	Omvang van bydrae (%)
[naam 1]			
[naam 2]			
[naam 3]			

Handtekening van kandidaat:.....

Datum:

Verklaring deur mede-outeurs:

Die ondergetekendes bevestig hiermee dat:

1. die verklaring hierbo die aard en omvang van die kandidaat en die mede-outeurs se bydrae tot [spesifiseer hoofstuk of gedeelte van 'n hoofstuk en bladsynommers in die proefskrif] akkuraat weergee,
2. daar geen ander outeurs was wat tot [spesifiseer hoofstuk en bladsynommers in die proefskrif] bygedra het, benewens diegene hierbo gespesifiseer nie, en
3. potensiele konflikte van belange bekendgemaak is aan alle belanghebbers en dat die nodige reëlins getref is om die materiaal in [spesifiseer hoofstuk of gedeelte van 'n hoofstuk en bladsynommers in die proefskrif] in hierdie proefskrif te gebruik.

Handtekening	Institusionele affiliasie	Datum
[handtekening 1]		
[handtekening 2]		
[handtekening 3]		

6.10 Bepalings vir die formaat, finale inlewering, druk en bind van doktrale proefskrifte

AFRICAN SUN MeDIA

Fasiliteite vir die druk en bind van doktrale proefskrifte is op die kampus beskikbaar. Volledige inligting hieroor is by AFRICAN SUN MeDIA in die Admin A-gebou (ABA 1081) op die Stellenbosch-kampus verkrygbaar, of by www.africansunmedia.co.za.

6.10.1 Produk wat ingelewer moet word

- a) Dit is 'n vereiste dat elke proefskrif na assessering en voor graduering elektronies ingelewer moet word d.m.v. SUNScholar (<http://scholar.sun.ac.za>), die digitale navorsingsbewaarplek van die US. Die instruksies vir inlewering van die finale produk d.m.v. SUNScholar, nadat die eksamineringsproses voltooi is, is beskikbaar op die webblad van die Universiteit Stellenbosch Biblioteek by <http://library.sun.ac.za>.
- b) Indien jou doktrale-eksamineringsuitslag goedgekeur is, moet jy daarna finaal sorg dat die teks van jou proefskrif voldoen aan al die toepaslike vereistes soos vervat in hierdie gedeelte (6.10). Eers dan kan jou promotor/medepromotor die teks as finaal sertifiseer. 'n Teks wat aan die vereistes voldoen en as sodanig gesertifiseer is, staan bekend as "die meesterkopie vir inlewering".

6.10.2 Wysigings verpligtend in meesterkopie

Voordat jou promotor/medepromotor jou proefskrif finaal vir elektroniese inlewering d.m.v. SUNScholar kan goedkeur, moet jy al die wysigings wat jou promotor/medepromotor(s) en eksaminatore nodig ag, tot jou promotor/medepromotor se tevredenheid in die meesterkopie aanbring of laat aanbring.

6.10.3 Opsommings verpligtend

Alle proefskrifte 'n opsomming van maksimum 500 woorde in die taal van die proefskrif bevat. Jy mag bykomende opsommings van maksimum 500 woorde elk in ander tale insluit – in die geval van gesamentlike grade met internasionale vennootinstellings in die taal (of tale) voorgeskryf deur 'n ooreenkoms. Die opsomming(s) moet soos uiteengesit in par. 6.10.5.6 geplaas word. Indien 'n proefskrif nie opsommings in al die Universiteit se amptelike tale (Afrikaans, Engels en isiXhosa) bevat nie, sal die Taalsentrum vertaalde opsomming (of opsommings) in die ander amptelike tale aan SUNScholar voorsien om voor of na graduering saam met die bestaande opsomming (of opsommings) opgelaa te word.

6.10.4 Vereistes vir tikwerk

Jou proefskrif moet soos volg getik word:

- 6.10.4.1 in die Cambria- of Calibri-lettertipe, in letters van minstens 10 lettergrootte (font size) en hoogstens 12 lettergrootte,
- 6.10.4.2 met óf dubbellynwydte óf een-en-'n-halfspasiëring óf enkelspasiëring,
- 6.10.4.3 met 'n blanko ruimte minstens 2 cm breed om die hele getikte gedeelte.

6.10.5 Verpligte inligting op eerste vier bladsye van proefskrif

Die eerste bladsy moet volgens par. 6.10.5.1 tot 6.10.5.3 saamgestel word en die tweede bladsy volgens par. 6.10.5.4 tot 6.10.5.5.

Let wel: Vir jou finale proefskrif (na die eksamineringsproses), moet jy die amptelike US-proefskrif-titelbladsy-templaet wat die Universiteit se primêre logo/handelsmerk en handelsmerk ontwerp bevat en by <https://library.sun.ac.za/af-za/Help/Pages/online-thesis-submission.aspx> beskikbaar is, gebruik.

Die Universiteit se korporatiewe logo verskyn op die titelbladsy van die finale proefskrif om die instelling se

toekenning van die graad te bevestig en mag nie op enige ander bladsy van die proefskrif geplaas word nie. Die Universiteit se eienaarskap van intellektuele eiendom word deur die verklaring en kopieregkennisgewing op die tweede bladsy van die proefskrif bevestig (sien par. 6.10.5.4 en 6.10.5.5).

6.10.5.1 In die boonste derde van die eerste bladsy

die titel van your proefskrif en, direk daaronder, jou, die skrywer, se volle voorname en van;

6.10.5.2 Onder die skrywer se naam en van

op die eerste bladsy die formule soos hieronder aangedui:

Afrikaanse formule:

"Proefskrif ingelewer vir die graad Doktor in (bv. die Wysbegeerte) in die Fakulteit (naam van Fakulteit) aan die Universiteit Stellenbosch." (*Let wel:* Indien die proefskrif deel van 'n gesamentlike- of dubbelegraadooreenkoms met 'n ander universiteit vorm, moet die volgende sin bygevoeg word: "Hierdie proefskrif is ook ingedien by die (voeg die naam van die ander universiteit hier in) in terme van 'n gesamentlike-/dubbelegraadooreenkoms.")

Engelse formule:

"Dissertation presented for the degree of Doctor of (e.g. Philosophy) in the Faculty of (naam van Fakulteit) at Stellenbosch University." (*Let wel:* Indien die proefskrif deel van 'n gesamentlike- of dubbelegraadooreenkoms met 'n ander universiteit vorm, moet die volgende sin bygevoeg word: "This dissertation has also been presented at (voeg die naam van die ander universiteit hier in) in terms of a joint-/ double-degree agreement.");

Indien jy 'n beurs vir jou studie van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) gekry het, vereis die NNS dat die onderstaande inskrywing op die titelblad, net onder die bostaande formule, aangebring word:

"Die finansiële ondersteuning van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings wat uitgespreek word en gevolgtrekkings wat gemaak word is dié van die outeur en kan nie noodwendig aan die NNS toegeskryf word nie."

Die Engelse inskrywing moet soos volg lui:

"The financial assistance of the National Research Foundation (NRF) towards this research is hereby acknowledged. Opinions expressed and conclusions arrived at are those of the author and are not necessarily to be attributed to the NRF."

6.10.5.3 Onderaan die eerste bladsy

die naam/name van jou promotor/medepromotor(s) en die jaar en maand waarin die graad ontvang sal word, bv. óf Desember óf Maart.

6.10.5.4 Verklaring op die tweede bladsy

As die kandidaat moet jy die onderstaande verklaring op die boonste helfte van die tweede bladsy van jou proefskrif aanbring (*Let wel:* Jy moet nie jou handtekening onder die verklaring aanbring nie, aangesien 'n handtekening in openbare domein tot misbruik kan lei):

Afrikaanse formule:

"VERKLARING

Deur hierdie proefskrif elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit Stellenbosch nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie. (*Let wel:* Indien die proefskrif deel van 'n gesamentlike- of dubbelegraadooreenkoms met 'n ander universiteit vorm, moet die volgende sin bygevoeg word: "Hierdie proefskrif is ook ingedien by die (voeg die naam van die ander universiteit hier in) in terme van 'n gesamentlike-/dubbelegraadooreenkoms.")

Datum:"

Let wel: Indien jou proefskrif in die formaat van par. 6.9.5.2 tot 6.9.5.4 ingehandig word, moet die volgende algemene verklaring as 'n tweede paragraaf bykomend tot bostaande verklaring bygevoeg word:

"Hierdie proefskrif sluit [spesifiseer die getal] oorspronklike artikels gepubliseer in eweknie-beoordeelde vakwetenskaplike tydskrifte en/of boeke en [spesifiseer die getal] ongepubliseerde werke in. Die ontwikkeling en skryf van die artikels/hoofstukke (gepubliseer en ongepubliseer) was hoofsaaklik my eie werk en vir elkeen van die artikels/hoofstukke waar dit nie die geval is nie, is 'n verklaring in die proefskrif ingesluit wat die aard en omvang van mede-outeurs se bydrae aandui."

Engelse formule:

"DECLARATION

By submitting this dissertation electronically, I declare that the entirety of the work contained therein is my own, original work, that I am the sole author thereof (save to the extent explicitly otherwise stated), that reproduction and publication thereof by Stellenbosch University will not infringe any third party rights and that I have not previously in its entirety or in part submitted it for obtaining any qualification. (*Let wel:* Indien die proefskrif deel van 'n gesamentlike- of dubbelegraadooreenkoms met 'n ander universiteit vorm, moet die volgende sin bygevoeg word: "This dissertation has also been presented at (voeg die naam van die ander universiteit hier in) in terms of a joint-/double-degree agreement.")

Date:

Let wel: Indien jou proefskrif in die formaat van par. 6.9.5.2 tot 6.9.5.4 ingehandig word, moet die volgende algemene verklaring as 'n tweede paragraaf bykomend tot bostaande verklaring bygevoeg word:

"This dissertation includes [*spesifiseer die getal*] original papers published in peer-reviewed journals and/or books and [*spesifiseer die getal*] unpublished publications. The development and writing of the papers (published and unpublished) were the principal responsibility of myself and for each of the cases where this is not the case, a declaration is included in the dissertation indicating the nature and extent of the contributions of co-authors."

6.10.5.5 Kopiereg op tweede bladsy

Jy moet die onderstaande nota (met aanpassing van die jaar van elektroniese inlewering) op die onderste helfte van die tweede bladsy aanbring:

In Afrikaanse proefskrifte:

Kopiereg © 2025 Universiteit Stellenbosch

Alle regte voorbehou

In Engelse proefskrifte:

Copyright © 2025 Stellenbosch University

All rights reserved

6.10.5.6 Opsomming(s) op bladsye drie en vier

Die opsomming(s) van hoogstens 500 woorde elk moet op bladsye drie en vier geplaas word.

6.10.6 Kandidaat en promotor/medepromotor se verantwoordelikheid t.o.v. die bepaling van par. 6.10.5

Dit is jou as die kandidaat se verantwoordelikheid om te sorg dat die eerste vier bladsye van jou proefskrif aan die bepaling van par. 6.10.5 voldoen en dit is die verantwoordelikheid van jou promotor/medepromotor om dit te kontroleer, vóór finale goedkeuring vir elektroniese inlewering verleen word. (Kyk par. 6.10.8 vir elektroniese inlewering.)

6.10.7 Rugkant van gebonde kopie van proefskrif

Op die rugkant van jou gebonde proefskrif (vir jou persoonlike besit en/of waar jou promotor/medepromotor/eksaminatore gebonde kopieë vereis) moet jou, die skrywer, se voorletters en van en die proefskrif se titel gedruk word. Indien die titel te lank is, kan daar op die rugkant óf 'n verkorte titel (maksimum 55 letters, spasies ingesluit) óf die maand waarin die graad ontvang word, d.w.s. óf Desember óf Maart, en die jaartal gedruk word. Indien AFRICAN SUN MeDIA as verskaffer van die gebonde kopieë gebruik gaan word, moet hierdie inligting volledig tydens die elektroniese inlewering van die meesterkopie van die proefskrif verskaf word.

6.10.8 Inlewering in elektroniese formaat

Die meesterkopie van die proefskrif vir SUNScholar (<http://scholar.sun.ac.za>) moet in PDF-formaat by wyse van 'n elektroniese proses ingelewer word. Tydens hierdie inleweringproses sal jou promotor die opsie gebied word om die proefskrif vir 'n tydperk van hoogstens ses maande van beskikbaarstelling op die oop webblad te weerhou, ten einde geleentheid te bied vir publikasie. Volledige inligting aangaande die PDF-formaat vir inlewering, sowel as die proses wat gevolg moet word, word aangedui op die webblad by <http://library.sun.ac.za>.

6.10.9 Kopieë vir promotor/medepromotor(s) en eksaminatore

Jy moet een eksemplaar van die meesterkopie van jou proefskrif aan elkeen van die promotor/medepromotor(s) en interne eksaminator oorhandig, indien hulle 'n eksemplaar vereis. In plaas van 'n gebonde eksemplaar, kan hulle vra dat 'n elektroniese eksemplaar aan hulle voorsien word.

Jy moet ook een gebonde eksemplaar van die meesterkopie van jou proefskrif vir elkeen van die eksterne eksaminatore by die betrokke departement inlewer, indien hulle 'n gebonde eksemplaar vereis. Die versending van 'n gebonde eksemplaar van die proefskrif aan elk van die eksterne eksaminatore, indien hulle 'n gebonde eksemplaar vereis, sal deur die betrokke departement op universiteitskoste behartig word. In plaas

van 'n gebonde eksemplaar, kan hulle vra dat 'n elektroniese eksemplaar aan hulle voorsien word.

Jy is self verantwoordelik vir die produksie, koste en oorhandiging van 'n gebonde eksemplaar aan die individue/departement waarna hierbo verwys word, indien die individue 'n gebonde kopie vereis.

6.10.10 Tekste elders gedruk en gebind

Vir doeleindes van gehalteversekering, verkies die Universiteit dat die fasiliteite van AFRICAN SUN MeDIA gebruik word vir die druk en bind van kopieë van proefskrifte vir jouself en waar gebonde kopieë deur die promotor/medepromotor(s)/eksaminatore vereis word. Indien jy as doktrale kandidaat nie van AFRICAN SUN MeDIA se druk- en bindfasiliteite vir die druk van hierdie kopieë gebruik wil maak nie, is dit jou verantwoordelikheid om te verseker dat gehalte en korrektheid gehandhaaf word.

6.10.11 Datums vir inlewering

Die laaste datums vir die elektroniese inlewering van die meesterkopieë van proefskrifte met die oog op die Desember- en Maart-gradeplegtighede word jaarliks in die Universiteit se almanak voorgeskryf.

6.11 Gelde betaalbaar

As die kandidaat is jy aanspreeklik vir die koste verbonde aan die druk en bind van die gebonde kopieë van die proefskrif vir jouself en jou promotor/medepromotor(s)/eksaminatore, waar laasgenoemde persone ('n) gebonde kopie(ë) vereis.

6.12 Publikasie van proefskrifte

- 6.12.1 As ingeskrewe doktrale kandidaat is jy onderhewig aan die Universiteit se reëls vir die publikasie van proefskrifte of gedeeltes daarvan.
- 6.12.2 Die geldende beleid betreffende die eienaarskap van intellektuele eiendom (bv. outeurs-regte) wat tydens die normale gang en bestek van studie aan die Universiteit geskep word, is ook op jou as doktrale student van toepassing.
- 6.12.3 As doktrale kandidaat word jy aangemoedig om navorsingsresultate vóór of ná inlewering van jou proefskrif te publiseer en/of andersins bekend te maak. Verlof vir publikasie moet van jou promotor verkry word. Departementele voorsitters moet outeurs en medeouteurs vra om tydskrifartikels sover doenlik onder die adres van die Universiteit te publiseer.
- 6.12.4 Die Universiteit behou die reg voor om jou proefskrif (of deel daarvan) wat ter verwerwing van die betrokke graad voltooi mag word, sonder vergoeding aan jou as die kandidaat te publiseer indien dit nie andersins binne drie jaar na verwerwing van die graad gepubliseer is nie. In die geval van 'n geklassifiseerde proefskrif word die begin van die driejaarperiode bereken vanaf die datum van deklassifisering.
- 6.12.5 Wanneer die proefskrif gepubliseer word, soos deur die Universiteit goedgekeur, moet dit op die titelblad die volgende formule bevat:
 "Proefskrif goedgekeur vir die graad Doktor in ... (bv. die Wysbegeerte) in die Fakulteit (naam van Fakulteit) aan die Universiteit Stellenbosch. Promotor: ..."

of

"Dissertation approved for the degree of Doctor of ... (e.g. Philosophy) in the Faculty of (naam van Fakulteit) at Stellenbosch University. Supervisor: ..." en

Indien jy 'n beurs vir jou studie van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) gekry het, vereis die NNS dat die onderstaande inskrywing op die titelblad, net onder die bostaande formule, aangebring word:

"Die finansiële ondersteuning van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings wat uitgespreek word en gevolgtrekkings wat gemaak word is dié van die outeur en kan nie noodwendig aan die NNS toegeskryf word nie."

Die Engelse inskrywing moet soos volg lui:

"The financial assistance of the National Research Foundation (NRF) towards this research is hereby acknowledged. Opinions expressed and conclusions arrived at are those of the author and are not necessarily to be attributed to the NRF."

Verder moet die jaar en datum van inlewering op die titelblad aangedui word. Ingeval die proefskrif soos dit gepubliseer word, na die oordeel van die promotor wesenlik verander is, moet voornoemde formule op die titelblad deur 'n geskikte vermelding in die voorwoord vervang word.

6.13 Proefskrifte en tesse onder embargo

6.13.1 Algemeen

Alhoewel dit die Universiteit se algemene standpunt is dat navorsingsresultate wat vir die toekenning van 'n graad voorgelê word in belang van die bevordering van die wetenskap bekend gemaak moet word, is die Universiteit egter van oordeel dat daar wel uitsonderlike gevalle voorkom waar navorsingsresultate nie sonder meer bekend gemaak kan word nie. In sodanige gevalle kan proefskrifte en tesse vir 'n tydperk onder embargo geplaas word. Die Universiteit egter neem hierdie standpunt in met die verstandhouding dat

sodanige gevalle, asook die tydperk van embargo, tot 'n minimum beperk moet word.

Dit moet ook duidelik wees dat die Universiteit die intellektuele eiendom (IE) voortspruitend uit jou proefskrif of tesis besit en dat die navorsingsresultate dus beskikbaar moet wees tensy 'n embargo noodsaaklik is. Behoorlike erkenning moet egter gegee word vir die nodigheid om die regte tot vertroulikheid van kontraknavorsingsresultate te respekteer, wat deur middel van 'n embargo hanteer kan word.

In samehang met hierdie standpunt word van voorsitters van departemente en studieleiers/promotors verwag dat hulle by aanvang van die studie (soos uiteengesit in die kontrak met eksterne partye) en/of tydens die aansoekstadium vir die embargo:

- 6.13.1.1 indringend sal probeer vasstel of daar enige sprake van klassifisering/geheimhouding in jou tesis of proefskrif sal wees, veral in die geval van 'n magistergraad wat nie normaalweg die weg van fakulteits- of spesiale komitees – soos in die geval van doktorsgrade – volg nie;
- 6.13.1.2 sal besin in watter mate jou proefskrif/tesis op so 'n wyse gehanteer kan word dat dit sonder identifisering van bronne van inligting geakkommodeer kan word, en klassifisering/geheimhouding dus nie nodig is nie.

6.13.2 Prosedure om proefskrifte/tesisse onder embargo te plaas

Dit moet beklemtoon word dat alle beperking van toegang tot proefskrifte en tesisse deur middel van 'n embargo deur jou promotor(s) aanbeveel moet word, deur die departementele voorsitter ondersteun moet word en formeel deur die betrokke fakulteitsraad (vir magistriskandidate) en die Senaat (vir PhD-kandidate) goedgekeur word, en dat daar formeel deur die aanlynindieningsproses as sodanig daarvan kennis geneem moet word. Dit is verpligtend dat jy, as die student, van die embargo ingelig word.

- 6.13.2.1 In verband met proefskrifte/tesisse met handelsvertroulikheid onder embargo:
 - a) Waar jou proefskrif of tesis op inligting betrekking het wat goedgunstiglik deur 'n instelling beskikbaar gestel word, maar as vertroulik behandel word, word die normale prosedure t.o.v. die eksaminering en goedkeuring daarvan gevolg.
 - b) Wat die beskikbaarstelling vir algemene toegang en verspreiding van sodanige proefskrif of tesis betref, word dit wel op die standaardwyse elektronies d.m.v. SUNScholar ingelewer en die getal gebonde eksemplare wat dalk vereis mag word gemaak, maar nie onmiddellik vir algemene toegang beskikbaar gestel of versprei nie.
 - c) Tensy die embargo op jou proefskrif of tesis vroeër deur die betrokke instelling opgehef word, word toegang tot genoemde elektroniese produk en gebonde eksemplare in SUNScholar vir 'n maksimum tydperk van een jaar beperk, wat tot 'n maksimum tydperk van drie jaar verleng kan word, waarna dit outomaties 'n maand na die verstrykingsdatum van die embargotydperk vir algemene toegang beskikbaar gestel word.
- 6.13.2.2 In die geval van proefskrifte/tesisse onder embargo wat 'n sekuriteitsbelang het, is die volgende van toepassing:
 - a) Die dekaan van die betrokke fakulteit maak, op versoek van jou studieleier/medestudieleier/promotor/medepromotor via die departementele voorsitter, voor die betrokke fakulteitsraadsvergadering waar jou toelating tot die studie as doktrale kandidaat oorweeg word, of tydens jou toelating as 'n magisterkandidaat tot die betrokke program, 'n voorlegging aan die Uitvoerende Komitee (Senaat) ten opsigte van die graad, aard en tydperk van die vereiste beperkte toegang tot jou proefskrif/tesis, op grond waarvan die Uitvoerende Komitee (Senaat) kan besluit of jou proefskrif/tesis volgens die onderstaande riglyne gehanteer sal word:
 - (1) Sensitiewe aspekte rakende die onderwerp van jou proefskrif/tesis word nie in fakulteits- of senaatstukke vermeld of op enige ander wyse bekend gemaak nie;
 - (2) Waar jou navorsingswerk op die perseel van hierdie Universiteit onderneem word, word die volgende prosedure by eksaminering en berging van kopieë gevolg:
 - o Duplisering en bindwerk vir eksamineringsdoeleindes geskied onder streng toesig;
 - o Die elektroniese meesterkopie vir SUNScholar word op die standaardwyse ingelewer en toegang word beperk, m.a.w. dit word nie vir algemene toegang beskikbaar gestel nie;
 - o Deur onderlinge reëlings met die belanghebbende buite-instansie word bepaal of die gebonde eksemplare wat dalk vereis mag word reeds by geleentheid van die verwerwing van die graad gemaak sal word, al dan nie;
 - o Indien daar ooreengekom word dat bogenoemde vermenigvuldiging wel mag geskied, word die moontlike gebonde eksemplare saam met die elektroniese meesterkopie in SUNScholar bewaar tot tyd en wyl die embargo opgehef is en normale beskikbaarstelling en verspreiding kan geskied, met dien verstande dat slegs persone met die toepaslike magtiging toegang tot en beheer oor die betrokke produk in SUNScholar sal hê;
 - b) In gevalle waar navorsing nie plaaslik gedoen word nie, moet die betrokke Dekaan besonderhede i.v.m. duplisering, plek van eksaminering, en opberging van eksemplare en van meesterkopie(ë) aan die Uitvoerende Komitee (Senaat) voorlê.

- 6.13.2.3 Die voorwaardes vir die hantering van elke dergelike geval wat deur die Uitvoerende Komitee (Senaat) goedgekeur is, moet vir rekorddoeleindes, sonder om aan die Senaat daarvoor te rapporteer, deur die Registrateur vir veilige bewaring op skrif gestel word.
- 6.13.2.4 Die voorlegging van proefskrifonderwerpe, die name van promotor/medepromotor(s) en eksaminatore, asook eksamineringsuitslae, vind volgens die normale prosedure plaas.

7. Gedragskode: Studieleier/promotor en student

Die volgende stel riglyne word as 'n gedragskode voorgestel om te verseker dat die verhouding tussen jou as navorsingsgebaseerde nagraadse student en jou studieleier/promotor van so 'n aard is dat dit bevorderlik is vir suksesvolle nagraadse studie aan die US.

1. As kandidaat onderneem jy (met die nodige insette van jou studieleier/promotor) om op hoogte te wees van die infrastruktuur en die gepaardgaande reëls van die betrokke departement.
2. Die US onderneem om jou nie as 'n kandidaat vir 'n spesifieke projek te keur tensy vooraf skriftelik deur die fakulteit bevestig is dat die betrokke projek aangepak kan word nie. Die verantwoordelikheid t.o.v. die nodige fondse en toepaslike infrastruktuur sal spesifiek aangedui word.
3. Jy moet jou met die hulp van jou studieleier/promotor vergewis van die riglyne vir die opskryf van navorsing, soos algemeen aanvaar word binne die betrokke dissipline.
4. Jy bevestig dat jy oor die nodige rekenaarvaardighede beskik – of dit sal verwerf – om die projek bevredigend te kan voltooi.
5. Die nodige voorstudiewerk, soos deur die US vereis, sal binne 'n ooreengekome tyd afgehandel word.
6. 'n Werkprogram moet binne 'n redelike tyd (normaalweg nie langer as 60 dae nie) na die aanvang van die projek, in oorleg met jou studieleier/promotor vir jou opgestel word en sal teikendatums vir, byvoorbeeld, die inlewering van 'n navorsingsvoorstel, die voltooiing van 'n literatuuroorsig, die afhandeling van bepaalde hoofstukke en die inlewering van vorderingsverslae bevat. Tye van afwesigheid (studieverlof, universiteitsvakansies, ens.) sal ook aangespreek word.
7. Daar sal tydens die akademiese jaar gereeld op vasgestelde tye afsprake tussen jou en jou studieleier/promotor wees.
8. Terugvoer oor die vordering van jou studie sal op 'n jaarlikse basis skriftelik deur jou studieleier/promotor aan die departementele voorsitter/nagraadse koördineerder/dekaan gegee word.
9. Alle ingelewerde werk sal binne redelike tyd, maar nie langer as 60 dae vir 'n volle tesis/proefskrif nie, deur jou studieleier/promotor met kommentaar aan jou terugbesorg word.
10. Wanneer die projek naby voltooiing is, sal jy as die kandidaat, die nodige voorleggings maak in ooreenstemming met die vereistes vir graduering binne die betrokke dissipline. (Jy moet spesifiek verwys word na die US se almanak, wat by <http://www.sun.ac.za/afrikaans/Pages/Dates.aspx> beskikbaar is, ten einde te verseker dat jou tesis/proefskrif betyds afgerond en geëksamineer kan word met die oog op die onderskeie gradeplegtighede in Desember en Maart van elke jaar.)
11. As kandidaat onderneem jy om, soos ooreengekom met jou studieleier/promotor, gepaste uitsette (bv. publikasies, patente, referate) te lewer. Jy moet jou vergewis van die gebruike wat in die betrokke dissipline geld t.o.v. outeurskap.
12. Waar van toepassing, moet jy en jou studieleier/promotor julle vergewis van die voorskrifte wat geld t.o.v. intellektuele eiendom in die betrokke omgewing.

Verantwoordelikhede van jou studieleier/promotor

1. Om bekend te wees met prosedures en regulasies.
2. Om 'n stimulerende navorsingsomgewing te vestig.
3. Om 'n verhouding met jou as student te vestig.
4. Om advies te gee oor projekteuse en beplanning.
5. Om intellektuele eiendom en publikasie te bespreek.
6. Om te verseker dat fasiliteite, soos toepaslik, beskikbaar is.
7. Om navorsingsopleiding te verskaf.
8. Om met jou as student te konsulteer, vordering deurlopend te monitor en gestruktureerd terugvoer te verskaf.
9. Om bewus te wees van jou as student se situasie en behoeftes.
10. Om te reël vir studieleiding in periodes van afwesigheid.

Verantwoordelikhede van jou as die student

1. Om bekend te wees met die US-regulasies t.o.v. nagraadse studie en daarby te hou.
2. Om navorsing met toewyding te onderneem.
3. Om inisiatief en onafhanklikheid te ontwikkel.
4. Om volledige rekords van navorsingsresultate te hou.
5. Om 'n verhouding met jou studieleier/promotor te vestig.
6. Om terugvoer by wyse van verslae en seminare te verkry en toe te pas.
7. Om 'n literatuuoroorsig te doen en op hoogte te bly van nuwe literatuur.
8. Om voordeel te trek uit die navorsingsomgewing.
9. Om jou studieleier/promotor in te lig oor nie-akademiese probleme.
10. Om jou tesis/proefskrif voor te berei en te skryf.
11. Om publikasies, patente en verslae voor te berei en te skryf.

8. Voortgesette registrasie vir nagraadse programme

- 8.1 As honneurs-, magister- of doktorale student, of as nagraadse diploma- of sertifikaatstudent, moet jy, met inagneming van par. 9 hieronder, elke jaar, vir die volle tydperk van jou studie totdat die betrokke graad/diploma/sertifikaat aan jou toegeken word, as student registreer. Indien jy, voordat die betrokke graad/diploma/sertifikaat aan jou toegeken word, in gebreke bly om in enige jaar voor die voorgeskrewe datum as student vir daardie jaar te registreer, sal jou registrasie vir die betrokke program en, in as jy 'n M- of D-student is, ook die onderwerp van jou tesis/proefskrif, verval. Indien jy weer tot die betrokke sertifikaat-/diploma-/graad-program toegelaat wil word, sal jy skriftelik aansoek moet doen om toelating, en sal jy van nuuts af vir die betrokke program moet registreer en alle vereiste gelde vir die betrokke program van meet af weer moet betaal. Alternatiewelik, slegs in die geval van magister- en doktorale programme, indien die jare van nieregistrasie dit nie vir jou finansiële nadelig maak nie (vergeleke met van nuuts af registreer vir die program) en indien toestemming wel verleen word om weer te mag registreer, moet studiegelde vir die jaar(e) waarvoor nie geregistreer was nie opbetaal word en dan gaan registrasie vir die program normaal voort. In sodanige geval word jy egter nie terugwerkend geregistreer vir die jaar(e) van nieregistrasie waarvoor programgeld opbetaal is nie. Die jaar(e) van nieregistrasie waarvoor programgeld opbetaal is, word egter by herregistrasie bygetel asof jy geregistreer was.
- 8.2 Jou jaarlikse registrasie as magisterstudent kan hoogstens twee keer administratief afgehandel word, waarna verdere registrasie slegs sal geskied indien jou studieleier in oorleg met die betrokke departementele voorsitter toestemming verleen dat jy jou studie mag voortsit.
- 8.3 Die Universiteit se verwagting is dat 'n doktorsgraad binne drie jaar voltooi moet word. Fakulteitsrade besluit wat die maksimum aantal jare is op grond waarvan jy as doktorale kandidaat administratief toegelaat mag word vir voortgesette registrasie. Dié aantal jare word via die Programadvieskomitee (PAK) en Akademiese Beplanningskomitee (ABK) aan die Senaat aanbeveel en in die fakulteitsjaarboeke opgeneem.
 - 8.3.1 Die Fakulteitsraad kan voorwaardes stel, wat in die fakulteitsjaarboekdeel opgeneem moet word, waarvolgens jy as doktorale kandidaat:
 - 8.3.1.1 aansoek mag doen vir voortgesette registrasie nadat die maksimum aantal jare van voortgesette registrasie oorskry is;
 - 8.3.1.2 nie toegelaat sal word om jou studie te mag voortsit nie, al is die maksimum aantal jare van voortgesette registrasie nog nie oorskry nie. Indien die maksimum aantal jare van voortgesette registrasie nog nie oorskry is nie, kan die Fakulteitsraad aan die UK(S) en Senaat aanbeveel waarom jou studie as doktorale kandidaat wel getermineer moet word.
 - 8.3.2 Indien die maksimum aantal jare van voortgesette registrasie oorskry is, moet die:
 - 8.3.2.1 Fakulteitsraad jaarliks die name van die kandidate wat wel toegelaat word om hulle registrasie voort te sit in die Mededelingsrapport aan die UK(S) en Senaat rapporteer. Dié mededeling moet, nadat die grasietydperk verstryk het, by die eerste rondte van vergaderings van die daaropvolgende akademiese jaar dien.
 - 8.3.2.2 registrasie vir doktorale studie getermineer word indien die Fakulteit nie voortgesette registrasie goedkeur nie.
 - 8.3.4 Die voorwaardes, soos goedgekeur deur die Senaat op aanbeveling van die Fakulteitsraad, PAK en ABK, kan van tyd tot tyd hersien word indien dit nodig geag word.
- 8.4 'n Nagraadse graad/diploma/sertifikaat sal nie by die Desember-gradeplegtighede, of die Maart-gradeplegtighede van die daaropvolgende jaar, aan jou toegeken word indien jy nie vir die betrokke jaar vóór Junie geregistreer was nie. Jy sou wel 'n wel verklaring kon kry dat jy aan al die vereistes ter verwerwing van die kwalifikasie voldoen het en dat dit in Desember van die daaropvolgende jaar toegeken sal word, op voorwaarde dat jy vir die jaar waarin die

kwalifikasie toegeken sal word betyds geregistreer en al die studiegelde betaal het.

9. Totaal toegelate tyd: Diploma en honneurs

Indien jy as nagraadse diplomastudent of honneursstudent langer as die totaal toegelate tyd (soos hieronder uiteengesit) neem om die studie af te handel, kan jou studie deur die betrokke departement met goedkeuring van die betrokke fakulteitsraad getermineer word.

Program	Maksimum toelaatbare jare van registrasie
Nagraadse Diplomas	
Voltyds (d.w.s. 1 jaar)	2
Deeltyds of Telematies (oor 2 jaar)	
(Onderworpe aan die reëls van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe waar toepaslik)	4
Honneursstudente	
Voltyds (d.w.s. 1 jaar)	2
Deeltyds of Telematies (d.w.s. 2 jaar)	4